Toe die diertjies uit die doos *geborrel* het, het Pandora so geskrik dat sy die deksel weer toe laat val het. Een goede fee, wie se naam Hoop was, het ongelukkig in die doos agtergebley. Later het Hoop vir Pandora *beweeg* om haar los te laat. Hoop het toe deur die wêrelд gevlieg so *vinnig* as sy kon en het *probeer* om al die ewels, wat die *Moeilikhede* in die wêrelд gebruik het, weg te neem.

Spring.
in abundance.
delicious.
everywhere.
troubles.

had to.
gifts ; accept.

beautiful.
charming.
warning.
disregarded.
discovered.
more pleasant.
arrival.
a little ;
another.
heavy box.
never.
corner.
believe.
beautiful.
sorry.
inquisitive.

mysterious.
just ; lid.
wings ; stung.
pinched.

strife.
disagreement.
continually.
frost.
every.
flowers.
bubbled.
induced.
fast ; tried.

relief.

Waar daar siekte was, het sy *verligting* gebring ; waar mense getwis het, het sy hulle weer probeer vriende laat word. Op een of ander manier was sy altyd suksesvol in haar moeilike *taak*, naamlik om aan die arme mensies weer geluk te bring.

task.

So het Moeilikhede in die wêreld gekom—en saam met die Moeilikhede, Hoop.

LES NEGE.**DIE HULPWERKWOORD.****THE AUXILIARY VERB.**

As in English, the compound tenses of verbs are formed with the assistance of auxiliaries. The use of these auxiliaries is illustrated in the following pages. Particular attention should be paid to the auxiliary **word**, which in Afrikaans is used to form the passive voice.

HÉ may be used as an independent verb in the sense of to possess, or to have ; or as an auxiliary verb in the form **het** to denote past action. Its conjugation as an independent verb is appended.

Ek het. I have, I am having.

Ek het maar drie sjielings in my sak.
I have only three shillings in my pocket.

Ek het gehad. I had, I had had, or I have had.

Verlede jaar het ek pampoentjies gehad.
Last year I had the mumps.
Nadat ek pampoentjies gehad het, het ek masels gekry.
After I had had the mumps, I got the measles.
Het jy al masels gehad ?
Have you already had the measles ?

Ek sal hē. I shall have.

Aanstaande maand sal ons 'n nuwe kar hē.
We shall have a new car next month.

Ek sou hē. I should (would) have.

As ek dit kon bekostig, sou ek 'n nuwe kar hē.
If I could afford it, I should have a new car.

Ek sou gehad het. I should (would) have had.

As hy sy geld gespaar het, sou hy 'n groot som in die bank gehad het.
If he had saved his money, he would have had a large sum in the bank.

WEES (to be).

Ek is. I am.
My vader is 'n dokter ; wat is jou vader ?

Ek was. I was.

Gedurende die jongste oorlog was ek 'n soldaat.
I was a soldier during the last war.

Ek het gewees, or Ek is gewees (or Ek was). I have been,
or I was.

Ons was nog nie na die teater sedert ons verlede jaar
met jou daar gewees het nie.

We have not yet been to the theatre since we were
there with you last year.

Gedurende sy loopbaan was hy advokaat, soldaat en
boer.

During his career he was lawyer, soldier and farmer.

Ek sal wees. I shall be.

Ek sal Sondag tuis wees.
I shall be at home on Sunday.

Ek sal gewees het. I shall have been.

Ons sal Dinsdag drie maande in ons nuwe huis gewees
het.

We shall have been three months in our new house on
Tuesday.

Ek was gewees. I had been.

Hy was voor my daar gewees.
He had been there before me.

Ek sou wees. I should (would) be.

Dit sou verspot wees om 'n huis sonder fondament te
bou.

It would be silly to build a house without foundations.

Ek sou gewees het. I should (would) have been.

Hy sou nege-uur by die skool gewees het, as sy trein nie
laat gewees het nie.

He would have been at school at nine o'clock, if his
train had not been late.

Note.—

Verbs signifying changes of condition or place often use
is as the auxiliary in the past tense instead of het.

Hy is een van die vernaamste staatsmanne in die land
geword.

He has become one of the most important statesmen
in the country.

WORD may be used as an independent verb meaning
to become. It is also used as an auxiliary to form
the passive voice of verbs.

As an independent verb, it is conjugated as follows :—

Ek word. I become.

Jy word aansienliker namate jy ouer word.

You become more handsome as you grow older.

Jan word predikant.

John is becoming a minister.

Ek het (or is) geword. I have become, I became, I did become.

Toe hy die ouderdom van veertig jaar bereik het, het hy biskop geword.

When he reached the age of forty years, he became a bishop.

Hy het nie generaal geword voordat die oorlog byna oor was nie.

He did not become a general before the war was nearly over.

Ek sal word. I shall become.

Hy sal verstandiger word as hy groter word.

He will become more sensible when he grows up.

Ek sal geword het. I shall have become.

As hy sy pa se rykdom beërf sal hy te oud geword het om dit te geniet.

When he inherits his father's wealth, he will have become too old to enjoy it.

Ek sou geword het. I should have become.

Hy sou ongetwyfeld beroemd geword het, as hy nie so jonk gesterf het nie.

He would undoubtedly have become famous if he had not died so young.

As mentioned above, the auxiliary **word** is used to form the passive voice of verbs, and the following conjugation of *koop* (to buy) will illustrate the use and formation of the active and passive forms of the verb.

Active.

Hy **koop** dikwels perde op die mark.

Ek **het** 'n perd vir twintig pond **gekoop**.

Ek **sal** hierdie perd vir twintig pond **koop**.

Teen Saterdag **sal** ek 'n perd **gekoop** **het**.

Ek **sou** 'n perd **koop**, as ek die geld kon kry.

Passive.

Perde **word** dikwels deur hom op die mark **gekoop**.

'n Perd **is** deur my vir twintig pond **gekoop** (geword).

Hierdie perd **sal** deur my vir twintig pond **gekoop word**.

Teen Saterdag **sal** 'n perd deur my **gekoop geword het**.

'n Perd **sou** deur my **gekoop word** as ek die geld kon kry.

Ek **sou** hierdie perd **gekoop** Hierdie perd **sou** deur my **het**, as ek die verkoper **gekoop geword het** as ek die kon gevind het. Nadat ek die perd vir twintig pond **gekoop het**, Nadat die perd vir twintig pond deur my **gekoop was** (had been bought), **is** dit deur my vir twee-en-twintig pond **verkoop**. Nadat die perd vir twintig pond deur my vir twee-en-twintig pond **verkoop** (was sold).

Oefening 9a.

Vertaal in Engels :—

drowned.

cheap.

trained.
course ; by

born.

exported.
local supply.

exactly.
past ; occupied.

1. Teen die end van die jaar sal ons omtrent tweehonderd hoenders hê. Ons sou meer gehad het, as ons nie so baie verloor het nie.

2. Op my volgende verjaarsdag sal ek twintig jaar oud wees. My broer sou twee-en-twintig gewees het, as hy nog geleef het.

3. Die meisie sou *verdrink* het, as my broer nie ingeswem het om haar te help nie.

4. Die land is in Oktober geploeg, en die mielies is vroeg in November gesaai.

5. Eiers word op die mark vir twee sjielings 'n dosyn verkoop. Aanstaande week sal hulle nie so *goedkoop* wees nie.

6. Hierdie meisies word *opgelei* om tiksters te word. Hulle sal hulle *kursus teen* die end van die jaar voltooi hê.

7. Verlede nag is ses van die hoenders gesteel. Die dief is nog nie gevang nie.

8. Sy huis is vir tweeduiseend pond verkoop. Dit is deur my vader gekoop wat van plan is om self daarin te woon.

9. Hierdie seun sê dat hy in 1910 *gebore* is. Hy sal op sy volgende verjaarsdag dus agtien jaar oud wees.

10. Suid-Afrikaanse vrugte word elke jaar in groot hoeveelhede *uitgevoer*. Appels word egter van Kanada ingevoer nadat ons *plaaslike voorraad* verbruik is.

11. Toe jy in 1910 gebore is, was ek gebore, want ek is in 1904 gebore.

Oefening 9b.

Vertaal in Engels :—

1. Hierdie huis is taamlik oud. Dis onmoontlik om presies te sê wanneer dit gebou was, maar dit is vir die *afgeloep* vyftien jaar deur my vader *bewoon*.

2. Die seun is deur sy vader gestraf omdat hy vir hom 'n leuen vertel het.

3. Die vrugte sal gepluk word sodra dit ryp genoeg is om na die mark gestuur te word.

4. Die dief sou nooit gevang geword het, as die hond nie *geblaf* het nie.

barked.

5. Die bome sal Donderdagmôre gepak en aangestuur word. As u hulle teen Saterdagmôre nog nie ontvang het nie, *geliewe* ons dadelik te telegrafeer.

please.

6. Hierdie brief sal nie *betyds* geskryf word om die poste haal nie. Dit sal egter *aangeneem* word as *strafport* betaal word.

in time.

7. Die winkels in Kaapstad word Saterdagagtermiddag *gesluit*.

accepted.

8. Sy been was op twee plekke gebreek, en hy is met die ambulans na die hospitaal *vervoer*.

surcharge.

9. *Voortreflike* sjokolade word nou in Suid-Afrika gemaak. Sjokolade word natuurlik nog van Kanada en Engeland ingevoer, en kry die *voorkeur* bo die plaaslike artikel.

closed.

10. My horlosie het weer *gaan staan*. Dit is maar nou kort gelede reggemaak.

conveyed.

excellent.

preference.

stopped.

Oefening 9c.

Gee die drie hooftye (main tenses) van die volgende (b.v. ek loop, ek sal loop, ek het geloop) :—

Ek vang, ek ontvang, ek is, ek het, ek word, ek begin, ek verskyn, ek straf, ek voer uit, ek pas op.

Oefening 9d.

Gee die meervoud van die volgende (b.v. man, manne) :—

Les, nes, leeu, eeu, spreeu, reus, druif, stad, laken, skip, boom, bom, dag, nag, straat, been, paal, ram, raam, ploeg.

Oefening 9e.

Maak sinnetjies waarin u die volgende woorde gebruik :—

Toe, almal, goedkoop, presies, derhalwe, gelukkig, gelede, verlede, plaaslike, verkoop.

LEESOEFENING.

HOE EK MY VAKANSIE DEURGEBRING HET.

Het jy ooit 'n vakansie *deurgebring* deur te kamp? 'n Mens kan op dié manier 'n baie *aangename* tydjie deurgebring, en dit kos nie *veel* nie. Laat ek jou vertel hoe ons die jongste *Paasvakansie* deurgebring het, dan sal jy 'n *denkbeeld* kry van die aangename tyd wat ons deurgebring het.

spent.

pleasant.

much.

Easter.

ideas.

Daar was *altesame* neë van ons—vader, moeder, my broer en ek, meneer en mevrou De Villiers, met hul seun en dogter en 'n *niggie* van hul wat by hul gekuier het.

altogether.

niece.

neighbours.	Vader het sy motorkar—'n groot ses-silinder „Buick”—geneem, en meneer De Villiers het ook sy kar geneem. Dis 'n bietjie kleiner as dié van ons. Die De Villierse is ons <i>bure</i> ; daarom ken ons hul baie goed. Jan de Villiers is agtien jaar oud, en sy suster Sannie is twee jaar jonger as hy. Hul niggie Gertruida, wat van die Vrystaat by hul <i>kuier</i> , is sewentien. Sy is 'n <i>sjarmante</i> meisie, met <i>helder</i> blou oë en pragtige bruin hare. Ons hou almal baie van haar.
visit ; charming	My broer Piet was die jongste van die <i>klomp</i> . Hy is vyftien jaar oud, en is nog op skool. Hy is egter 'n groot, <i>sterk</i> kôrel, en was regtig nuttig vir ons, daar hy aan die Voortrekkers <i>behoort</i> , en baie van kamp weet.
clear, pure.	
party.	Ons het twee tente gehuur wat ons <i>agterop</i> meneer De Villiers se kar gepak het. Agterop ons kar het ons 'n piekniekmandjie gehad, wat die messe, vurke, lepels, koppies, glase en borde <i>bevat</i> , en al wat 'n mens gewoonlik vir 'n piekniek <i>nodig het</i> . Moeder en mevrou De Villiers het baie <i>kos</i> in petrolkissies gepak, en ons het die karre <i>vroeg</i> Vrydagmôre gelaai. Toe ons alles wat ons nodig had in die karre gepak het, was daar nie plek oor nie, en ons moes sit soos sardientjies in 'n <i>blik</i> .
strong.	
belongs.	Ons het <i>kort</i> na die môre-ete met ons reis begin, en was tienuur op pad. Gelukkig was dit 'n mooi dag : die son het <i>heerlik</i> geskyn, en die lug was pragtig blou. Ons moes omtrent honderd myl ry voor ons by ons kamptrek gekom het. Dit was op 'n plaas naby die see. Die boer wat op die plaas woon, is 'n vriend van my vader, en hy het <i>belowe</i> om vir ons 'n lekker plekkie te kry waar ons ons tente kon <i>opslaan</i> .
at the back of.	
basket.	Om eenuur het ons honger gevoel, en daar ons nog omtrent dertig myl verder moes gaan, het ons <i>besluit</i> om eers iets op pad te eet. Ons het 'n lekker plekkie onder die bome <i>uitgekies</i> , en terwyl die dames die <i>toebroodjies</i> en die kos <i>toeberei</i> het, het ons jongetjies hout <i>versamel</i> en 'n vuur gemaak.
contain.	
needs.	Na ons vir omtrent een uur gerus het, het ons weer die reis <i>hervat</i> , en om vieruur het ons op die plaas <i>aangekom</i> . Die boer en sy vrou het <i>al</i> vir ons gewag om die plek <i>aan te wys</i> , waar ons die tente kon opslaan.
food.	
early.	Dit het nie lank geduur nie of ons het die karre <i>afgelaai</i> , en ons <i>jongspan</i> het gou-gou die tente opgeslaan, terwyl die ander die ete <i>klaargemaak</i> het. Ons was bly toe alles reg was, en ons na 'n <i>vermoeiende</i> reis lekker kon rus.
tin.	
shortly.	Na die ete het ons besluit om te gaan baai, en ons het toe na die see gegaan, waar ons vir omtrent 'n uur in die water <i>gebly</i> het. Die see was heeltemal kalm, en die
brightly.	
promised.	
put up.	
decided.	
chosen ; while.	
sandwiches ;	
[prepared.	
gathered.	
resumed.	
arrived; already.	
to show.	
before; unloaded	
youngsters.	
got ready.	
tiring.	

water was warm. Ons kon toe 'n bietjie swem, hoewel ons *versigtig* was om nie te diep in te gaan nie, want hul sê daar is haaie in die baai.

Toe ons weer by die kamp kom, was alles *klaar* vir die aandete, wat ons oor die kampvuur moes kook.

Die boer het vir ons brood gebring, wat sy vrou daardie dag gebak het. Dit was baie vriendelik van hom, maar ons het hom gevra om te betaal vir alles wat ons gebruik het daar ons nog melk en ander *goed* van die plaas *wou hê* vir die tyd wat ons daar bly. Ons het *gevolglik* saam met hom na die woonhuis gegaan, en 'n groot *beker* melk en omtrent twee pond botter gaan haal.

Ons het die ham en eiers gebak terwyl die meisies die brood gesny en die tee gemaak het. Ons het natuurlik 'n paar *prettige voorvalletjies* gehad. *By voorbeeld* (b.v.) Gertruida het sout in plaas van (i.p.v.) suiker in haar tee *gegooi*; toe het Jan weer op 'n bord botter en brood gaan sit.

Na die ete het ons begin grammofoon speel. Die meisies het 'n paar *plate* gespeel, terwyl die mans hul pype en sigare gerook het. Dit was 'n heerlike aand, en die maan en sterre het *helder* bo ons geskyn. Ons het die eerste dag *ten volle geniet*, maar omdat die meisies baie moeg was, het hul besluit om vroeg bed toe te gaan. Hul het gevolglik die *komberse*, kussings, en ander *beddegoed*, wat ons op die karre had, na die tente toe geneem. Ons het nog vir 'n uur om die kampvuur gesit en *gesels*, toe ons ook besluit het om te gaan slaap. Ons het die grond baie hard gevind, maar *ten spyte daarvan*, het ons dié nag goed geslaap.

Die volgende môre om sewe-uur het ons *almal* opgestaan en see toe gegaan. Dit was regtig aangenaam om so vroeg in die môre te baai. Toe het ons die môre-ete *genuttig*. Vir die grootste *gedeelte* van die dag het ons op die *rotse* gesit en vis *gevang*. Ons was baie gelukkig, en het baie vis gevang. Ons het die vis vir die aandete gebak. Ons het natuurlik gedurende die dag ook gebaai, en in die agtermiddag het ons 'n ver ent gaan *wandel*.

Ek kan jou nie sê wat ons die volgende twee dae gemaak het nie, maar ons het die kort vakansie baie geniet, en was baie *spyt* toe ons Maandag weer terug moes gaan. Ons was baie verbrand van die son, en die *uitstappie* het ons *ongetwyfeld* baie goed gedoen.

Vader en Moeder sê dat dit baie aangenaam is om te kamp, maar as hul weer see toe gaan, sal hul liewer na 'n hotel gaan. Die jongspan kan in tente slaap as hul wil, maar Vader en Moeder hou nie van die bedde op die harde, koue grond nie.

careful

ready.

things.
wanted to have.
accordingly.
jug.

jolly little
[happenings
for example.

put in.

records.

brightly.
thoroughly;
[enjoyed.
blankets;
[bedding

chatted.

in spite of that.

all.

enjoyed (had).
part; rocks.
caught.

walk.

sorry.
trip, outing.
undoubtedly.

TOETS TWEE.**1. Gebruik die volgende in kort sinne :—**

Watter, verjaarsdag, nêrens, vriendelik, aanstaande, vuurhoutjie, tienuur, rykste, taamlik, eerlik. (10)

**2. Skryf die volgende sinne oor in die lydende vorm.
(Re-write the following sentences in the Passive Voice) :—**

- (1) Hy skryf 'n brief aan sy ouers.
- (2) Hy het 'n brief aan sy ouers geskryf.
- (3) Hy sal 'n brief aan sy ouers skryf.
- (4) Môre sal hy 'n brief aan sy ouers geskryf het.
- (5) Hy sou 'n brief aan sy ouers skryf, as hy 'n posseël kon kry.
- (6) Hy sou 'n brief aan sy ouers geskryf het, as hy 'n posseël kon gekry het.
- (7) Nadat hy die brief aan sy ouers geskryf het, het ek vir hom 'n posseël gegee.
- (8) Ek het gister my boek in die skoolbank gevind.
- (9) Ek sou die boek nie gevind het nie, maar my vriend het dit gesien.
- (10) Môre sal ons vir jou 'n kissie heerlike druwe stuur.

(12)

3. Vertaal die volgende :—

- (1) Daar is 'n trein om half-agt, en as jy dit nie haal nie is daar nie weer een voor vieruur nie.
- (2) Daardie tuin word altyd mooi skoon gehou. In ons tuin kan ons nie blomme kweek nie, want die kinders pluk al die blomme af, omdat die tuin te na aan die pad is.
- (3) As u op 'n lang reis gaan, moet u u sitplekke betyds bespreek om nie teleurgesteld te wees nie.
- (4) Kan jy vir my 'n vuurhoutjie gee asseblief ? Ek het myne huis gelaat. Sekerlik, neem hierdie dosie, want ek het nog een in my sak.
- (5) Die man wat jou grond gekoop het, het sy eie omtrent 'n maand gelede verkoop. Ons kan nie vir ons grond 'n koper kry nie.
- (6) Die slagter het vanoggend nie die vleis gebring nie. Ek moes toe die meid oorstuur om die vleis te gaan haal.
- (7) Ek is 'n brief aan skrywe aan my suster wat in Bloemfontein woon. Ek het haar twee jaar laas gesien. Ek verlang baie om haar weer te sien.

(8) Ek kan jou nooit genoeg vir jou vriendelikheid bedank nie. Miskien sal ek jou een dag 'n guns kan bewys.

(9) Gister het dit in Kaapstad gereën, maar 'n paar myl daarvandaan was dit heeltemal mooi weer.

(10) Wanneer ons mekaar in die stad ontmoet, drink ons gewoonlik tee by die Waldorf-kafee. Dis baie aangenaam om na die musiek te luister, en 'n mens sien daar ook baie vreemde mense wat vir die dag Kaap toe kom.

(20)

4. Vul in voornaamwoorde wat pas :—

(a) Jan sê dat — vrou gister — been gebreek het.

(b) Ek sê dis — boek, Jan sê dis —, Annie sê dis —. Wie — boek is dit ?

(c) — huis is vir jou die mooiste, Jan — of — (mine) ?

(d) — vabond, jy het oom Koos — appels gesteel.

(e) Hulle doen — werk altyd goed.

(f) 'n Mens moet — werk goed doen as — suksesvol wil wees.

(g) Jy dink dis —, maar ek sê vir — dis Piet —.

(10)

5. Maak die volgende sinne negatief (b.v. Ek sal kom— Ek sal nie kom nie) :—

(1) Jan leer.

(2) Jan leer sy les.

(3) Jan sal sy les leer.

(4) Jan het sy les goed geleer.

(5) Jy kan gaan omdat jy soet is.

(8)

6. Voltooi die volgende sinne :—

(a) Toe ek hom sien,.....

(b) As ek hom sien,.....

(c) Ek sal my bes doen, mits.....

(d) Ek sal my bes doen, want.....

(e) Ek sal my bes doen, omdat.....

(10)

7. Skryf 'n opstel (essay) van omrent 20 reëls (about 20 lines) oor een van die volgende onderwerpe :—

(1) Die stad.

(2) In die kombuis.

(3) Blomme.

(30)

LES TIEN.DIE HULPWERKWOORD (vervolg).
THE AUXILIARY VERB (continued).

It will have been observed that the auxiliaries **het**, **is** and **word**, dealt with in the last chapter, are always used with the past participle. We shall now briefly deal with the other auxiliaries, **sal**, **wil**, **kan**, **moet**, **mag**, **durf** and **laat**, and it will be noticed that these auxiliaries always take the infinitive.

sal shall, or will ; used to express futurity.
sou should, or would ; the past tense of **sal**.

Note that **should** in the sense of "ought to," is translated by **behoort**.

Jy **behoort** te sê wat jy bedoel.
You *should* say what you mean.
Jy **behoort** sy toestemming te gevra het.
You *should* have asked his consent.

sal and **sou** should be carefully distinguished from :
wil to desire, want to, wish.
wou the past tense of **wil**.

Wil is not used to express future time.

Ek **wil** kom means I *want to come*.
Ek **sal** kom, " I *shall come*.

In the future tense, therefore, **sal** is used to express both *shall* and *will*.

Note : To express determination **sál** is used (*i.e.* **sal** with the accent).

kan (past tense **kon**) to be able, can (past *could*).
Ek **kan** nie hierdie som maak nie.
I *cannot* do this sum.
Ek **kon** nie sy naam onthou nie.
I *could not* remember his name.
Ek **sal** nie mōre kam kom nie.
I *shall not be able* to come to-morrow.
Ek **sou** geld **kan** spaar, as ek jou salaris ontvang het.
I *should be able* to save money if I received your salary.
Ek **sou** jou hierdie maand **kon** betaal, as ek nie siek was nie.
I *should have been able* to pay you this month, if I had not been ill.

moet	must, have to (past tense moes —had to). Ek moet vroeg in die môre opstaan. I <i>must</i> get up early in the morning. Ek moes vanoggend vroeg opstaan, omdat ek my moeder op die stasie moes ontmoet. I <i>had to</i> get up early this morning, as <i>I had to</i> meet my mother at the station. Ek sal vandag na die bank moet gaan, want ek het geen geld nie. I <i>shall have to</i> go to the bank to-day, as I have no money. Ek sou dit self moet doen, as hy nie hier was nie. I <i>should have to</i> do it myself, if he were not here. Ek sou dit self moes doen, as jy nie gekom het nie. I <i>should have had to</i> do it myself, if you had not come.
	Note the use of the negative imperative moenie — <i>don't</i> , or <i>You must not</i> . Moenie na die reisies gaan nie, want jy sal jou geld verloor. <i>Don't</i> go to the races, because you will lose your money. Moenie probeer om onmoontlikhede te verrig nie. <i>Don't</i> try to do impossibilities.
mag	may—past tense mog (might) is rarely used. Jy mag een appel neem maar nie meer nie. You <i>may</i> take one apple, but no more. My vader het gesê dat ek dit mog kry, or My vader <i>had</i> gesê <i>I might</i> have it.
durf	dare (past tense— het gedurf). Ek durf nie enige verdere voorregte verg nie. I <i>dare</i> not ask for any further privileges. Ek het dit nie gedurf om hom 'n leuen te vertel nie. I <i>did not dare</i> to tell him a lie.
laat	let, allow. Laat hom staan! Let him alone! Sal jy ons ons rekening laat oortrek tot die bedrag van vyftig pond? Will you <i>allow</i> us to overdraw our account to the amount (extent) of fifty pounds?

Note on Compound Verbs.

By this time the student will have observed that Afrikaans makes extensive use of compound verbs, i.e. verbs consisting of more than one part.

Some of these are separable (the two parts can be separated), others are inseparable. It is not always easy to say whether a compound verb is separable or inseparable. The following very general rule will be a great help to the beginner.

If the two parts forming the compound can stand alone, the verb is separable ; if not, it is inseparable. Thus the verb **oppas** (take care) is separable, because there is a word **op** and a word **pas** ; but **betaal** (pay) would be inseparable, because there is no word **be**. All verbs beginning with the prefixes **be-**, **ge-**, **er-**, **her-**, **ont-**, **ver-** (not the word **ver** = far) would according to the above rule thus be inseparable.

A few sentences illustrating the use of compound verbs are given below.

Separable Verbs.

Present : Ek **pas** die kinders **op**.

Future : Ek **sal** die kinders **oppas**.

Past : Ek **het** die kinders **opgepas**.

Infinitive : Hy vra my **om** die kinders **op te pas**.

Inseparable Verbs.

Present : Ek **betaal** my rekening.

Future : Ek **sal** my rekening **betaal**.

Past : Ek **het** my rekening **betaal**.

Infinitive : Hy vra my **om** my rekening **te betaal**.

Note that Inseparable Verbs never change.

Oefening 10a.

Vertaal in Engels :—

excuse.
in time.

postpone ; well
very much.
copy.
matches.

1. Ek hoop dat jy die brief sal kan lees. Jy moet tog die skrif *verskoon*, want ek moes gou gemaak het om die pos *betyds* te haal.

2. Moenie vir my vader sê dat jy my hier gesien het nie. As jy dit vir hom vertel, sal ek vir 'n week nie kan sit nie.

3. Hierdie na-week sal ek my besoek na die Paarl moet *uitstel*, want ek voel nie *fris* genoeg om alleen te reis nie.

4. Ek sou *graag* jou nuwe boek wil sien as dit gepubliseer is. Sal jy vir my 'n *eksemplaar* stuur ?

5. Jan, jy moenie met *vuurhoutjies* speel nie, anders sal jy jou vingers brand.

6. Gister moes ek na die *tandarts* gaan. *Aanstaande week* moet ek weer gaan. dentist ; next.

7. As jy Afrikaans wil leer, moet jy *minstens* 'n half-uur elke dag studeer. at least.

8. Ek durf nie vir my broer vertel wat jy van hom gesê het nie. Hy sal jou nooit vergewe nie.

9. Hy sou sy *skulde ten volle* betaal het as sy krediteure gewillig was om te wag. debts ; in full.

10. Ek kon my huis nie verkoop nie ; daarom moes ek dit verhuur.

Oefening 10b.

Vertaal in Engels :—

1. Ek wou u in *verband* met my kursus *geraadpleeg* het, maar, omdat u nie tuis was toe ek u besoek het nie, is ek gevra om weer te kom. connection ; consulted.

2. Jy behoort nie meer te onderneem as wat jy kan doen nie. (Afrikaans idiom : Moenie te veel hooi op jou vurk neem nie.)

3. Ek wou 'n paar skoene hè, maar ek kon nie die regte *grootte* kry wat ek wou hè nie. size.

4. As jy 'n nuwe *rywiel* wil hè, sal jy moet wag tot jy genoeg geld gespaar het om een te koop. bicycle.

5. Op die oomblik durf ek my man nie om meer geld vra nie. Ek sal moet wag totdat hy in 'n goeie *bui* is. mood.

6. Sal ons u 'n paar *rokke op sig* stuur ? U hoef hulle nie te koop as u nie van hulle hou nie. dresses ; on approval.

7. Ek weet nie waarom jy so *gou* moet teruggaan nie. Ek is seker dat jou moeder jou nog 'n paar dae sal laat bly. soon.

8. Dit spyt my, maar ek sal u nie u nuwe kar Maandag kan laat kry nie, maar ek sal my bes doen om dit teen die middel van die week klaar te hè.

9. Hy het hard gewerk, maar ek vrees hy sal nie in die November-eksamen *slaag* nie. Hy moes tot aanstaande Junie gewag het. pass.

10. As jy vir my vyf pond op rekening sal laat kry, kan die balans tot die volgende maand bly.

Oefening 10c.

Skryf die volgende sinnetjies oor :—

(a) in die toekomende tyd ;
 (b) in die verlede tyd :—

1. Jan pas die kinders mooi op.
2. Ek kan die som nie doen nie.
3. Jy moet dadelik huis toe gaan.
4. Hy betaal sy rekenings gereeld.
5. Ons stel die vergadering uit.

Oefening 10d.

Maak die volgende sinne negatief :—

- (a) Jan het gister vroeg teruggegaan.
- (b) Probeer om die sin te doen.
- (c) Ons durf hom slaan.
- (d) Die man wat werk kan eet.
- (e) Ek het hom geslaan omdat hy stout was.
- (f) Wil jy saam met my dorp toe gaan ?
- (g) Aanstaande week sal ons die rokke op sig stuur.
- (h) Stuur vir my die boek dadelik.
- (i) Ek dink dat Jan siek is.
- (j) Ek wou u in verband met my kursus raadpleeg.

Oefening 10e.

Maak sinnetjies met :—

Sal, sál, wil ; grote, grootte ; mane, manne ; koop, verkoop ; bui.

Oefening 10f.

Die volgende woorde kan meer as een betekenis (meaning) hê. Gebruik hulle in kort sinnetjies sodat dié betekenissoorte uitkom.

Waar (in twee betekenissoorte) ; **toe** (drie) ; **al** (twee) ; **leer** (drie) ; **voor** (twee).

LEESOEFENING.**'n Brief aan 'n Vriendin.**

Hoofstraat 16,
Kaapstad.

10 Junie 1929.

Liewe Marie,

Dit spyt my dat ek jou so lank laat wag het voordat ek jou laaste brief *beantwoord* het, maar ek is seker dat jy my sal vergewe as jy weet dat ons net in ons nuwe huis *ingetrek* het.

Ons moes eers baie van die kamers *wit* en al die houtwerk *verf*. Ons moes natuurlik ook al die vloere skrop, en die *vensters skoonmaak*. Toe was daar nog die koop van *tapete* en *gordyne*. Ons het baie *moeite* gehad om te kry wat ons wou hê, en jy kan my glo dat ons byna by al die winkels in die stad was. *Nietemin*, ons begin nou net huis te voel, en ek hoop dat jy ons een van die dae sal kom besoek.

answered.
moved in.

colour.
paint.
windows;
cleaned.
carpets; cur-
trouble. [tains.
nevertheless.

Ek moet jou eers van die huis vertel. Jy weet dat ons al baie lank na 'n *gesikte* huis gesoek het. Die een waarin ons gewoon het was *glad* te klein, en ons het ook nie van die *omgewing* gehou nie. *Buitendien* wou ek 'n tuin gehad het. Ons het 'n hele paar dosyn huise gaan *besigtig*, maar kon nie een na ons *smaak* kry nie, totdat my man *eindelik* gelukkig was om van 'n vriend te hoor dat hierdie een te koop was. Net toe ek dit sien, het ek *sommer* daarvan gehou, en ons het dadelik *besluit* om dit te koop toe ons *verneem* dat ons dit vir £1,850 kon koop.

Die huis het ses kamers, sowel as 'n kombuis, spens, badkamer, en die *gewone* buitekamers. Dit *beslaan* byna 'n akker grond. Ons het dus baie ruimte om 'n mooi tuin te maak, en ons sal ook hoenders kan *aanhou*. My man en die *volk* is nou besig om hoenderhokke te maak.

Die tuin is *op die oomblik* ongelukkig vol *onkruid*, en daar groei nijs daarin nie, *behalwe* 'n paar ou bome wat ons sal moet afkap. Ons het alreeds twintig bome en twee dosyn *wingerdstokke* wat ons *voornemens* is nog hierdie maand te plant.

Ons het 'n baie goeie tuinier wat die grond *omgespit* het om te plant, en ek reken dat ek aanstaande maand baie besig sal wees om saai en plantjies te plant. Ons sal ons eie *kool* en aartappels kan wen, en ek wil ook *ertjies*, boontjies, tamaties, *uie*, en *verskeie* soorte groente plant. Dit sal 'n plesier wees om lekker vars groente van ons tuin te kry wanneer ons dit wil hê. Dan is daar ook my blomtuin. Ek het alreeds 'n bedding kannaas en agt-en-twintig verskillende soorte roosbome geplant—jy weet mos dat ek baie van rose hou. Dan wil ek nog *angeliere* kry en daar is dosyne *verskillende* soorte blomme wat ek in my tuin moet hê.

Maar ek vertel jou so baie van die tuin dat ek *amper* die huis vergeet. Ek dink dat ek gesê het daar is ses kamers. Die eetkamer is die grootste, en dit is neentien voet lank en veertien voet breed. Dit het 'n groot *oopslaanvenster* wat uitgaan op 'n pragtige stoep wat *uitsig* het op die tuin. *Reg-oor* die venster is 'n groot *kaggel*, en aan elke kant van die kaggel is 'n boekrak. Die boekrakke sal baie nuttig wees, want my man het soveel boeke waarvoor hy *vantevore* geen plek had nie.

Die voorkamer is aan die ander kant van die *portaal* reg-oor die eetkamer. Dis regtig 'n groot kamer, en daar dit aan die oostekant van die huis is, kry dit die môreson, terwyl dit in die agtermiddag *heerlik* koel is.

Daar is ook nog vier goeie slaapkamers, twee waarvan regtig groot is.

suitable.
altogether.
neighbourhood ;
 besides.
view.
taste ; at last.
at once.
decided ;
 understood.

usual ; covers.
keep.
coloured boys.
at the moment
weeds. except
vines ; intend.

dug up.
cabbage ; peas.
onions ; several.
carnations.
different.
almost.

French window.
overlooks.
opposite ; fire-
 [place
previously.

entrance hall.
as.
delightfully.

Ek dink dat ek nou al genoeg geskryf het, en jy moet vir ons kom kuier sodra jy kan sodat jy die huis self kan sien.

Moenie vergeet om te skryf en vir my al die nuus te vertel nie. Ek het lanklaas van jou gehoor.

Liefde aan jou en die kinders,

affectionate.

Van jou *toegeneë* vriendin,

SANNIE.

LES ELF.

VERBUIGING—BYVOEGLIKE NAAMWOORDE.

INFLECTION—ADJECTIVES.

Adjectives may be used *attributively* (i.e. to qualify nouns), or *predicatively* (as extensions to verbs or predicates)

e.g. **Old** soldiers never die (attributive use).
My father is very **old** (predicative use).

Adjectives used attributively are sometimes inflected (i.e., change their form) by the addition of **e** to the stem. If used predicatively, adjectives are not inflected in this way.

The following important rule must be remembered :—

GENERAL RULE.

When used attributively, adjectives add **e** in the following cases :—

(1) **Adjectives of one syllable** Only those ending in **d**, **f**, **g** or **s**.
Other monosyllabic adjectives do not change.

(2) **Adjectives of more than one syllable** Nearly all.

Examples :

	<u>Used predicatively.</u>	<u>Used attributively.</u>
d	Die plan is goed .	Dis 'n goeie plan.
f	Sy hande was groot .	Hy het grootte hande.
g	Die muur is hoog .	Daar is 'n hoë muur om die tuin.
s	Hierdie storie snaaks .	Ek het 'n snaakse storie gelees.
more than one syllable	Ek is besig . Hierdie oefening is moeilik . Hy is baie ongelukkig . Die kind is gehoorsaam .	Ek is 'n besige man. Dis 'n moeilike oefening. Hy is 'n ongelukkige man. Sy is 'n gehoorsame kind.

Examples of Monosyllabic Adjectives ending in **d, **f**, **g** and **s****

Form when used :—

	<u>Predicatively.</u>	<u>Attributively.</u>
D.	breed (broad) dood (dead) goed (good) koud (cold) wyd (wide) wreed (savage, cruel) hard (hard, loud) blind (blind)	bree dooie goeie koue wye wrede harde blinde

It will be observed that when the **d** is preceded by a long vowel, the **d** is generally dropped when the word is inflected by the addition of **e**.

Note : **wreed** retains the **d**.

F.	braaf (honest, good) doof (deaf) lief (dear, beloved) half (half) dof (faint, dim) laf (silly, insipid) røf (rough)	brawe dowe liewe halwe dowwe lawwe rowwe
-----------	--	---

Notice that **f** changes to **w** after a long vowel or consonant, and to **ww** after a short vowel.

G.	droog (dry) laag (low) leeg (empty) vroeg (early) dig (close, dense) eg (real, genuine) lig (light) reg (right) sag (soft) sleg (bad, wicked)	droë lae leë vroëë digte egte lige regte sagte slegte
-----------	--	--

Notice that, when inflected, words ending in **g** usually drop the **g**, unless derived from (High Dutch) words which previously ended in **t**. Such latter words (which usually contain a short vowel) retain the original **t** when they add **e**.

When the **g** is dropped, the final **e** takes a diaeresis if there is any danger of it being mistaken, with the previous vowel, for a diphthong. (The combination **ae** never requires the diaeresis.)

8.	dwaas	(foolish)	dwase
	fluks	(diligent)	flukse
	snaaks	(funny)	snaakse
	trots	(proud)	trotse
	Juis	(exact)	juiste
	vas	(fixed, firm)	vaste
	woes	(wild)	woeste

Notice the insertion of **t** in the case of adjectives derived from High Dutch words that previously ended in **t**.

Of the adjectives with one syllable, **Juis**, **vas** and **woes** are the only ones in the inflected forms of which the **t** is inserted.

EXCEPTIONS TO GENERAL RULE.

1. Certain monosyllabic adjectives ending in **s** preceded by a short vowel, do not take **e**:

e.g. **fris** (healthy, strong) Sy is 'n **fris** vrou.
kras (drastic, strong) Ek moes **kras** stappe doen.
los (loose) Ek het 'n **los** knoop aan my baadjie.
vars (fresh) Dis **vars** eiers.

2. When used figuratively or with strong emphasis monosyllabic adjectives (which ordinarily would not change) add **e**.

e.g. Hy het 'n **duur** grammofoon gekoop.
(He bought an expensive gramophone.)
but
Hy het dit 'n **dure** les gevind.
(He found it a costly (bitter) experience.)
Die **ryp** peer was baie lekker.
but
Hy het gepraat van sy **rype** ondervinding (experience).
Hy is 'n **arm** man.
(Literally : He is a poor man).
but
Ek voel jammer vir die **arme** miljoenêr.
(I feel sorry for the poor millionaire.)
Jan is 'n **lui** kind, maar sy broer is 'n **luite** vabond.
(John is a lazy child, but his brother is a lazy beggar.)

3. Adjectives of more than one syllable ending in **er** or **el** are not always inflected when used attributively.

e.g. Ek het aan 'n **ander** plan gedink.
Hy is iemand met 'n **edel** (noble) karakter.
The comparative degree of adjectives (which always ends in **er**) seldom takes the additional **e**.

4. The following adjectives have special forms :

Used predicatively. Used attributively.

jonk	(young)	jong
lank	(long)	lang
oud	(old)	ou
nuut	(new)	nuwe

thus Sy dogter is baie **jonk**,

but

Jong meisies behoort nie te rook nie.FORMATION OF ADJECTIVES FROM NOUNS AND VERBS.Adjectives formed from proper nouns, when used attributively, always end in **e** (usually **se**).

e.g. Die **Britse** Ryk The British Empire
 Die **Frans**e Rewolusie The French Revolution
 Die **Suid-Afrikaanse** Lugmag The South African Air Force

Die **Amerikaanse** Volk The American People
 Die **Roomse** Kerk The Roman Catholic Church

'n **Joodse** vakansie A Jewish holidayPast Participles are frequently used as adjectives,
thus **verlig** **verligte** (lit)**verniel** **vernielde** (spoilt)**gebruik** **gebruikte** (used)**gebreek** **gebreekte** (broken)

Note 1 : **Oos**, **wes**, **noord**, **suid**, when inflected become **ooste**, **weste**, **noorde**, **suide**; when preceding nouns, these inflected forms are written on to the noun. In this way we get compound nouns like :

oostewind, westewind, noordewind, suidewind ;
oostekant, etc.

Note also the following uses :—

Hy woon in die ooste, in die weste, etc.

Note 2 : The inflected forms of one-syllabic adjectives in **g** should be carefully noted by the student.

Uninflected. Inflected.

Hoog	hoe	{ one o , one e with
droog	droë	diaeresis.
moeg	moeë	{ one o , double e , diaeresis
vroeg	vroeë	{ on last e .
leeg	leë	—double e , diaeresis on second e .

laag lae —one **a**, one **e**, no diaeresis.
AE never gets the diaeresis.

Oefening 11a.

Skryf die volgende sinne oor en skryf die regte vorm van die kursief gedrukte byv. naamwoorde (the adjectives italicised) :—

1. Daar is *verskillend* soorte *goed* vrugtebome in sy *groot* tuin. Die *oud* bome dra egter *min* vrugte.
2. 'n *Goed* kind is nie altyd *goed* nie, ook is 'n *sleg* een nie altyd *sleg* nie.
3. Hoewel hy nou *oud* is, tog moes hy eens *jong* gewees het.
4. *Oud* mense hou van die *oud* gewoontes.
5. Hierdie *klein* meisie het haar *pragtig* poppie verloor. Sy sê dat dit *blou* oë en *swart* hare het.
6. Gister het ek vir jou 'n *lang* potlood gegee. Hierdie een is nie *lang* nie.
7. 'n *Sterk* perd kan *swaar* vragte trek, veral op *hard* paaie. 'n *Lig* vrag kan dikwels deur 'n esel gedra word.
8. Elke dag haal ek 'n *vroeg* trein, maar vandag het ek nie *vroeg* genoeg opgestaan nie.
9. Vandag is dit baie *koud*. Hierdie jaar het ons 'n baie *koud* winter gehad.
10. Daar is 'n *mooi wyd* stoep aan die oostekant, met 'n *laag* muur tussen die huis en 'n *pragtig* tuin. Die eetkamer is twintig voet *lang* en vyftien voet *breed*. Die *hoog* mure daarvan is met *oud* prente behang.

Oefening 11b.

Skryf die volgende sinne oor en gee die regte vorm van die kursief gedrukte byv. naamwoorde :—

1. Hy het met 'n *hard* stem gepraat, want die *doof* man kon hom nie hoor nie.
2. Dis 'n *breed* rivier, maar dis nie baie *diep* nie.
3. Hy het uit 'n *hoog* boom geväl.
4. Ons het lekker *ryp* vrugte gekoop, maar ek hou nie van *sag* vrugte nie.
5. Hy het vir my gesê dat daar 'n *dringend* boodskap by die kantoor was. Ek het 'n *kort* briefie daar gevind, maar dit was nie *dringend* nie.
6. Dis 'n *maklik* oefening, nè ?
7. Hy het gesê dat daar *verskillend* *hoog* bome in die *dig* bos was, maar ek het nie gedink dat hulle baie *hoog* was nie.
8. As jy *droog* hout kan vind, sal ons 'n *groot* vuur maak. Daar is 'n *goed* plek agter daardie *laag* bosse.

9. Dit sal nie *lang* duur nie voordat hy in sy *nuut* huis intrek.

10. Hy het van sy *ryp* ondervindings gepraat.

Oefening 11c.

Skryf die regte vorm van die byvoeglike naamwoorde tussen hakies, en vertaal in Engels:—

1. 'n (sag) perske.	30. 'n (lui) seuntjie.
2. 'n (hard) peer.	31. (rooi) lippe.
3. 'n (nuut) besem.	32. 'n (versigtig) vrou.
4. die (Engels) taal.	33. 'n (vas) aanbod.
5. (oud) vriende.	34. my (lief) vriend.
6. 'n (swaar) vrag.	35. 'n (lang) storie.
7. 'n (lig) tafel.	36. (heerlik) vrugte.
8. 'n (groot) huis.	37. (ieder) mens.
9. 'n (droog) somer.	38. die (stout) kind.
10. 'n (vet) vark.	39. (vuil) hande.
11. 'n (nat) winter.	40. 'n (los) tand.
12. 'n (dof) lig.	41. 'n (leeg) bottel.
13. 'n (lui) vabond.	42. 'n (goed) slag.
14. die (suidelik) kruis.	43. 'n (onbeskaam) leuen.
15. 'n (fris) kind.	44. (vroeg) vrugte.
16. 'n (ryp) appel.	45. 'n (huilend) babetjie.
17. 'n (groen) pruim.	46. 'n (kalm) see.
18. 'n (swak) perd.	47. (groot) hande.
19. 'n (vriendelik) vrou.	48. 'n (laf) grap.
20. 'n (aangenaam) reis.	49. 'n (sleg) kêrel.
21. (seker) studente.	50. 'n (trots) ouer.
22. die (dig) bos.	51. 'n (wit) roos.
23. 'n (laag) stoel.	52. 'n (onbekend) land.
24. 'n (donker) hoek.	53. 'n (geskik) present.
25. 'n (pragtig) tuin.	54. 'n (dood) os.
26. 'n (mooi) blom.	55. (skurf) hande.
27. 'n (gelukkig) land.	56. 'n (dwaas) onderneming.
28. 'n (blind) oog.	57. 'n (lewendig) esel.
29. 'n (skuldig) man.	58. 'n (koppig) kind.

Oefening 11d.

(a) Form sentences to illustrate the *attributive* use of the adjectives shown below.

(b) Construct a second sentence showing the use of the same adjective used *predicatively*.

1. belangrik (important)	5. aangenaam (pleasant)
2. jong (young)	6. soet (sweet)
3. goed (good)	7. magtig (mighty)
4. dun (thin)	8. skerp (sharp)

9. laag (low)	15. vroeg (early)
10. beroemd (famous, celebrated)	16. lang (long)
11. sag (soft)	17. duidelik (clear, distinct)
12. oud (old)	18. reg (right)
13. hoog (high)	19. arm (poor)
14. krom (crooked, curved)	20. plaaslik (local)

Oefening 11e.

(a) Skryf 'n brief van omtrent 20 reëls aan u vriend(in) en vertel hom (haar) van 'n aangename dag wat u deurgebring het.

Of

(b) Skryf 'n opstel van 20 reëls oor **een** van die volgende onderwerpe :—

- (1) My huis.
- (2) My tuin.
- (3) My daagliks werk.

LES TWAALF.

TRAPPE VAN VERGELYKING.—DEGREES OF
COMPARISON.

As in English, the adjective is inflected to denote the degrees of comparison. Just as we have in English

Positive.	Comparative.	Superlative.
old	older	oldest
big	bigger	biggest

so we have in Afrikaans :

Stellende trap.	Vergrotende trap.	Oortreffende trap.
oud	ouer	oudste
groot	groter	grootste

GENERAL RULE.

The comparative degree is formed by adding **er**, and the superlative degree by adding **ste** to the positive form of adjectives.

Examples :

Stellende trap.	Vergrotende trap.	Oortreffende trap.
hard (hard, loud)	harder	hardste
lelik (ugly)	leliker	lelikste
swart (black)	swarter	swartste
aangenaam (pleasant)	aangenamer	aangenaamste
wreed (cruel, savage)	wreder	wreedste
breed (broad)	breer	breedste
koud (cold)	kouer	koudste
doof (deaf)	dower	doofste
lief (dear)	liewer	liefste
dof (dull)	dowwer	dofste
rof (rough)	rowwer	rofste
hoog (high)	hoer	hoogste
laag (low)	laer	laagste
vroeg (early)	vroeer	vroegste
lig (light)	liger	ligste
sag (soft)	sagter	sagste
vas (firm, fixed)	vaster	vasste
woes (wild)	woester	woesste
Juis (exact)	Juister	juisste

los (loose)	losser	losste
fris (healthy, strong)	frisser	frisste
dwaas (foolish)	dwaser	dwaasste
snaaks (funny)	snaakser	snaaksste

Note : It will be observed that the rules with regard to change of form or spelling apply generally to inflected words which add an **e** to their stem.

(1) Long vowel-sounds written **aa, ee, oo, uu** in closed syllables become **a, e, o, u** in open syllables,

<i>e.g.</i> groot	groter
nuut	nuter

(2) Most words ending in **d** preceded by a long vowel or diphthong drop the **d**,

<i>e.g.</i> breed	breer
oud	ouer

(3) Words ending in **f** change the **f** into **w** if preceded by a long vowel, and **ww** if preceded by a short vowel,

<i>e.g.</i> doof	dower
dof	dowwer

(4) Certain words ending in **g** (*i.e.* those derived from Dutch words which ended in **gt** or **cht**) add a **t** after the **g**,

<i>e.g.</i> lig	liger
sag	sagter

Others drop the **g** altogether :

<i>e.g.</i> hoog	hoer
laag	laer

(5) Certain words ending in **s** (*i.e.* those derived from Dutch words ending in **st**) add a **t** after the **s**,

<i>e.g.</i> vas	vaster
woes	woester
juis	juister

(6) Other words ending in a consonant and preceded by a short vowel double the last consonant,

<i>e.g.</i> wit	witter
krom	krommer
slim	slimmer

(7) Note also that adjectives ending in **s** double the **s** in the superlative,

<i>e.g.</i> vas	vasste
woes	woesste

The student must differentiate between **vaste** (one **s**, positive inflected) and **vasste** (double **s**, superlative).

Adjectives ending in **r** add a **d** in the comparative, thus:

ver (far)	verder	verste
suur (sour)	suurder	suurste
seer (sore)	seerder	seerste
teer (tender)	teerder	teerste
bitter (bitter)	bitterder	bitterste

IRREGULAR FORMS—ONREGELMATIGE VORME.

Certain adjectives do not conform to the general rule, and have irregular degrees of comparison. These are:—

<u>Stellende trap.</u>	<u>Vergrotende trap.</u>	<u>Oortreffende trap.</u>
goed (good)	beter	beste
baie } (many, much)	meer	meeste
veel }		
min }		
weinig }	(little, few) minder	minste
bietjie		
vroeg (early)	{ vroeër eerder	vroegeste eerste
laat (late)	later	laaste (laatste)
jong, jonk (young)	jonger	jongste
lang, lank (long)	langer	langste
kwaad (angry)	kwater	kwaadste
nuut (new)	nuter, nuwer	nuutste
na (near)	nader	naaste
ru (rough)	ruwer	ruuste
sku (shy)	skuwer	skuuste
slu (sly)	sluwer	sluuste

The superlative degree may be further strengthened by the addition of the prefix **aller**, e.g.

allerbeste, very best.
allergrootste, very biggest.
allervroegste, very earliest.

The use of **meer** (more) and **mees** (most) to form the comparative and superlative degrees is of rare occurrence in Afrikaans—even in words of many syllables. Thus we get such forms as:—

belangrikker (more important) **belangrikste** (most important)
onafhanklikker (more independent) **onafhanklikste** (most independent).

Meer and mees are, however, generally used with past participles or adjectives whose positive ends in **e**, e.g.—

verlate (abandoned)	meer verlate	mees verlate
verafgeleë (remote)	meer verafgeleë	mees verafgeleë
tevrede (satisfied)	meer tevrede	mees tevrede

The word "than" after the comparative degree may be translated in Afrikaans by **as** or **dan**.

Johannesburg is groter **as** Kaapstad.
Hy is slimmer **dan** sy vader.
Jan is ouer **dan** sy broer.

As . . . as, in the positive degree is translated **so—soos**.

Sy is nie **so** skrander **soos** haar suster nie.
(She is not as clever as her sister.)
Ons huis is **so** groot **soos** joue.
(Our house is as large as yours.)
Hierdie pen is net **so** goed **soos** daardie een.
(This pen is just as good as that (one).)

In English, it is grammatically incorrect to use the superlative degree in comparing two persons or things. In Afrikaans, however, the superlative is always used except when the things compared are both mentioned, in which case the comparative is used (as in English); thus:—

Jan is **grooter** as Piet.
(Jan is taller than Piet.)

but

Van die twee seuns is Jan die **grootste**.
(Of the two boys Jan is the taller.)

Note: Adjectives which are already in a state of completeness cannot be compared, e.g. **skatryk**, very rich; **hemelhoog**, heaven-high; **dood**, dead.

Oefening 12a.

Skryf die volgende oefening oor een vertaal die byv. naamwoorde wat tussen hakies staan:—

1. Hy het gesê dat dit die (best) artikel vir die doel was.
2. Hierdie huis is (bigger) as ons s'n, maar dis (smaller) as julle s'n.
3. Weet jy van iets wat (whiter) as sneeu, of iets wat (greener) as gras is?
4. Het jy ooit 'n (healthier) babetjie gesien?
5. Die winter in Engeland is (colder) as dié van Suid-Afrika.
6. Die mier is een van die (smallest) diere, en die olifant een van die (biggest). Dit word gesê dat die leeu die (strongest) en die jakkals die (cleverest) is.
7. Die (darkest) uur is dié wat net voor die môre kom.
8. Hy is taamlik doof, maar sy suster is (deafier) as hy.
9. Ons het nou net 'n voorraad van die (newest) boeke ontvang.
10. Neem hierdie kussing, dis (softer) as daardie een.

11. Die Victoria-waterval is een van die (most wonderful) gesigte in die wêreld.
12. Hy is die (most unlucky) man wat ek ooit ontmoet het.
13. Dink jy hierdie oefening is (easier) of (more difficult) as die laaste een?
14. Kaapstad en Durban is die twee (most important) hawens in Suid-Afrika.
15. Dit word gesê dat pryse (dearer) in Johannesburg is as in Kaapstad.
16. Ek is (older) as my suster, maar my broer is die (oldest) van die drie van ons.

Oefening 12b.

Gee die trappe van vergelyking van die volgende byv. naamwoorde :—

1. fluks (diligent)	13. breed (broad)
2. vet (fat)	14. baie (much)
3. dringend (urgent)	15. bitter (bitter)
4. versigtig (careful)	16. swaar (heavy)
5. hoog (tall, high)	17. lig (light)
6. skoon (clean)	18. wyd (wide)
7. nuut (new)	19. slap (loose, slack)
8. massief (solid)	20. verspot (ridiculous)
9. bleek (pale)	21. lekker (nice)
10. blas (sallow)	22. moedig (brave, courageous)
11. sleg (bad, wicked)	23. lank (long)
12. laag (low, mean)	24. vroeg (early)

Oefening 12c.

Vertaal in Afrikaans :—

eersugtig.

kandidate.
uitslae.

1. John is not as old as his brother, but he is more *ambitious*.
2. I have two brothers; John is the older, but William is the taller.
3. This is a very important letter. I want you to post it at once.
4. There is a tall tree in front of the house, but it is not as tall as this.
5. Which of these two essays do you think is the better?
6. Don't be later than eight o'clock, but come earlier if you can.
7. There were fewer *candidates* for the examination this year, but the *results* were much better.
8. I have never heard a more ridiculous story.

9. John was angrier when I told him that he was young.
 10. The watch which I lost was bigger than the one I have now. It was almost as big as yours.

Oefening 12d.

Gee die teenoorgestelde van :—

1. Jan is fluks of —.
2. Die man is oud of —.
3. Hy kom vroeër of —.
4. Die boek is oud of —.
5. Ek eet baie of —.
6. Lets is warm of —.
7. Die lemoen is soet of —.
8. My tee is soet of —.
9. 'n Kind is soet of —.
10. 'n Kamer is lig of —.
11. 'n Pakkie is lig of —.
12. 'n Mes is stomp of —.

LEESOEFENING.

DIERE.

Diere is ouer as mense. In diē Bybel lees ons dat God *eers* die diere gemaak het en toe die mens. Voor die mens daar was, was al die diere wild, maar daarna het hy van hulle *mak* gemaak. So kry ons vandag wilde diere en mak diere.

Sover ons weet het die mens al baie duisende jare gelede begin om diere mak te maak. In die *geskiedenis* lees ons dat die ou Indo-Germane, omtrent tweeduiseend jaar voor Christus, al mak honde, skape en *beeste* gehad het. Verder lees ons dat hulle ook perde geken het, maar dat hulle die perd nog nie mak gemaak het nie. Vandaag het ons natuurlik baie mak diere. Ons kan byna sê dat daar vandag meer mak as wilde diere in die wêrelde is.

In die verlede was die wilde dier en die mens nie vriende nie, maar *vyande*. Die een het in die ander 'n *aartsvyand* gesien, 'n *gevaar* vir sy vrede en geluk. Die *gevolg* was dat mens en dier mekaar beveg het, en in hierdie *stryd om te bestaan* moes die dier natuurlik vroeër of later ingee, dit wil sê mak word, of gevrees loop om *uitgeroei* te word. Vandaag sien ons orals dat die mens die stryd gewen het. Hy het die wilde dier mak gekry, en dié wat hy nie kon mak maak nie, het hy gevang en in groot *hokke* geplaas. Dis net hier en daar in digte bosse en hoë berge dat die wilde dier nog koning is—mits daar geen mense is nie.

first.

tame.

history.

cattle.

enemies, arch.
danger, result.
struggle for
existence.

exterminated.

cages.

provided that.

giant.	Die <i>reus</i> onder die wilde diere vandag is die olifant. Vroeër was daar diere wat baie groter en sterker as die olifant was, maar hulle is almal uitgeroei. Ver onder die grond kry ons so nou en dan nog net fossiele-geraamtes van dié ou reuse. Maar hoewel die olifant die grootste en sterkste is, <i>erken</i> ons almal die leeu as die koning van die wilde diere. Hy is die trotse <i>vors</i> van die <i>oerwoud</i> . Deur al die eeue was hy die meester in die diere-koninkryk. Geen <i>jager</i> sal ooit droom om huis toe te gaan voordat hy nie 'n leeuvel het nie.
acknowledge.	
monarch.	
primeval forest.	
hunter.	
big game.	<i>Grootwild</i> -jagters vertel ons dat die renoster een van die gevaaalikste diere is om te jag. Alhoewel hy nie die goeie oê van die leeu het nie, het hy 'n baie fyn <i>reuk</i> . As hy 'n mens ruik, dan storm hy in woeste <i>vaart</i> op jou af soos 'n lokomotief. <i>Behalwe</i> olifante, leeu's en renosters kry ons in die oerwoud tiere, buffels, seekoeie, hiënas (wolwe), krokodille, ape, en baie soorte bokke en voëls. Die oerwoude van Midde-Afrika is 'n ware paradys vir groot-wild-jagters.
smell.	
speed.	
except.	
doubt.	Party diere, mak sowel as wild, het baie intelligensie. Die hond en die perd onder die mak diere, en die jakkals en aap onder die wilde diere, het sonder <i>twyfel</i> baie meer intelligensie as die <i>gewone</i> dier. Verder kan ons die leeu en gorilla noem. Vir sy groot brein het 'n walvis maar min intelligensie. Vir 'n dier met so 'n groot <i>liggaam</i> het 'n walvis nou nie huis 'n baie groot brein nie, hoewel sy brein natuurlik groter is as dié van die mens.
ordinary.	
body.	
earned.	Daar is <i>geleerde</i> mense wat glo dat die mens uit die dier <i>ontwikkeld</i> het. Die mens sou dan niets anders wees nie as 'n hoog ontwikkelde dier. Dit is wat ons verstaan onder <i>evolusie</i> , wat vandag oor die hele wêreld deur die grootste geleerdes <i>aangeneem</i> word. <i>Volgens</i> dié mense is u en ek dus maar net 'n paar stappe verder op die pad van ontwikkeling as die aap en die bobbejaan.
developed.	
evolution.	
accepted.	
according to.	

LES DERTIEN.**VERBUIGING VAN SELFSTANDIGE NAAM-
WOORDE—GETAL.****INFLECTION OF NOUNS—NUMBER.**

Nouns are inflected for number, and generally form their plurals by the addition of **e** or **s** (or more rarely of **ere** or **ers**) to the singular form.

GENERAL RULES.

(1) Nouns having the accent on their **last syllable** form their plurals by adding **e**. This rule, of course, embraces all nouns of one syllable.

(2) If the last syllable of a noun is *unaccented*, its plural is formed by the addition of **s**.

Examples: Accent on **last syllable**. Plurals end in **e**.

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
(a)	been (leg)	bene
	boom (tree)	bome
	straat (street)	strate
	taal (language)	tale
	vuur (fire)	vure
(b)	kat (cat)	katte
	pen (pen)	penne
	pot (pot)	potte
	van (surname)	vanne
(c)	dag (day)	dae
	bedrag (amount)	bedrae
	slag (blow, battle)	siae
	vlag (flag)	vlae
	weg (way)	weë
	spoorweg (railway)	spoorweë
	oog (eye)	oë
	oorlog (war)	oorloë
	tyd (time)	tye
(d)	dief (thief)	diewe
	druif (grape)	druwe
	duif (dove)	duiwe
	brief (letter)	briewe
	kloof (ravine, kloof)	klowe
	wolf (wolf)	woiwe

(e)	sif	(sieve)	siwwe
	stof	(dust, material)	stowwe
	straf	(punishment)	strawwe
(f)	fee	(fairy)	feë
	see	(sea)	seë
	tree	(step, pace)	treë
(g)	gif	(gift)	gifte
	nag	(night)	nagte
	vrag	(load)	vragte
	reg	(right)	regte
	lig	(light)	lige
	vrug	(fruit)	vrugte
	amp	(profession)	ampte
	manuskrip	(manuscript)	manuskripte
	bors	(breast)	borste
	nes	(nest)	neste
(h)	lemoen	(orange)	lemoene
	parlement	(parliament)	parlemente
	orkaan	(hurricane)	orkane
	manél	(frock-coat)	manelle
	magistraat	(magistrate)	magistrate
	hôtel	(hotel)	hotelle

(2) **Examples.** Last syllable **unaccented**—add **s**.

asem	(breath)	asems
besem	(broom)	besems
bedelaar	(beggar)	bedelaars
eier	(egg)	eiers
voël	(bird)	voëls
winkel	(shop)	winkels

SPELLING RULES.

Notice that, when inflected—

- (a) the long vowel sounds (represented by the double vowels **aa**, **ee**, **oo**, **uu** in closed syllables) become **a**, **e**, **o** and **u** in open syllables.
- (b) The last consonant is doubled when preceded by a short accented vowel.
- (c) Note the tendency to drop the intervocalic **d** and **g**.
- (d) **f** becomes **w** after a long vowel or a consonant, and
- (e) **ww** after a short vowel.
- (f) monosyllables ending in **ee** take a diaeresis over the final **e** in the plural.
- (g) nouns ending in **f**, **g**, **p** and **s** derived from (High Dutch) words which previously ended in **t**, retain the original **t** before **e**.

EXCEPTIONS TO GENERAL RULES.

(i) Monosyllables ending in **lm** or **rm** add **s** (not **e**) :

arm	(arm)	arms
palm	(palm)	palms
skelm	(rogue)	skelms
wurm	(worm)	wurms

Note : These are only seeming exceptions as **arm** e.g. is pronounced **ar-rem**; the last syllable being unaccented, it takes **s**.

(ii) Nouns denoting **relationship** take **s** in the plural (not **e**) :

broer	(brother)	broers
man	(husband)	mans
neef	(cousin)	neefs
oom	(uncle)	ooms
seun	(son)	seuns

(iii) The following monosyllabic nouns also take **s** (not **e**) :

saal	(saddle)	saals
spreeu	(thrush)	spreeus
leeu	(lion)	leeus
kok	(cook)	oks
maat	(comrade)	maats
smid	(smith)	smids

(iv) Nouns of two or more syllables ending in **ing** usually have two plurals :

vergadering (meeting) **vergaderinge, vergaderings.**
wandeling (walk) **wandelinge, wandelings.**

Those ending in **ling**, however, usually take **e**.

ellendeling (scoundrel) **ellendelinge.**
nuweling (new-comer) **nuwelinge.**

(v) Nouns that are felt to be of foreign origin usually take **s** in the plural, even though the accent may be on the last syllable :

akteur	(actor)	akteurs
kaptein	(captain)	kapteins
kolonel	(colonel)	kolonels
korporaal	(corporal)	korporaals
tjek	(cheque)	tjeks
jaart	(yard)	jaarts

(vi) Nouns ending in an accented **a** or **ə** take an apostrophe before the **s** :

pa	(father)	pa's
ma	(mother)	ma's
buro	(bureau)	buro's
table	(tableau)	table's

(vii) Nouns ending in **aris** add **se**:

notaris	(notary)	notarisse
sekretaris	(secretary)	sekretarisse

(viii) Nouns ending in **heid** change this syllable into **hede**:

besigheid	(business)	besighede
moontlikheid	(possibility)	moontlikhede
geleentheid	(opportunity)	geleenthede

IRREGULAR PLURALS—ONREËLMATIGE MEERVOUDE.

Meervoude op -ers.

kind	(child)	kinders
kalf	(calf)	kalwers
lam	(lamb)	lammers
maat	(comrade)	maters (or maats)

Meervoude op -ere.

gelid	(rank)	geledere
gemoed	(mind)	gemoedere
lied	(song)	liedere

Meervoude op -ens.

gevoel	(feeling)	gevoelens
jong	(labourer)	jongens
lewe	(life)	lewens
nooi	(mistress)	nooiens
nôi	"	nôiens
wa	(wagon)	waens
wese	(being)	wesens

Meervoude op -de.

hemp	(shirt)	hemde
maag	(virgin)	maagde
deug	(virtue)	deugde

Verdere onreëlmatische meervoude.

bad	(hot spring)	baiae
blad	(leaf of a book)	blaiae
pad	(path)	paaie
gebod	(commandment)	gebooië
sog	(sow)	söe
lid	(member)	lede
stad	(city)	stede
skip	(ship)	skepe
bevel	(command)	bevele
dai	(dale)	dale
gat	(hole)	gate
glas	(glass)	glase
vat	(vat, barrel)	vate

gebed	(prayer)	gebede
gebrek	(want)	gebreke
god	(god)	gode
hof	(court, garden)	howe
spel	(game, play)	spele
patat	(sweet potato)	patats
buurman	(neighbour)	bure
werksman	(workman)	werksmense
staatsman	(statesman)	staatsmanne
voorman	(leader, foreman)	voormanne
Engelsman	(Englishman)	Engelse
Fransman	(Frenchman)	Franse
koopman	(merchant)	kooplui, or koopmans

Other compounds of **man** usually take **s** in the plural.

A few nouns have more than one plural :—

bad	(bath)	badde, baddens
bed	(bed)	bedde, beddens
klip	(stone)	klippe, klippers
mied, miet	(stack)	miede, miedens, miete
vark	(pig)	varke, varkens
volk	(nation)	volke, volkere
vrou	(woman, wife)	vroue, vrouens

as well as a few diminutives :—

goedjie	goedjies, goetertjies
kalfie	kalfies, kalwertjies
klippie	klippies, klippertjies
lammetjie	lammetjies, lammertjies
maatjie	maatjies, matertjies

The following nouns with borrowed plurals should be noted :

aanbod	(offer)	aanbiedinge
bedrog	(deceit)	bedrieërye
beleg	(siege)	beleëringe
doel	(purpose)	doeleindes
eer	(honour)	eerbewyse
genot	(enjoyment)	genietinge
seën	(blessing)	seëninge

The following nouns have two plurals with different meanings :—

bad	baaie (natural or hot baths)
	badde, baddens (baths)
blad	blaiae (leaves of a book)
blad (blaar)	blare (leaves of a tree)
drif	drifte (passions)
	driwwe (fords)
gas	gasse (gases)
	gaste (guests)
gif	gifte (gifts)
	giwwe (poisons)
goed	goedere (possessions, goods)
	goeters (things)
hoop (hope)	verwagtinge (expectations)
(heap)	
las	laste (loads, difficulties)
	lasse (joints)
letter	letters (letters of the alphabet)
	lettere (literature)
maag	mae, mage (stomachs)
	maagde (virgins)
maat	maats, maters (comrades)
	mate (measures)
raad	raadgewings (advice)
	rade (councils)
rug	rugge, rugte (backs)
	rüens (hill-crests)
saal	saals (saddles)
	sale (halls)
skof	skowwe (humps on the necks of oxen)
	skofte (work shifts)
vorm	vorms (moulds)
	vorme (forms, aspects)

Nouns implying weight, measure or value, preceded by a definite numeral adjective, are always used in the singular, although in English the plural would be used, thus :—

'n Afstand van vyf **myl** a distance of five *miles*.

Vier **pond** rys four *pounds* of rice.

Twee **paar** skoene two *pairs* of shoes.

Nege **voet** hoog nine *feet* high.

Ek is vyf-en-twintig **jaar** oud. I am twenty-five *years* old.

Note the difference between :—

Vyf **jaar** (one period) and vyf **jare** (five years taken separately).

Ses **pond** rys (one packet of six pounds) ses **ponde** rys (six separate packets of one pound each).

Oefening 13a.

Gee die meervoud van die volgende selfstandige naamwoorde :—

Huis	(house)	rosyn	(raisin)
soen	(kiss)	dag	(day)
hoed	(hat)	tafel	(table)
masjien	(machine)	bal	(ball)
mier	(ant)	misdaad	(crime)
minuut	(minute)	minaret	(minaret)
krummel	(crumb)	kuns	(art)
kuiken	(chicken)	kerk	(church)
skool	(school)	groef	(groove)
lyf	(body)	gas	(gas)
boer	(farmer)	bekwaamheid	(ability)
maan	(moon)	kombers	(blanket)
laken	(sheet)	kom	(basin)
gebou	(building)	kombuis	(kitchen)
spens	(pantry)	kis	(box, chest)
kind	(child)	klad	(blot, stain)
kwartaal	(quarter)	erf	(plot of land)
baken	(beacon)	pad	(path)
baas	(master)	boot	(boat)
borsel	(brush)	deel	(part)
student	(student)	muur	(wall)
halwe	(half)	glas	(glass)

Oefening 13b.

Gee die meervoud van die volgende selfstandige naamwoorde :—

hut	(hut, cottage)	leerling	(pupil)
jas	(raincoat)	gril	(caprice, whim)
gedagte	(thought, idea)	gees	(ghost)
bok	(goat)	hoek	(corner)
seun	(son, boy)	blom	(flower)
mes	(knife)	werksman	(workman)
vurk	(fork)	lam	(lamb)
lepel	(spoon)	lat	(stick, cane)
onderwyser	(teacher)	hond	(dog)
bad	(bath)	oog	(eye)
oomblik	(moment)	timmerman	(carpenter)
bedelaar	(beggar)	kraal	(kraal)
soldaat	(soldier)	oorlog	(war)
leeu	(lion)	bestuurder	(manager)
besonderheid	(detail)	klagte	(complaint)
swerm	(swarm)	stad	(city)
regter	(judge)	Jood	(Jew)

jong	(coloured servant)	onderwerp	(subject)
somer	(summer)	rapport	(report)
oefening	(exercise)	sekretaris	(secretary)
nooi	(mistress)	nag	(night)
maal	(meal)	wet	(law)
os	(ox)	gat	(hole)
grap	(joke)	grens	(boundary)
esel	(donkey)	besoek	(visit) [limit]
rivier	(river)	kamer	(room)
uitslag	(result)	telegram	(telegram)
rang	(rank, degree)	voorsitter	(chairman)
nywerheid	(industry)	metaal	(metal)
naturel	(native)	knoop	(button)
ketel	(kettle)	pampoen	(pumpkin)
brief	(letter)	kloof	(ravine)
artikel	(article)	bedrag	(amount)
som	(sum)	bottel	(bottle)
tapyt	(carpet)	lig	(light)

Oefening 13c.

Gee die meervoud van al die woorde wat skuins gedruk is :—

1. Die *kind* eet 'n *peer* onder die *boom* wat in die tuin groei.
2. Daar is 'n *kaggel* in die *hoek* van die *kamer*. Daar is soms 'n *vuur* daarin.
3. Die *meisie* het haar *vakansie* op Muizenberg deur-gebring.
4. Hierdie *kandidaat* verwag om die *uitslag* van die *eksamen* binnekort te hoor.
5. Die *hen* kekkel in die *hoenderhok*, maar daar is geen *eier* in die *nes* nie.
6. My *buurman* is 'n *Engelsman* wat vroeër op 'n *plaas* gewoon het.
7. My *tante* se *broer* is my *oom*. Sy het 'n *dogter* wat my *oom* se *niggie* is.
8. Daar is 'n *duif* op die *punt* van daardie *tak*. Die *seun* het *hom* met 'n *klip* gegooi.
9. Die *jakkals* het in die *kraal* gekom en 'n *skaap* en 'n *lam* doodgemaak.
10. Daardie *matroos* het van die *skip* wat in die *dok* lê gekom.

Oefening 13d.

Skryf die volgende sinne oor en gee die meervoud van die woorde wat skuins gedruk is :—

1. Hierdie *straat* is taamlik wyd, maar die *voetpad* is te nou.

2. Het jy 'n brief aan jou vriend geskryf? Nee, ek ken nie sy adres nie.
3. Hy is 'n lid van die stadsraad van sy dorp.
4. Daar is 'n wit kruis op die graf van die soldaat wat in die slag geval het.
5. Die dief het in die winkel ingebreek, en het 'n horlosie gesteel.
6. Ek het 'n tjek in betaling van die bedrag van my rekening gestuur, en ek het 'n kuitansie daarvoor gekry.
7. Daar was 'n palm aan die kant van die pad na die huis.
8. Toe ek deur die veld geloop het, het ek 'n os, 'n bok, 'n skaap en 'n vark gesien. Ek het ook 'n kar en perde op die pad ontmoet.
9. Daar lê op die tafel 'n perske, 'n piesang, 'n pynappel en 'n lemoen, maar ek wil 'n peer hê.
10. Ek het 'n pen en 'n pollood, maar ek het my boek verloor.

Oefening 13e.

Vertaal in Afrikaans:—

1. The French and English were enemies (vyande) in many wars, but they are now friends.
2. The goats and cattle of the Kaffirs are in the mountains. In the valleys and dales they plant their mealies and sweet potatoes. The men are usually lazy, and sit in front of their huts and kraals, while their wives and children work on the land.
3. These vegetables grow in our garden. There are peas, beans, potatoes, cabbages, carrots (wortels), turnips (rape) and tomatoes. We also have much fruit, for example, apples, pears, peaches, apricots, plums, grapes and strawberries.
4. Who gave you those beautiful flowers? I have never seen better roses.
5. The tall trees in the Gardens will soon be full of leaves. Do you also like trees?

LEESOEFENING.

BOEKЕ.

„Ons beste vriende,” het iemand lank gelede van boeke gesê, en hoe waar is dit tog nie! Jou vriende kan jou miskien verlaat, maar jou boek-vriende is altyd getrou. Dikwels gebeur dit dat 'n goeie vriend jou kwaad maak of seermaak of verveel, maar dit doen 'n goeie boek nooit. Boeke laat jou nooit in die steek nie: hulle staan maar

ago.

forsake; true

happens.

bore.

leave; lurch.

desire.

daar in jou boekrak en wag totdat jy *lus* voel om van hulle notisie te neem. Iemand wat van boeke hou voel nooit dat hy alleen is nie. As hy in sy studeerkamer kom en al sy baie vriende sien, dan voel sy hart bly. En hy *ken* sy vriende goed. Elke boek is vir hom 'n getroue vriend wat hom *troos* in moeilikhede en wat lig en nuwe *krag* in sy lewe bring. *Laat* ons hierdie goeie vriende van ons hoog *waardeer*.

knows.
consoles.
strength.
let.
appreciate.therefore.
means.
grammar.

vocabulary.

purpose.

except.
gradually.dictionary.
try.courage.
repetition.newspapers.
periodicals.
ordinary.
at this stage.

appears.

matter.

advise.

times.

Die beste manier om 'n nuwe taal te leer is deur baie te praat en te lees. Ons kan nie altyd mense kry met wie ons kan praat nie, maar almal van ons kan dinge lees wat in daardie taal geskrywe is. Die student wat Afrikaans wil leer moet dus net soveel Afrikaans praat en lees as wat hy kan. *Daarom* gee ons in hierdie boekie so baie leesoefeninge. Om 'n taal te ken *beteken* nie net dat ons die *grammatika* van daardie taal goed moet ken nie. Boeke vol grammatika sal vir u niks beteken as u nie baie praat en lees nie.

Een van die eerste dinge wat ons wil hê as ons 'n nuwe taal leer is 'n groot *woordeskatalogus*. Dan wil ons leer hoe om daardie woordeskatalogus te gebruik. 'n Woord alleen beteken vir ons niks nie. Ons wil weet wat die woord beteken en hoe ons dit moet gebruik. Met hierdie *doel* voor oë kan ons nooit te veel lees nie, want dan sien ons waar en hoe om 'n woord te gebruik.

Behalwe die leesoefeninge wat u in hierdie boekie sal vind, moet u *so stadiagaaan* begin om boekies te lees wat in Afrikaans geskrywe is. Dit sal goed wees as u 'n goeie Afrikaanse *woordeboek* het om te gebruik solank soos u lees. *Probeer* om al die nuwe woorde wat u kry te onthou. Dit sal goed wees as u hulle neerskrywe en leer. Maar moenie *moed* verloor as u die betekenis van 'n woord vergeet het nie. Deur *herhaling* sal u vroeër of later die woorde onthou.

Die vraag is nou: wat om te lees? Daar is natuurlik Afrikaanse *koerante* soos „Die Burger“ of *tydskrifte* soos „Die Huisgenoot“, maar vir die *gewone* beginner is hulle te moeilik in *hierdie stadium*. Miskien kan u probeer om „Die Jongspan“ te lees. Dis 'n klein tydskrif vir kinders, en dit *verskyn* elke week.

Om die beginner te help om leessof te kry, gee ons aan die end van hierdie leesoefening 'n lysie boeke wat ons u *aanraai* om te lees. Die maklikste boekies staan eerste. Lees soveel van hierdie boeke as u kan. Dis 'n goeie plan om 'n boek tweemaal deur te lees, want die herhaling van dieselfde woorde en frases sal u help om hulle te onthou.

Die volgende boeke word *aanbeveel* :—

1. Ou Engelse Stories I en II.
2. Rooikappie.—Jannie en die Boontjierank.
3. Drie stories uit Andersen.
4. Sprokies uit Frankryk.
5. Stories uit Esopus.
6. Die Lam Prinsie.
7. Die Koekoekklok.
8. Reinaart die Jakkals.
9. Die Switserse Familie Robinson.
10. Stories uit Dickens.
11. 'n Gelukkige Huisgesin.

recommended.

Bogenoemde boekies is baie goedkoop en dun, en *behoort* tot Macmillan se reeks kinderklassieke (Macmillan's Children's Classics Series). Hulle moet in die *aangeduide volgorde* gelees word.

belongs.

Ook die volgende boekies uit Juta se Kinderbiblioteek kan ons in hierdie stadium aanbeveel :—

indicated order.

No. 1 : Vier kinderstories (Kinders van die Kalaharie, Onie, Ou Geelbooi, Slim se Baas), deur J. D. Olwagen.

No. 2 : Drie kinderstories (Die Sirkus, Die Erfgenaam, Oom Kalie se Stories), deur J. D. Olwagen.

No. 3 : Vier kinderstories (Die Stompstertesel, Die Wegraak van Entie, Meneertjie van die Kaap, Die Snaakse Trouery), deur J. D. Olwagen.

No. 4 : Drie kinderstories (Peetsie Ja-Tante ; Seppie ; Dodse, Sjeffie en Fordjies), deur J. D. Olwagen.

Nadat u van hierdie boekies gelees het, sal ons u aanraai om van die volgende te probeer :—

1. Die Vreemde Ondervindinge van Jan Harmse, dele 1, 2 en 3. (Dr. Skaife.)
2. Praatjies met die Kinders. (Dr. C. L. Leipoldt.)
3. Vakansie in Friesland. (H. Luhis.)
4. Van die Aarde na die Sterre, Dele 1 en 2. (Langenhoven.)
5. Die Lig van Verre Dae. (Langenhoven.)
6. Loeloeraai. (Langenhoven.)
7. Die Sewe Duiwels. (Cachet.)

TOETS DRIE.

1. Gebruik die volgende woorde in kort sinne:—

Onderneem, teruggaan, moenie, rekening, Maandag, volgende, gordyne, voornemens, snaaks, verniel.

(10)

2. Skryf die regte vorm van die byvoeglike naamwoor tussen hakies, en vertaal :—
 'n (aangenaam) dag ; 'n (woelig) straat ; 'n (lui) kind ; 'n (laf) grap ; 'n (leeg) rivier ; 'n (trots) ouer ; (vroeg) vrugte ; 'n (geskik) present ; (diep) water ; 'n (wreed) Kaffer. (10)

3. Gee die trappe van vergelyking van :—
 Moeg, hoog, breed, sleg, eerlik, swaar, dwaas, nuut, verlate, skatryk. (10)

4. Gee die meervoud van die volgende woorde :—
 Weg, oorlog, duif, hemp, maag (2), sekretaris, lam, saal, lid, genot, vrag, vors, voog, skip, stad. (8)

5. Vul in die regte voornaamwoorde :—
 (1) Het....die perd van....vader gesien ?
 (2) Dis nie....perd nie, dis....
 (3) Ek het....in die tuin gesien, pluk blomme.
 (4) Is daardie potlood.... ? Mag... dit maar neem ?
 (5) Hy was....gesig en sy speel op....klavier. (5)

6. Vertaal :—
 (1) Die eksamenwerk het ons die hele jaar besig gehou.
 (2) Gister was die kantoorseun afwesig en toe moes ek self die boodskappe doen.
 (3) Die tikster het haar werk so goed verstaan dat daar selde 'n spelfout in haar werk was.
 (4) Meneer—U brief van 18 deser het ek ontvang en in antwoord daarop moet ek u berig dat dit my innig spyt om van u te verneem dat u geen verder gebruik van my dienste sal kan maak nie.
 (5) In sommige van die kiste was daar meer blare as vrugte en ek het die bestuurder daaroor gespreek. (10)

7. Vertaal :—
 (1) We shall be glad if you will send the goods immediately.
 (2) He will meet me at the station at ten o'clock on Wednesday morning.
 (3) I bought grapes, peaches and plums, but I did not buy oranges because they are too dear.
 (4) A pleasant holiday, a good rest and much fruit will make you healthy and strong.
 (5) The new book which lies on the long table is mine, not John's. (15)

8. Skryf 'n brief van omtrent 20 reëls aan u vriend waarin u hom vertel wat u moeilikhede is by die studie van Afrikaans, dat u vordering (progress) maak met u studies, en waarom u Afrikaans leer. (32)

LES VEERTIEN.**VERBUIGING VAN SELFSTANDIGE****NAAMWOORDE—GESLAG.****INFLECTION OF NOUNS—GENDER.**

Just as in English, there are three genders in Afrikaans—masculine, feminine, and neuter. Nouns denoting living beings are either masculine or feminine, according to sex, whilst those referring to inanimate objects are neuter.

Certain nouns are inflected to distinguish between the masculine and feminine genders, whilst in others the same word is used with the addition of a prefix to denote gender (cf. English *he-*, *she-*, etc.). Again, as in English, different words are sometimes used to distinguish between the masculine and feminine.

Examples.

(1) Feminine nouns formed by inflecting the masculine forms by the addition of suffixes.

Prefix.

in	Beer (bear)	berin (she-bear)
	boer (farmer)	boerin (lady farmer)
	god (god)	godin (goddess)
	graaf (count)	gravin (countess)
	heiden (heathen)	heidin (heathen)
	held (hero)	heldin (heroine)
	hertog (duke)	hertogin (duchess)
	Jood (Jew)	Jodin (Jewess)
	keiser (emperor)	keiserin (empress)
	koning (king)	koningin (queen)
	christen (christian)	christin (christian)
	tsaar (czar)	tsarin (czarina)
	voors (monarch)	vorstin (monarch)
	vriend (friend)	vriendin (lady friend)
	wolf (wolf)	wolvin (she-wolf)
es	baren (baron)	barones (baroness)
	bedelaar (beggar)	bedelares (female beggar)
	digter (poet)	digteres (poetess)
	onderwyser (teacher)	onderwyseres (female teacher)
	prins (prince)	prinses (princess)
	profeet (prophet)	profetes (prophetess)
	sanger (singer)	sangeres (lady singer)
	sondaar (sinner)	sondares (sinner)
	voog (guardian)	voogdes (lady guardian)

e	eggenoot (husband) president (president) sekretaris (secretary) tesourier (treasurer)	eggenote (wife) presidente (lady president) sekretaresse (lady secretary) tesouriere (lady treasurer)
se	akteur (actor) direkteur (director) eksaminator (examiner) inspekteur (inspector) redakteur (editor) lektor (lecturer)	aktrise (actress) direktrise (directress) eksaminatrice (lady examiner) inspektrise (inspectress) redaktrise (editress) lektrise (lady lecturer)
ster (usually nouns formed from verbs).		
	bakker (baker) kleremaker (tailor) koper (purchaser) skrywer (writer) spreker (speaker) tikker (typist) werker (worker)	bakster kleremaakster koopster skryfster spreekster tikster (typiste) werkster

(2) Gender indicated by prefixing or suffixing the words **mannetjie** (male), and **wyfie** (female).

leeumannetjie (lion)	leeuwwyfie (lioness)
gansmannetjie (gander)	ganswyfie (goose)
volstruismannetjie (cock)	volstruiswyfie (hen ostrich)

ostrich)

(3) Different words used to distinguish between genders.

baas (master)	nôi, nooi (mistress)
beer (boar)	sog (sow)
broer (brother)	suster (sister)
bul (bull)	koei (cow)
bruidegom (bridegroom)	bruid (bride)
buurman (neighbour)	buurvrou (neighbour's wife)
burgemeester (mayor)	burgemeestersvrou (mayoress)
heer (gentleman)	dame (lady)
haan (cock)	hen (hen)
hings (stallion)	merrie (mare)
hingsvul (colt)	merrievul (filly)
jong (manservant)	meid (maidservant)
jongetjie (boy)	meisie (girl)
monnik (monk)	non (nun)
man (man, husband)	vrou (woman, wife)
neef (cousin)	niggie (female cousin)
oom (uncle)	tante (aunt)
oujonkman (bachelor)	oujongnôi (spinster)
oupa (grandfather)	ouma (grandmother)
pa (father)	ma (mother)
peetoom (godfather)	peettante (godmother)

ram (ram)	ooi (ewe)
reun (dog)	teef (bitch)
seun (son)	dogter (daughter)
swaer	skoonsuster (sister-in-law)
skoonbroer	brother-in-law
stiefvader (step-father)	stiefmoeder (step-mother)
strooijonker (best man)	strooimeisie (bridesmaid)
vader (father)	moeder (mother)
wewenaar (widower)	weduwee (widow)

Oefening 14a.

1. Gee die vroulike vorme van :—

egggenoot (husband)	reun (dog)
inspekteur (inspector)	jong (coloured servant)
Jood (Jew)	sekretaris (secretary)
voog (guardian)	sondaar (sinner)
ram (ram)	tikker (typist)

2. Gee die manlike vorme van :—

berin (she-bear)	meisie (girl)
merrie (mare)	bruid (bride)
hen (hen)	wyfiesiant (hen pheasant)
ouma (grandmother)	hertogin (duchess)
tierwyfie (tigress)	koei (cow)

Oefening 14b.

Verander die geslagte van al die selfst. naamwoorde en voornaamwoorde wat tussen hakies is :—

1. My (broer) is 'n *kosganger* by die (jongetjieskool) in die Paarl. Die (hoofonderwyser) is een van my (vader) se oudste (vriende).

boarder.

2. Die (president) van die vereniging is 'n (heer) wat ek vir jare geken het. Die (sekretaris) en die (tesourier) is ook (here) van die grootste *opregtheid*.

integrity.

3. Die (koning) en (sy) (seun) die (prins) het 'n *besoek* by die (keiser) *afgelê*.

paid a visit.

4. Die (jong) het 'n *boodskap* aan (sy) (baas) geneem.

message.

5. Die (vrou) van die (digter) was *vroeer* 'n (aktrise).

formerly.

6. My (oom) het 'n (bedelaar) in die dorp ontmoet. (Hy) wou nie vir (hom) geld gee nie, maar (hy) het belowe om vir (hom) werk te vind.

clearly.

7. Die (sanger) het 'n sterk stem wat agter in die saal *duidelik* gehoor kan word.

ordered.

8. Die (vors) wat *vroeer* 'n (heiden) was is nou 'n (christen). (Hy) het (sy) volk *beveel* om hulle valse (gode) te *vernietel*.

destroy.

9. Die nuwe (baron) wat 'n (Jood) is, is 'n (neef) van die vorige houer van die titel.

10. Die (held) het in die see gespring, en het die (dogter) van die (hertog) gehelp.

Oefening 14c.

Vertaal :—

1. The eldest son of the King and Queen of England is the Prince of Wales and the second son is the Duke of York. The King's other sons are princes and his daughters princesses.
2. The baron, who is a good hunter (jagter), shot a bull-elephant, two lions and a lioness.
3. The old gray mare is the better horse.
4. The Mayor and Mayoress were on the station, but the Duke and Duchess did not come.
5. The girl is a Jewess, whose father came to South Africa three years ago.
6. Diana was the goddess of the Chase (Jagveld), Venus the goddess of Love and Minerva the goddess of Wisdom (Wysheid).
7. I bought six hens, a cock, four Aylesbury ducks and a drake. What did you buy ?
8. She is not a teacher at the Girls' School but a lecturer at the Technical College.
9. She is now an inspectress ; the headmistress was very sorry to lose her, as she was a good teacher.
10. Mrs. Brown was elected (gekies) captain, Miss Jones treasurer and Miss Mann secretary.

Oefening 14d.

Maak sinnetjies met :—

reun	} jong	} klere	} bevel
reën	jongetjie	kleure	gebod
		maar	
		maer	

Oefening 14e.

Gee die betekenis en meervoud van :—

Seun, seën, been, aanbod, gebod, gebed, pad, stad, lip, skip, onmoontlikheid, bedrag, bedrog, wolf, stof, hof, oorlog, voog, sekretaris, teef.

LEESOEFENING.

DIE TRANSPORTRYER.

Dis 'n stil someraand. Omtrent 'n uur gelede het die son ondergegaan en sy laaste *strale* het die bergtoppe en die lug met pragtige kleure geverf. In die *verte* het op die top van 'n bult 'n ossewa verskyn, wat 'n mens vir 'n oomblik duidelik teen die helder lug kon sien. Maar die

rays.
distance.
clearly.

wa het gou weer in 'n duik verdwyn, en die kleure in die lug het dower en dower geword, totdat alles *naderhand* donker was.

Hier onder in die vlei langs die spruit is die *vinke reeds* almal in hul nessies wat aan die riete hang. Die sagte windjie wieg hulle nessies *heen en weer* en *sus* hulle aan die slaap. Maar noudat die voëltjies stil is begin die paddatjies langs die water en die kriekies in die veld. En die sterretjies *loer* in die water tussen die riete deur om te sien wie so mooi sing.

Skielik hou die paddatjies almal *gelyk* op met sing, en nou kan 'n mens van ver af die geluide hoor van 'n wa wat nader kom. 'n Mens kan hoor hoe die drywer sy *sweep* klap en met die osse praat. *Langsamerhand* word die geluide duideliker en nou kan 'n mens ook hoor hoe die wa *kreun* onder sy swaar vrag. *Eindelik* verskyn die wit tent en die sestien rooi afrikanerosse. By die drif span die togryer (transportryer) en sy Kaffer uit, en een vir een stap die osse na die water om te drink na die lang trek van die middag.

Die Kaffer bring droë hout en langs die wa, onder die groot doringboom, maak hy vuur. Die togryer kom terug van die drif waar hy sy keteltjie gaan vol maak het, en nadat hy die ketel op die vuur gesit het, *krap* hy met 'n stok 'n paar kole reg om sy vleis op te braai. Binnekort vervul die geur van braaivleis en koffie die lug, en met 'n *sug* gaan sit die togryer op sy veldstoeltjie langs die vuur om sy honger te stil. Nadat hy sy tweede beker koffie gedrink het, gooi hy weer 'n paar *stukke* hout op die vuur en *steek* dan sy *pyp* op. Die blou rookwolke *krul* tussen die doringtakke op, en die fikkerende vlamme van die vuur verlig sy bruin-gebrande *gesig*, terwyl hy vooroor, met sy elmboë op sy knieë, in die kole sit en staar.

Tien jaar al is hy 'n togryer, en gedurende dié tyd het hy *teenspoed* sowel as *voorspoed* gehad. Vyf jaar gelede het sy wa en osse met die groot reëns in 'n rivier vasgeval en *afgespoel*. Toe moes hy weer van voor af begin. As hy hierdie vrag nou *veilig* in Pretoria kan aflewer, dan sal hy *in staat wees* om sy laaste *skuld* op die wa en osse wat hy daarna gekoop het, af te betaal, en . . . miskien sal hy nog 'n paar pond oorhou om vir sy vrou en kindertjies 'n paar dinge te koop: suiker en *kerse* en koffie, 'n paar jaart *sis*, 'n knipmes vir sy seuntjie, en 'n pop vir elkeen van die drie dogtertjies. Hulle slaap seker alreeds, in die klein *vaal* huisie daar ver in Noordelike Transvaal—en miskien droom hulle dat Pappie terug is, en vir hulle heerlike speelgoed van die groot stad saamgebring het.

hollow ; dis-
[appeared.
afterwards.

finches ;
[already.

rocks.
to and fro.
[hushes.
alongside.
peep.

suddenly.
together.
whip.
gradually.

moans ; at last.
;

scratches.
a few.

sigh.

pieces.
lights ; curl.

face.

adversity ;
[prosperity.
wash.

safely.
be able ; debt.

candles.
chintz.

grey.

continue.

Hy sal nou ook maar gaan slaap, want môre, as die dag breek, moet hy weer sy reis *voortsit*. Langs die vuurtjie wat nou byna uitgebrand is, rol hy hom in sy kombers toe. Hy sluit sy moeë oë en sink weg in soete slaap.

bedewed.
sparkle.

Die stilte van die somernag rus op die veld—alleen die lied van die paddatjies klink nog voort, die geur van *bedoude* blomme word deur 'n sagte windjie versprei, en die sterretjies *skitter* helder in die lug.

LES VYFTIEN.**VERBUIGING VAN SELFSTANDIGE NAAM-
WOORDE—VERKLEINWOORDE.****INFLECTION OF NOUNS—DIMINUTIVES.**

Diminutives are very largely used in Afrikaans, not only for the purpose of indicating smallness or diminution but also for the purpose of expressing a variety of ideas or feelings, such as endearment, familiarity or contempt. So prone is the Afrikaner to the use of diminutives, that he will frequently emphasize the effect by using, in addition, the word „klein” (an idea not unknown in English, e.g. „a wee little birdie”).

Diminutives may be formed from most nouns by adding to the stem the suffix **ie** or some modification of this suffix where required for the sake of euphony.

RULES.

Nouns form their diminutives by adding the suffix—

- (1) **IE** when they end in **s, k, p, g, f** (mnemonic “**skaapgif**”).
- (2) **JIE** if ending in **d** or **t**.
- (3) **TJIE** (a) if ending in **l, n, or r** preceded by a long vowel, diphthong, or short *unaccented* vowel.
(b) if ending in a vowel or diphthong.
- (4) **ETJIE** when ending in **l, m, n, or r** preceded by a short *accented* vowel.
- (5) **PIE** if ending in **m**, preceded by a long vowel, a diphthong, **oe, ie**, an unaccented vowel, or the consonants **l** or **r**.
- (6) Nouns ending in **NG** :—
(a) change the final **g** into **k** and add **ie** if the penultimate syllable is *accented*.
(b) add **etjie** in other cases.

This last rule however is not absolute, and the tendency is to use the suffix **kie** in all cases where this ending gives a more harmonious combination—i.e. in all nouns of two or more syllables.

Examples.

(1) IE	S.	huis (house) les (lesson)	huisie lessie
	K.	tak (branch) boek (book)	takkie boekie
	P.	pop (doll) stap (step)	poppie stappie
	G.	dag (day) lig (light) sug (sigh)	daggie liggie suggie
	F.	brief (letter) duif (dove)	briefie duifie
(2) JIE	D.	meid (servant) lied (song)	meidjie liedjie
	T.	pot (pot) maat (comrade)	potjie maatjie
(3) (a) TJIE	L.	saal (hall) voël (bird) lepel (spoon)	saaltjie voëltjie lepeljie
	N.	been (leg) seun (boy) laken (cloth)	beentjie seuntjie lakentjie
	R.	vuur (fire) bedelaar (beggar) moeder (mother)	vuurtjie bedelaartjie moedertjie
(3) (b) vowel or diphthong		pa (father) fee (fairy) vrou (woman)	paatjie feetjie vrootjie
(4) ETJIE	L.	val (fall) bevel (order)	valletjie bevelletjie
	M.	lam (lamb) trem (tram)	lammetjie tremmetjie
	N.	man (man) son (sun)	mannetjie sonnetjie
	R.	ster (star) kar (car)	sterretjie karretjie
(5) PIE	M.	boom (tree) duim (thumb) skelm (rogue) wurm (worm)	boompie duimpie skelmpie wurmpie

(6) KIE of ETJIE	koning (king)	koninkie
	woning (dwelling)	woninkie
	ding (thing)	dingetjie
	ring (ring)	ringetjie
	rekening (account)	rekeninkie
	wandeling (walk)	wandelinkie

A number of words in Afrikaans now only exist in their diminutive forms, the original words from which they are derived having fallen into disuse or acquired other meanings.

Examples.	bietjie (little)	koppie (cup)
	boontjie (bean)	meisie (girl)
	baadjie (jacket)	jongetjie (boy)
	mandjie (basket)	boordjie (collar)
	ertjie (pea)	etc.

The following irregular diminutives should be noted
(Let op die volgende onregelmatige verkleinwoorde) :—

blad (leaf of a book)	blaadjie	gat (hole)	gaatjie
glas (glass)	glasie	lewe (life)	lewentjie
nôi (mistress)	nôientjie		lewetjie
spel (play)	spelettjie	pad (road)	paadjie
	(Also spelletjie)	vat (vat)	vaatjie
wa (waggon)	waentjie	rib (rib)	ribbetjie

Oefening 15a.

Gee die verkleinwoorde van die volgende :—

beker	blom	moerbei (mulberry)
skottel	winkel	kostuum
spreeu	leerling	kous (stocking)
pit	les	hok (pen, shed)
oom	onderwyser	geweer (gun)
stoel	skelm	tafel
lepel	lam	fout (mistake)
vurk	perd	stuk (piece)
vis	horing	poskar (mail coach)
nag	hoed	skip
deur	moeder	pyp
rottang(cane)been		spook (ghost)
tuin	nôi	emmer
appel	nuusblad	manel
wa	punt	bal
rivier	mes	pan
kind	aarbei	hamer
kamer	tapyt	saag (saw)

Oefening 15b.

Skryf die volgende sinne oor, en gee die verkleinwoorde van al die selfst. naamwoorde :—

donkey.
nail.

snake.
appears.

pail.

1. Die boer het vir sy vrou 'n ring gekoop.
2. Die kinders het pruime van die boom afgeluk.
3. Die kind ry in 'n kar wat deur 'n esel getrek word.
4. Hierdie seun het probeer om die *spyker* met 'n hamer te slaan, maar in plaas daarvan het hy sy duim geslaan.
5. Toe ek op die stoep gespeel het, het ek 'n *slang* gesien.
6. Daar was ses appels aan die boom, maar dit *blyk* dat die seuns drie daarvan gesteel het.
7. Die vrou het net 'n *emmer* van die melkkamer ingebring.
8. Hierdie hoenders het begin lê. Ek het twee eiers in die nes gevind.
9. Sit hierdie blomme in die vaas wat op die tafel staan. Jan het hulle in sy tuin gepluk.
10. Daar is 'n rottang in die skoolmeester se kamer. Hy gebruik dit om die lui seuns daarmee te straf.

Oefening 15c.

Turn back to exercises 13c and 13d and re-write the sentences given in these exercises, using throughout the diminutive forms of the italicized nouns.

dig.
hedge.
doll.

bent.
pin.

Skryf die volgende sinne oor en gee die verkleinwoorde van die selfst. naamwoorde :—

1. Het jy die ring op my suster se vinger gesien ?
2. My oom het belowe om vir my 'n kalf te gee. Ek wou liewer 'n lam hê.
3. Die seuns skiet voëls in die bos. Dis jammer om die voëls dood te maak.
4. Die kuikens hou van die wurms wat ons kry as ons in die tuin *spit*.
5. Daar is 'n gat in die *heining* wat om ons huis is.
6. Hierdie meisie het 'n huis vir haar *pop*. Dis 'n mooi huis ; selfs die deure en die vensters kan oopgemaak word.
7. Pas op as jy rose van die bos afpluk. Daar is dorings aan die takke.
8. Jan het 'n wa wat deur 'n bok getrek kan word.
9. Moenie bang wees nie ; die esel sal jou nie skop nie.
10. Ek het hom 'n skelm genoem want hy het 'n *gebuijde speld* op sy meester se stoel gesit.

Oefening 15e.

Vertaal in Afrikaans en gebruik die verkleinwoorde van die selfst. naamwoorde waar moontlik :—

1. One of our neighbours has promised to give me a kitten. I don't like cats, and would rather have a little dog.

spens.

2. There were a few cakes on a plate in the *pantry*, but the children must have stolen them, for they are not there now.

3. We found a bird's nest in the hedge near the house. In it were three little blue eggs.

stel ;
timmermans-
[gereedskap.

4. I want to buy a present for a little boy. Have you a *set of carpenter's tools* ?

skroewedraaier ;

bítel ;

[duimstok

tekens.

5. I think this set would be very suitable for a boy about ten years old. It contains a saw, a hammer, a screwdriver, a chisel and a foot-rule.

6. A mouse has made a little hole in this box. You can see the *signs* of its sharp teeth on the wood.

potlood.

7. Take this little chair to the garden, and sit under the trees and read your book.

8. I don't want to read. May I have a *pencil* and paper, so that I can write a letter to Aunt Mary ?

wip, val.

9. This poor little bird has broken its leg. I think it must have been caught in a *trap*.

10. Put on your hat and *coat* if you want to go out. It is very cold outside.

baadjie

LEESOEFENING.**MAMMIE SE KRULKOPPIE.**

Sy is nou net 'n jaar oud, Moeder se Krulkoppie. Haar regte naam is *einlik* Marie, maar ons noem haar Krulkoppie omdat haar blonde haartjies so *weelderig* oor haar koppie krul. Die krulletjies het die helder goudkleur van die mōreson, en is so sag soos fyn sy. Moeder sou haar seker Sybokkie genoem het as Krulkoppie nie 'n mooier naampie was nie.

really ; call.
luxuriantly.

Sy kan nog nie loop nie, Mammie se *stoute* kindjie ; al is haar beentjies sterk genoeg, sy het nog nie geleer om haar te balanseer nie. Sy kan nog net teen stoele en tafels opstaan om dan maar weer *plat* te val. Maar sy kan baie vinnig *kruip*, nes 'n bobbejaantjie op haar handjies en voetjies. En dan word sy natuurlik baie vuil, want orals moet sy alles *ondersoek*. Die wêreld is vir haar nog 'n groot en heerlike *nuwigheid*. Elke gaanjie en *skrefie* in haar wêreldjie is vir haar vol wonderlike moontikhede, en sy is nooit tevrede voordat sy nie alles goed ondersoek het nie.

naughty.

flat.
crawl.

investigate.
novelty.
little opening.

is interested.
right.
dons = down,
[fluff.
insignificant.
grain.
little sounds.

else.

jerk.
pastime.

little crust :
deserve.
demands.
to her liking.
disappointment.

punish.
fondle.

enjoys.
snorts.

tricks, stunts ;
begin.

Krulkoppie het baie speelgoedjies : klokkies, poppies, prentjies, blikkies, en baie meer. Sy word egter gou moeg vir haar gewone speeldingetjies, en dan is dit snaaks om te sien waarin sy *belang stel*. Dikwels kruip sy *dwars*-oor haar veelkleurige speelgoed om 'n klein veertjie of *donsie* aan die ander kant op te tel. Partykeer is dit 'n *nietige sandkorreltjie* of 'n stokkie. Dit hou sy dan hele minute tussen haar vingertjies, en draai dit om en om, terwyl sy allerhande snaakse *geluidjies* maak.

Krulkoppie speel nie die hele dag nie. As sy moeg is, dan lê sy op haar kussinkie, wat altyd naby haar lê en waarvoor sy baie lief is. Dan „*doe-doe*“ sy—om een van haar eie woordjies te gebruik. Of *anders* sit sy met haar hand in haar mondjie en voel of haar vier tandjies nog almal daar is. Partykeer probeer sy allerhande dinge. So het ek al gesien dat sy haar oortjies lank vashou en aan hulle *ruk* asof sy seker wil maak dat hulle goed vas is. Een aangename *tydverdryf*—wat ook vir haar goede oefening gee—is om haar toontjie te soen of in haar mondjie te steek.

Partymaal is sy taamlik stout, die klein meisiekind. Sy staan by 'n stoel of teen haar Mammie en skree asof haar hartjie wil breek. Dit is gewoonlik wanneer sy honger is, of wanneer sy meen dat sy soet genoeg was om 'n koekie of 'n *korsie* te verdienen. Kos van enige deskripsie moet 'n mens nie naby haar bring nie, anders *eis* sy ook 'n stukkie. As dit nie gou genoeg—of gou genoeg *na haar sin*—aan haar gegee word nie, dan gee sy haar *teleurstelling* te kenne met die volle krag van haar gesonde longetjies. Sy het mos lankal uitgevind dat haar traantjies die allerbeste wapen is om haar sin te kry en dat dit vir Mammie baie swaarder is om haar te *straf* as om haar te *troetel*.

Sy hou net nikks van koue water nie, ons Krulkoppie, maar saans as sy in haar badjie vol lekker warm water is, dan *geniet* sy die lewe. Sy slaan die water met haar handjies en babbel en *proes* en raas dat 'n mens dit wie-weet-waar kan hoor. Die hele gesin, dit wil sê ook Pappie en Boetie, is teenwoordig om te sien watter snaakse *kaskenades* sy alles *aanvang*. Boetie, wat vier jaar oud is, is natuurlik 'n groot mannetjie al, veels te groot om van Sussie te veel notisie te neem.

Saans, as sy lekker skoon gebad is, en sy lê in haar klein bedjie, gerieflik en warm, dan is sy—en Moedertjie ook—die gelukkigste. Moeg en vaak, met 'n lang dag van speel agter die rug, val sy gou aan die slaap om te droom van veertjies en dosies en al die dinge wat haar klein kinderwêrldjie vorm.

LES SESTIEN.**DIE VOORSETSEL—THE PREPOSITION.**

A preposition is a word which indicates the relation between the noun or pronoun (which it is said to "govern") and some other word; thus, die huis **met** die wit dak; die boom **in** die tuin; die meul **op** die koppie; ek gee hierdie boek **vir** hom.

As most students experience some little difficulty in finding the Afrikaans equivalents for the English prepositions, the following notes are appended. Observation and practice, however, are necessary in order to be able to determine the right use of Afrikaans prepositions, and a tendency to a too literal translation should be avoided.

TO The English preposition "to" may be translated in Afrikaans by **na**, **aan**, **vir**, **tot**, etc.

na implies motion towards (usually towards a place).

e.g. Sal jy Saterdag **na** Muizenberg gaan?
Hy sal **na** my kom as ek hom roep.
Ek gaan **na** die voetbalwedstryd.

na is usually used in combination with the preposition **toe** (towards) which merely serves to emphasize the idea of motion towards.

e.g. Ek gaan **na** die poskantoor **toe**.
Vanaand gaan ons **na** die bioskoop **toe**.
Ek sal 'n kissie vrugte **na** die stasie **toe** stuur.

toe, however, is frequently used instead of **na**.

e.g. Môre sal ek dorp **toe** gaan (or, **na** die dorp **toe** gaan).

Die boer stuur sy vrugte mark **toe**, or
" " " **na** die mark, or
" " " **na** die mark **toe**.

As hy sy kursus voltooi het, gaan hy huis **tee** (home).

vir " " " To ", when it has the force of the dative case, or when it precedes or introduces the indirect object, is usually translated by **vir**.

Neem hierdie blomme **vir** jou moeder.
Stuur hierdie brief **vir** (or **aan**) die bestuurder.

but

Stuur hierdie brief **na** die poskantoor **toe**.

In the last sentence, the idea of motion towards (a place) is more strongly emphasized.

tot is used to translate "to" only when it implies the idea of "till" or "until." "As far as" is often translated by **tot by**.

e.g. Ek het van sonop **tot** sononder gewerk.
(I worked from sunrise to sunset).

Die trein gaan **tot by** Stellenbosch.
(This train goes to (as far as) Stellenbosch.)

ON

"On" is usually translated by **aan** (where "suspension" is implied) or **op** (where rest is indicated).

e.g. Sit hierdie boek **op** die tafel.

Die telefoon in sy kamer staan **op** die skryftafel. Dit hang nie **aan** die muur nie.

Die appels wat gister **aan** die boom gehang het lê nou **op** die grond.

Notice :

Hy speel **op** die klavier, en sy suster speel **op** die viool.

(He plays the piano, and his sister plays the violin).

AT

may be translated by :

aan Practice alone will enable the student to
by determine which of these prepositions to
op use, but the examples below will serve as a useful guide.

om in connection with *time*.

teen in connection with *price* and *rate*.

e.g. Ons het **aan** tafel vir aandete gesit, toe iemand **aan** die deur geklop het.

My suster volg 'n kursus **aan** die universiteit.

Sy dogter is nou **op** skool **in** Kaapstad.
Hy het sy vakansie **by** die see deurgebring.

Om tienuur sal ek jou **op** die stasie ontmoet.

Om tienuur sal ek jou **by** die poskantoor ontmoet.

Saterdag was hy **by** die krieketwedstryd **op** Nuweland.

Hy woon **op** Stellenbosch, maar ek het hom **by** 'n koffiehuis **in** Johannesburg ontmoet.

Botter word **teen** twee sjielings 'n pond verkoop.

Consols word **teen** pari verkoop.

"at" a place is usually translated by **by** or **op**, but the tendency appears to be to use **op** if in English the word "on" could conceivably be substituted, e.g. **op** die stasie (at the station, or on the station), **op** die pier, **op** my oom se plaas. If proximity is denoted, or if the word "at" does not actually signify "on" or "upon", **by** is used, e.g. **by** die huis; **by** die see.

at a large town would be translated by **in**, but **at** a small place by **op**.

e.g. Ek gee onderwys **in** Kaapstad—my broer **op** Lady Grey.

FROM is translated by—

van (usually from a person).

van....af (from a place, or from a date), or **uit** (in cases where "from" implies the idea of "issuing from" or "out of").

No definite rules can be laid down with regard to the use of these prepositions, but the following sentences will act as a general guide.

Ek sal **van** Vrydag **tot** Maandag **by** die see deurbring.

Ek het 'n rekening **van** my snyer gekry.

Ek het 'n brief **van** my moeder ontvang.

Hy het 'n telegram **van** Stellenbosch **af** gestuur.

Verlede jaar het hy **van** Johannesburg **na** Kaapstad gekom.

Die seilskip wat by die dokke lê kom **van** Swede **af**.

Die aap kom **uit** die mou.

(Afr. idiom: literally "The ape comes out of the sleeve." Eng. idiom: "The cat is out of the bag").

Om half-ses sal jy die werksmense **uit** die fabriek sien kom.

AFTER **na** when used in relation to **time**.

agter when used in connection with **place** in the sense of "behind."

e.g. **Na** die aandete gaan ons bioskoop toe.

Ek het **agter** hom in die bioskoop gesit. Die hond loop **agter** die kar; **na** 'n tydjie sal hy moeg word.

WITH may be translated by **met**. Often, however, to express the idea of "together with," **saam** is used—sometimes alone, but more frequently in combination with **met**.

e.g. Ek het hom **met** sy moeder in Kaapstad gesien.

As jy môre stad toe gaan, sal ek die goed **saam met** jou stuur.

Die koeie wei op die veld **saam met** hulle kalwers.

Môre gaan my pa Tulbagh toe. Ek gaan **saam**.

(My father is going to Tulbagh to-morrow. I am going with him.)

The following prepositions are in common use, and should be known:—

aangaande (concerning)	omtrent (about)
behalwe (except)	sedert (since)
binnekant (inside)	sonder (without)
deur (through, by, by means of)	teenoor (towards, opposed to)
gedurende (during)	teen (against)
in (in, into)	ter wille van (for the sake of)
in plaas van (instead of)	tot (till, until)
naby (near to)	tussen (between)
om (round, at, for the sake of)	uit (out of)
oor (over, on account of)	verby (past, beyond)
onder (under, among)	voor (before, in front of)

omtrent (about)	teenoor (towards, opposed to)
sedert (since)	teen (against)
sonder (without)	ter wille van (for the sake of)
teenoor (towards, opposed to)	tot (till, until)
teen (against)	tussen (between)
ter wille van (for the sake of)	uit (out of)
tot (till, until)	verby (past, beyond)
tussen (between)	voor (before, in front of)
uit (out of)	volgens (according to)

When there is motion into or out of a place, the prepositions **in** and **uit** are frequently used twice, merely for the sake of emphasis, e.g. kom **uit** die huis **uit**.

Note also.—By train, tram = **per** trein, trem or **met** die trein, trem, but on foot, horseback = **te voet**, **te perd**.

Oefening 16a.

Vertaal :—

- Ek het 'n kaartjie na Worcester gekoop, maar ek wil op die Paarl uitklim.
- As jy na Kaapstad gaan, kan jy koekies by die winkel op die hoek van Hoogstraat koop.
- Wanneer gaan u u vakansie by die see deurbring ? Is u van plan om weer na Muizenberg te kom ?
- Die Goewerneur-Generaal kom aanstaande Vrydag om tienuur op die stasie aan. Hy sal deur Adderleystraat ry om die parlement te open.
- My moeder is vandag by die huis. Môre sal sy dorp toe gaan en sal die hele dag van die huis af wees.
- Kruier*, gaan dié trein net tot by die Paarl, of gaan dit verder ?
- Ek het hom op die *landboutentoonstelling* ontmoet. Hy het gistermôre van Ficksburg af gekom.
- Gee hierdie mandjie vrugte vir jou suster en sê vir haar dat ek haar môre by die tenniswedstryd op Rondebosch sal sien.
- Aan wie moet ek die goedere *lewer* wat u bestel het ? Sal ek dit na die stasie stuur, of wil u dit by die huis gelewer hê ?
- Sit hierdie blompot op die tafel wat by die venster is, en hang die prente aan die muur.

Porter.

agricultural [show.

deliver.

view.
entrance.
allowed.

lead ; public.
rubbish.
back yards.

Oefening 16b.

Vertaal :—

- Die *uitsig* van die pier af op die stad is wonderlik mooi. By die *ingang* moet 'n mens eers betaal voordat jy *toegelaat* word om op die pier te gaan.
- Toe hulle by die kantoor kom, het hulle vir die bestuurder verlof gevra om my huis toe te laat gaan.
- Van Maandag af skryf die leerlinge elke dag eksamen ; party van hul skryf twee onderwerpe op één dag.
- Die burgemeester neem die *voortou* by alle *openbare* funksies.
- Die munisipaliteit neem die *ruialgoed* van die strate en uit die *agterplose*.
- Die water in die ketel is aan kook. Die tee is op die rak in die spens.

7. Sal jy jou rekening betaal as jy na die winkel gaan ?
 8. Moeder sit by die tafel en dink aan haar dogter wat aan *tering ly*.
 9. Die brief is geskryf deur die seun wat by die deur ingekom het. Hy moet deur die rivier swem om die brief te pos.
 10. Die kind lag vir die *skaapwagter* wat om agtuur om die kraalmuur loer om te sien of die baas kom.
 11. Terwyl Moeder na die portret kyk wat sy laat neem het van haar seun na hy van die oorlog gekom het, soek Vader sy pyp om nog 'n keer te rook voor hy na bed gaan.
 12. Sal jy my te hulp kom, want die kind het van die trein aangeval, en ek weet nie van watter stasie sy kom nie.

Oefening 16c.

Vul in die regte voorsetsels :—

1. Ek sal jou — tienuur — die stasie ontmoet.
2. Pieter het die glas, wat — die tafel gestaan het, — 'n stok afgeslaan. Die stukkende glas lê nou — die grond. Die meid sal die stukkies — 'n blik gooie.
3. Ek gaan — die poskantoor.
4. Ek ry — trem maar my suster loop — voet ; jy gaan seker — bus ?
5. Môremiddag sal ek nie — De Aar wees nie, maar — Kimberley.
6. Ons het — tafel gesit toe iemand — die deur geklop het.
7. My suster speel — die klavier — my moeder.
8. Druwe word nou — die mark — drie pennies die pond verkoop.
9. Hy is nie meer — skool — Kaapstad nie ; hy studeer — die Universiteit — Stellenbosch.
10. Stuur Jan — die winkel.

Oefening 16d.

Vertaal :—

1. On Saturday at one o'clock I saw you in Adderley Street.
2. I went to the market this morning, and bought twelve pounds of tomatoes at twopence a pound.
3. I am going with my mother to my uncle's farm. Our train leaves Cape Town (vertrek van) at half past nine.
4. My uncle will meet us at the station and take us to the farm in his car. The farm is about three miles from the station.

5. I took a shilling from my purse and gave it to a beggar who was standing at the corner of a street near the cafe.

Oefening 16e.

Skryf 'n opstel van omrent 20 reëls oor een van die volgende :—

- (a) Op die stasie.
- (b) By die see.
- (c) Diere.

LEESOEFENING.

SPOKE EN SPOOKSTORIES.

Dis 'n onderwerp wat alle mense in alle eue geboei het en nog boei. Praat van die weer of van die mode, van ape en ewolusie, en die gewone man sal met 'n halwe oor luister; sodra jy egter van spoke begin praat, sal almal hulle ore spits, want wie van ons is nie geïnteresseerd in hierdie onderwerp nie? Die bo-natuurlike het vir ons almal 'n wonderlike bekoring. Deur al die eue, van Adam en Eva se dae af, het die wesens aan die ander kant van die graf ons aandag geniet.

Wat baie opvallend is, is dat ons altyd wag totdat dit aand is voor ons met spookstories voor die dag kom. In die helder daglig verloor 'n spookstorie helfte van sy bekoring. Maar saans, as dit donker is en die gevare en geheime van die nag om ons is, dan is dit die regte tyd vir bo-natuurlike verhale. Veral in die winter, wanneer die koue winterwindjie deur die sleutelgat huil en ons orals geheimsinnige geluide hoor, veral dan hou ons van grusame spookverhale. As daar boonop 'n lekker vuurtjie en 'n goeie verteller is, is die atmosfeer vir 'n spookstorie perfek.

Dis egter baie belangrik dat die persoon wat vertel dié kuns goed moet verstaan. Van begin tot end moet hy sy hoorders boei. Deur sy woorde en gebare moet hy die regte spook-atmosfeer kan skep: die atmosfeer van vrees en geheimsinnigheid, met net genoeg bo-natuurlikheid daarin om die verhaal nie te onmoontlik te maak nie. Die hoorders moet elke oomblik voel dat die spook die volgende oomblik voor hulle oë kan verskyn. Om 'n spookstorie goed te vertel is seker nie 'n maklike taak nie.

Die vraag hoeveel ons glo van al die verhale wat ons hoor hang af van onsself. Party van ons glo alles wat vir ons vertel word, ander glo so 'n bietjie daarvan, terwyl

subjekt.
fascinates.
ordinary.
however.
prick up ears.
charm.
beings.
attention.
striking.
clear.
dangers.
secrets.
narratives;
[especially.
key ; cries.
mysterious.
sounds.
besides.
art.
actions.
create.
fear.
moment.
task.
believe.
depends on.

lasts.
 acknowledge.
 even.
 different.
 according to.
 learned men.
 area.
 guess.
 investigation.
 purpose.
 firmly.
 chat.
 matter.
 wireless
 fact.
 proofs.
 unless.

ander weer net glo solank soos die verhaal *duur*. Daar is egter seker baie min van ons wat absoluut nik glo nie. Miskien sal ons dit nie wil *erken* nie, maar dis tog waar dat die meeste mense aan spoke glo. *Selfs* goeie Christene sal vir jou vertel dat daar in die Bybel van spoke gepraat word.

Net soos daar *verskillende* soorte boeke is, so is daar verskillende soorte spoke en spookstories. Daar is, *volgens* die spook-kenners, goeie spoke en slechte spoke, terwyl baie *geleerde* sê dat daar 'n verskil is tussen 'n spook en 'n gees. Niemand van ons kan egter met enige sekerheid sê wat waar is en wat nie. Ons is hier op 'n *gebied* waar ons maar net kan *raai* en dink en teorieë vorm.

Dit wil natuurlik nog nie sê dat daar nie so iets soos bo-natuurlike wesens is nie. In die afgelope tien of vyftien jaar is daar honderde mense oor die hele wêreld wat 'n studie van die bo-natuurlike element in ons lewe begin maak het. Hierdie mense word spiritiste genoem. Die studie van „spoke“ en die *ondersoek* van die lewe na die dood, dis die *doel* van die spiritisme. Groot spiritiste soos Sir Arthur Conan Doyle, H. Dennis Bradley en Sir Oliver Lodge glo aan spiritisme so vas as wat hulle glo dat daar 'n son aan die hemel is. Hulle sê daar is nie alleen so iets soos geeste nie, maar dis moontlik om met daardie geeste te praat en om van hulle te leer. Baie van die spiritiste *gesels* met die geeste net soos u en ek met mekaar sou gesels.

Hoeveel daarvan waar is of waar kan wees, is baie moeilik om te sê. Elke mens moet die *saak* maar self ondersoek. In hierdie eeu van die telefoon, die *radio*, die vliegtuie en baie ander wondere is byna alles moontlik. Een ding is seker: as van die wêreld se grootste geleerde sê dat spiritisme 'n *feit* is, en as hulle boonop *bewyse* gee vir wat hulle sê, dan het ons nie die reg om sommer te sê dis alles leuens nie—*tensy* ons natuurlik kan bewys dat wat hulle sê onwaar is.

LES SEVENTIEN.**TELWOORDE—NUMERALS.**

The definite numeral adjectives are of two kinds :—
Cardinal numbers which indicate the number of things spoken of ; e.g. een, twee, drie, etc.

Ordinal numbers which indicate the position of things spoken of ; e.g. eerste, tweede, derde, etc.

Very little difficulty should be experienced in the use of these numerals, and the few comments it has been thought necessary to make are appended at the end of the following list :—

	Cardinal.	Ordinal.
1	een	1ste eerste
2	twee	2de tweede
3	drie	3de derde
4	vier	4de vierde
5	vyf	5de vyfde
6	ses	6de sesde
7	sewe	7de sewende
8	ag (agt)	8ste ag(t)ste
9	nege (neë)	9de negende (neënde)
10	tien	10de tiende
11	elf	11de elfde
12	twaalf	12de twaalfde
13	dertien	13de dertiende
14	veertien	14de veertiende
15	vyftien	15de vyftiende
16	sestien	16de sestiente
17	sewentien	17de sewentiente
18	agtien	18de agtiende
19	neëntien (negentien)	19de neëntiende (negentiente)
20	twintig	20ste twintigste
21	een-en-twintig	21ste een-en-twintigste
22	twee-en-twintig	22ste twee-en-twintigste
30	dertig	30ste dertigste
35	vyf-en-dertig	35ste vyf-en-dertigste
40	veertig	40ste veertigste
50	vyftig	50ste vyftigste
60	sestig	60ste sestigste
70	sewentig	70ste sewentigste
80	tagtig (taggentig)	80ste tagtigste (taggentigste)
90	neëntig (negentig)	90ste neëntigste (negentigste)

100	honderd	100ste	honderdste
101	honderd-en-een	101ste	honderd-en-eerste
500	vyfhonderd	500ste	vyfhonderdste
1,000	duisend	1,000ste	duisendste
1,500	eenduisend	1,500ste	eenduisend
	vyfhonderd		vyfhonderdste
1,000,000	miljoen	1,000,000ste	miljoenste

It will be observed that where in Afrikaans numerals are joined by "en," hyphens must be used, *e.g.* drie-en-twintig, ag-en-veertig, neën-en-neëntig; but where units are used in front of numbers as *multipliers* the words are joined together without the hyphen, *e.g.* eenhonderd, sesduisend, agmiljoen.

Notice the form and spelling in the following cases:—

vier (4)	veertien (14)	veertig (40)
ag (agt) (8)	agtien (18)	tagtig (taggentig) (80)
nege (neë) (9)	neëntien	neëntig
	(negentien) (19)	(negentig) (90)
	negen-en-twintig (29)	

The words in brackets are the less common forms.

Fractions are written as follows:—

FRACTIONS.

$\frac{1}{2}$	een-halwe
$\frac{1}{4}$	een-kwart
$\frac{3}{4}$	drie-kwart
$\frac{1}{8}$	een-agste
$\frac{3}{8}$	drie-agstes
$\frac{4}{25}$	vier vyf-en-twintigstes.

DATES.

Ordinal numbers are used for dates (as in English) if the word **die** is used—otherwise the cardinal numbers must be used, thus

die derde Oktober (die 3de Oktober) or
drie Oktober (3 Oktober)
die vyf-en-twintigste Junie (die 25ste Junie) or
vyf-en-twintig Junie (25 Junie)

Examples:

Ek het u brief van die 5de Maart ontvang, or
Ek het u brief van 5 Maart ontvang.

Notice the following terms:—

deser (des.) = instant (inst.) of this month
e.g. die 23ste des. (or 23 des.)
the 23rd inst.

laaslede (1.1.) = ultimo (ult.), of last month

e.g. die 12de 1.l. (or 12 1.l.)
the 12th ult.

aanstaande (a.s.) **maand** or

eerskommende (e.k.) **maand** = proximo (prox.), of next month

e.g. die 8ste van a.s. (e.k.) maand,
the 8th prox.

Examples :—

Met betrekking tot u brief van die 3de des.... or
Met betrekking tot u brief van 3 des....

In antwoord op u brief van die 27ste 1.l.... or

Met betrekking tot u van brief van 27 1.l.

Ons verwag 'n nuwe voorraad per die s.s. „Arundel Castle“ wat op die 20ste van a.s. (or e.k.) maand aankom.

We expect a new stock by the "Arundel Castle"
which arrives on the 20th prox.

If the year is *written* at length, it is written thus :

1928 neëntienhonderd ag-en-twintig, or
eenduisend negehonderd ag-en-twintig.

A.D. (anno Domini) = **n.C.** (na Christus)

B.C. (before Christ) = **v.C.** (voor Christus)

TIMES OF DAY.

In Afrikaans the time of day is translated as follows :

eenuur one o'clock

vyfuur five o'clock

nege-uur nine o'clock

These times are written as one word. If disjoined, the words express a different meaning, thus

elfuur = eleven o'clock (time when)

elf uur = eleven hours (time how long).

Similarly—

agtuur eight o'clock.

ag(t) uur means eight hours.

halftwee half past **one**.

halfvier half past **three**.

kwart oor een a quarter past one

kwart voor een a quarter to one.

vyf minute voor een five minutes to one
 tien minute oor een ten minutes past one.
 a.m. = v.m. (voormiddag)
 p.m. = n.m. (na middag).

Notice the following :

My watch is five minutes **fast**.
 My horlosie is vyf minute **voor**.
 My watch is ten minutes **slow**.
 My horlosie is tien minute **agter**.
 This clock **gains** two minutes a day.
 Hierdie klok **wen** twee minute per dag.
 This clock **loses** four minutes a day.
 Hierdie klok **verloor** vier minute per dag.

RULERS.

When titles are written at length, or are used in speaking, the ordinal numbers are used to denote the order of succession of Rulers (as in English),

e.g. George V. Georg die Vyfde (Georg V.)
 Edward VII. Eduard die Sewende (Eduard VII.)
 Henry I. Hendrik die Eerste (Hendrik I.)
 Leo XIII. Leo die Dertiende (Leo XIII.)

ADVERBS OF NUMBER.

once	eenmaal	eenkeer
twice	tweemaal	tweekeer
three times	driemaal	driekeer
four times	viermaal	vierkeer, and so on.

These forms may be used indiscriminately.
 Die bevolking van Londen is meer as *viermaal* so groot as die blanke bevolking van die hele Unie van Suid-Afrika.

“ Time ” The word “ time ” in the sense of number of times must be translated by **maal** or **keer**.
 “ Time,” relating to “ space of time ” is always **tyd**.

e.g. Dis **tyd** vir jou om na bed te gaan. Ek het jou al **driekeer** gewaarsku. Loop nou dadelik.
 Sal u vir my **tyd** gee om my rekening te betaal ?
 Saterdag het ek Tafelberg vir die eerste **maal** gesien.

INDEFINITE NUMERAL ADJECTIVES.

baie much, many.
veel and **veels** are used in the expressions
te veel too much (many)
veels te veel far too much

Similarly :—

veels te kort
veels te lank
etc.

veels geluk hearty congratulations.

weinig} few
min

'n paar a few, some

e.g. Gee vir my **'n paar** appels.
Ek het **'n paar** briewe geskryf.

party} some. **Party** is more frequently used.
sommige

e.g. **Party** (or sommige) mense is baie gelukkig.

party.....ander = some.....others.

enige any, some

e.g. **Enige** ('n paar) weke gelede het ek aan u 'n brief gestuur.

In the written form **enige** would be preferred, but colloquially **'n paar** weke gelede would be more common.

geen no, none

geen is an adjective, and cannot stand alone, that is, it can only be used to qualify a noun. It must always be followed by **nie**.

etlike} several.
verskeie

elke each, every.

al} all.
(almal)

al already.

Note.—**al** die mense or alle mense = **almal**.

al die dinge or alle dinge = **alles**.

See also Les 8, Note 3.

laaste last (in point of order)

jongste last (in the sense of "latest")

e.g. Hy is die **laaste** in sy klas.

Die **laaste** dag van die ou jaar.

Die **jongste** uitgawe van sy boek.

In antwoord op u **jongste** brief....

bietjie **bietjie** is extensively used in Afrikaans, meaning

"a little, few, a small quantity". It is also used in a qualifying sense meaning "somewhat," or "rather," and also sometimes has an extenuating or apologetic sense.

e.g. Wag **'n bietjie**.

Wait a bit.

Ek wil 'n **bietjie** botter hê.
I want a little butter.

Vandag is dit 'n **bietjie** koud.
It is rather cold to-day.

Sal jy vir my 'n **bietjie** sê hoe laat dit is ?
Would you mind telling me the time ?

Hy sal 'n **bietjie** by ons kom kuier.
He is coming to stay with us for a time.

Sy hare is 'n **bietjie** rooi.
He has reddish hair.

Again, in the case of the indefinite numeral adjectives "some," "any," etc., the student must avoid a too literal translation. In many cases where these words are used in English, they are omitted entirely in Afrikaans. The following examples will illustrate the point more clearly :—

Do you want any butter to-day ? No, thank you,
I have some.

Wil jy vandag botter hê ? Nee, dankie, ek het genoeg.
Are there any shops in your town ? Yes, there are a few.
Is daar winkels in u dorp ? Ja, daar is 'n paar.

I went to town this morning to buy some fowls, but
there weren't any in the market.

Ek het vanmôre dorp toe gegaan om hoenders te koop,
maar daar was geen hoenders op die mark nie.

May I have some paper, mother ? I must write some
letters to-night. Isn't there any on the writing table ?
Mag ek papier hê, Moeder ? Ek moet vanaand nog
briewe skrywe. Is daar nie papier op die skryftafel
nie ?

You may have some jam if there is any on the shelf.
Jy mag konfyt kry as daar nog op die rak is.

There isn't any sugar. Shall I order some ?
Daar is nie suiker nie. Sal ek bestel ?

Have you any money in your pocket ? I have a pound
note, but I haven't any silver.
Het jy miskien geld in jou sak ? Ek het 'n pondnoot,
maar ek het geen silwergeld nie.

Oefening 17a.

Skryf die volgende voluit in Afrikaans :—

9, 12, 14, 17, 18, 19, 23, 31, 33, 38, 42, 46, 57, 64, 75,
86, 99, 128, 301, 436, 505, 1,001, 1,569, 1,815, 9,648
10,747, 153,121.

2nd January, 1927,
 5th November, 1901,
 4th March, 1837,
 9th April, 1895,
 4th July, 1793.
 5th August, 1886.

Oefening 17b.

Lees hardop, en vertaal :—

1. Die Groot Oorlog het op die 4de Augustus 1914 begin, en het op die 11de November 1918 geëindig. Die Oorlog het dus omtrent $4\frac{1}{2}$ jaar geduur.

period ; stress.

2. In 1820, gedurende die *tydperk* van *spanning* wat die Napoleontiese oorloë gevolg het, het ongeveer 3,500 setlaars van al die dele van Groot-Brittanje na Suid-Afrika *getrek*.

migrated.

3. Hulle het op die *dorre* kus van Algoabaaï geland, Port Elizabeth gestig, en die oostelike distrikte van die Kaap gekoloniseer wat toe deur wrede Kafferstamme bewoon was. Die 1820 setlaars en *afstammelinge* word geskat op 150,000, en hulle het 'n vername rol in die *ontwikkeling* van Suid-Afrika gespeel.

barren.

tribes.

descendants.

development.

4. Jan van Riebeeck, 'n kommandeur in die diens van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie, het aan die kus van Tafelbaai in die jaar 1652 geland.

reigned.

5. Koningin Victoria het op die 22ste Januarie 1901 gesterf, na sy vir meer as 63 jaar *regeer* het.

most famous ;
 [battles.
 took place.

6. Twee van die *beroemdste veldslae* in die geskiedenis van die wêreld is *gelewer* in die vroeë jare van die 19de eeu—die Slag van Trafalgar op die 21ste Oktober 1805, en die Slag van Waterloo op die 18de Junie 1815.

United States.
 celebrated.
 commemorates.

7. Onafhanklikheidsdag word in die *Verenigde State* van Amerika elke jaar op 4 Julie *gevier*. Hierdie dag *herdenk* die Verklaring van Onafhanklikheid in Amerika op die 4de Julie 1776.

United States.
 celebrated.
 commemorates.

8. Die dag waarop *wapenstilstand* verklaar is word elke jaar herdenk op die 11de November om elfuur deur 'n stilte van twee minute. Hierdie uur op die elfde dag van die elfde maand in die jaar 1918 het die Groot Oorlog geëindig.

United States.
 celebrated.
 commemorates.

9. Elke môre begin ons ons werk om kwart voor nege. Kwart voor een het ons 'n *pouse* van 'n uur en ons *hou* elke dag teen 5.30 n.m. *op* behalwe Saterdae, wanneer die kantoor om twaalfuur sluit.

United States.
 celebrated.
 commemorates.

leaves.

disappointed ;
results.
failed.
pass.repair.
altogether.pleasure ;
correct.
size.
quickly.

cake.

10. Sal jy my mōre om vyf minute voor elf op die Spoorwegstasie ontmoet ? Ons trein *vertrek* twee minute oor elf. As ons dié trein nie haal nie, is daar nie 'n ander een voor 4.10 in die middag nie.

Oefening 17c.

Vertaal :—

1. Sommige mense is soos die Bourbons van Frankryk : hulle leer niks en hulle vergeet niks.

2. Ons was 'n bietjie *teleurgesteld* met die eksamenuitslae. Party van ons beste leerlinge het *gedruip* hoewel ander vir wie ons die minste hoop gehad het om te *slaag* suksesvol was.

3. Ek sal my horlosie moet laat *regmaak*. Party dae verloor dit tien minute, terwyl dit ander dae *heeltemal* staan.

4. As daar van u is wat 'n paar minute kan wag om twaalfuur, en wat wens om na die klas agter te bly, sal ek met *genoëë* u oefeninge *nagaan*.

5. Daar is maar min stede in die wêreld wat in *grootte* so *vinnig* uitgebrei het as Johannesburg.

6. Verskeie kandidate skryf hulle eksamens op die 29ste November, hoewel party van hulle nie die minste hoop het om te *slaag* nie.

7. Ek wil 'n bietjie *koek* hê vir ete vandag. Ek kon vanmōre geen koek van die bakker kry nie. Sal jy koek van die stad af bring ?

8. Elkeen sê dat sy jongste boek die beste boek is wat hy ooit geskrywe het.

9. Ek het jou seun 'n paar dae gelede by dié bioskoop gesien. Hy gaan veels te veel daarnatoe. Hy is nog 'n bietjie jonk, is hy nie ?

10. Daar is nog appels aan die bome in die tuin. Wil jy graag vir jou moeder 'n paar saamneem ?

Oefening 17d.

(a) Gee (in kolomme) die Engelse ekwivalent, die meer-voud en verkleinwoord van :—

Man, bedrag, vraag, vraag, maat (2), hemp, weg, massa, indiwidu, dief, hoera, wieg.

(b) Gee die betekenis en trappe van vergelyking van :—
Breed, wreed, lank, bang, woes, vas, los, rof, moeg, droog.

Oefening 17e.

Beantwoord in goeie volsinne :—

1. Van hoe laat tot wanneer is u soggens op kantoor ?
2. Hou u baie van vrugte ? Waarom ?
3. Het u al ooit 'n seereis onderneem ?
4. Waar sou u die graagste wil woon ?
5. Waarmee skryf u gewoonlik ?
6. Waarom hou u baie van Sondag ?
7. 'n Telefoon is baie nuttig—waarvoor ?
8. Wat is die name van die vier jaargetye ?
9. Wat is die name van die dae van die week ?
10. Wat is die name van die maande van die jaar ?

LEESOEFENING.

'N SPOOKSTORIE.

Toe ek omtrent sestien jaar oud was, het vader my een aand teen sononder na 'n sekere mnr. Van Heerden gestuur om sekels te gaan *leen*. Ek sou die aand daar bly en die volgendeoggend teen hanekraai weer terugkom, maar *wat my dié nag daar wedervaar het*, laat my nog *gril* as ek daaraan dink. Alles het my vreemd *voorgekom*, hoewel ek nie veel notisie daarvan geneem het nie. Nou dat ek kalm oor die saak kan dink, kom ek tot die *gevolgtrekking* dat alles spookagtig geword het van ek by die hek van mnr. Van Heerden gekom het; maar laat ek nou liewers vertel wat daar gebeur het.

Toe ons aankom na die hek toe, het Weeskind sy ore rondgegooi en daardeur te kenne gegee dat hy onrustig was. Daarby was hy *taamlik* onwillig om aan te gaan. Na ons die hek deur was, kon ek aan sy ore *bespeur* dat hy nog nie tevrede was nie, en hy het dan ook aldeur saggies gesnork deur die een neusgat. *Hoe* nader ons na die huis toe kom, *hoe* onrustiger het hy—en ek—geword, en *hoe* harder het hy gesnork.

'n Doodse stilte het oor die *werf geheers*. Daar was *nie eens* 'n hond wat geblaf het nie, en toe ek afklim het Weeskind gestaan en *bewe*. Ek het aan die voordeur geklop, en na 'n rukkie het die deur oopgegaan. Voor my staan 'n man met lang bruin baard en 'n kers in die een hand. Sy gesig het my vreemd voorgekom en by nader *ondersoek* sou ek sien dat sy linkeroog 'n halfduim laer was as die ander een. Na hy *verneem* het wat ek wou hê, het ons Weeskind in die stal gaan sit. Daar het dit *gewemel van langstertmuise* en jy kon *gedurig* hoor hoe hulle op die muurplaat rondhol en hulle sterte teen die sink slaan.

borrow.
crow.
what I
experienced.
shudder.
appeared.
conclusion.

fairly.
notice.
hoe hoe. =
the the.

farmyard.
ruled; not even
shiver.
investigation.
heard.
teemed with.
continually
run,

astonishment.
discover.
about.
lit.

writing ;
decipher.
decided.

accompanied by
moaning.
on end.
restrain ;
slightly.

suddenly
remembered.

suddenly.
inspiring.
time ; courage.
mysterious.
drag.

aware.

phantom ;
[fixed.

stupid.

deliver, give.
simply.
farmyard.

recognise.
dig.

Mnr. Van Heerden het my gesê dat sy vrou al in die bed was en dat ek in die buitekamer moes slaap. Tot my *verbasing*, en om my verder bang te maak, *ontdek* ek dat dit 'n los kamertjie was *sowat* vyftig tree van die huis af. Die oom het vir my die kers *opgesteek* en na ons mekaar goeienag gesê het, het hy teruggestap huis toe. Daar was net een bed in die kamertjie met 'n kissie voor die bed waarop twee groot boeke gelê het. Ek het in die bed geklim, een van die boeke opgeneem en die snaakse ou Hollandse *skrif* probeer *uitsyfer*. Na 'n rukkie het ek die boek neergelê, die kers doodgeblaas en my *voorgeneem* om dadelik te slaap.

Skaars was die kers dood of daar hoor ek drie kloppe aan die deur, *vergesel van* 'n sagte *kreuning*. My hare het *penorent* gestaan, maar ek *bedwing* my vrees so *effens* en dink dat die oom my nog iets wou vertel, en so kry ek dit dan ook reg om te sê : „Kom binne !“ Niks gebeur nie, en ek was net van plan om kers op te stek toe dit my *plotseling te binne skiet* dat my vuurhoutjies in my baadjiesak was, en dié hang agter die deur !

Nou kan ek voel dat die angssweet my begin afloop en *meteens* kom daar weer die kloppe en die vrees-*aanjaende* kreuning. Dié keer het ek nie die *moed* gehad om iets te sê nie en ek het gevoel dat 'n *geheimsinige* krag my uit die bed wou *uitsleep* deur toe. Hierteen het ek geveg, maar toe die kloppe en kreuning vir die derde maal kom, word ek *bewus* van die feit dat ek stadig uit die bed klim en deur toe stap. Ek staan by die deur en my regterhand gaan knop toe. Ek veg daarteen, maar toe ek my weer kom kry, is die deur oop, en daar voor my staan 'n spierwit wolhaarding sonder kop. Waar sy kop moes wees, sit twee glinsterende ogies naby mekaar.

Stadigaan retireer ek bedwaarts met my oë op die wit *gedaante gevestig*, maar die distansie tussen ons vermeerder nie, want hy kom net so stadig aan as wat ek agteruitgaan. Toe ek in die bed lê, staan die wit *gedaante* voor my. „Weet jy wie ek is ?“ vra die ding my, en omdat ek nou *onnozel* geskrik is, sê ek maar : „Nee.“ „Ek is die eienaar van die plaas en hulle het my hier in dié kamer vermoor,“ gaan hy voort, „nou het ek nog 'n blik geld wat jy aan my vrou moet *besorg*. Volg my.“ Hy draai om en ek stap agterna. Ek voel *envoudig* dat ek moet gaan.

By die deur uit, dertig tree oor die *werf* en toe die rantjie af. Hy gly na onder en ek sukkel oor die klippe. Toe ek onder kom staan hy al daar. Hy wys my die plek waar die geld begrawe lê. Om die plek weer later te *herken*, begin ek in die ashoop *grawe*, maar so vinnig as ek grond uitgoot, maak hy weer die gaanjie vol. Ek dink toe dat

ek 'n klip sal soek en draai weer om na die rantjie toe.
 Ek sukkel met 'n groot klip en daar druk hy my hand
 teen 'n ander klip vas. Ek voel dat die wit gedaante my
 daar vashou, en ek skree om los te kom
 „Nefie,” sê die oom, terwyl hy my hand druk, „nou
 moet jy opstaan of anders kom jy laat.”

else.

TOETS VIER.

1. Skryf 'n opstel van ongeveer 20 reëls oor een van die volgende onderwerpe :—

- (a) 'n Uitstappie.
- (b) Oestyd op 'n plaas.
- (c) 'n Sirkus.
- (d) 'n Reis met die boot. (30)

2. Gee die teenoorgestelde (opposite) van :—

- (1) Dis 'n *haë* gebou.
- (2) Die kamer is *baie nou*.
- (3) Die koffie is *sterk*.
- (4) Die olifant is *sterk*.
- (5) Die horlosie is *voor*.
- (6) Dis 'n *heel* horlosie.
- (7) Daardie man is *arm*.
- (8) Hy is 'n *goeie* tennisspeler.
- (9) Dis vandag baie *warm*.
- (10) Vind u die vraag regtig *maklik*? (5)

3. (a) Gee die vroulike vorm van :—

Lektor, wewenaar, orrelis, sanger, swaer, pianis,
 eendmannetjie, wolf, bul, ram. (5)

(b) Gee die verkleinwoorde van :—

Voël, vel, trem, veer, mol, rot, woning, spens,
 vreemdeling, paal, soom, gogga, pad, saag, slag. (7)

4. Skryf voluit in Afrikaans :—

444 ; 8,888 ; 9,999,000 ; 1928 ; $\frac{2}{25}$; 21 $\frac{1}{2}$. (8)

5. Beantwoord in goeie volsinne :—

- (1) Hoeveel broers en susters het u ?
- (2) Wat noem u u pa se broer ?
- (3) Hou u van pere ?
- (4) Het u al u nuwe huis gebou ?
- (5) Het u al die portrette in die eetkamer opgehang ?
- (6) Wanneer gaan u om u suster te help ?
- (7) Het u al by die vereniging aangesluit ?
- (8) Kry u elke jaar 'n verhoging van salaris ?
- (9) Is die dak van u huis van panne ?
- (10) Is u huis met elektriese lig verlig ? (10)

6. (a) Gee die betekenis en die meervoud van :—
 Maat, mat, bos, nes, knie, leeu eeu, vergadering, parlement, massa, hoera, seën, bevel, kalf, gemoed, grief, stof, hof, wieg, reg.

(b) Gee die trappe van vergelyking van :—
 Hoog, moeg, droog, laag, vroeg, lig, vas, los, tevrede, kwaad, kwaai, stokoud, oud, dood, goed, glad, wyd, ru, dwaas, nuut. (20)

7. Vertaal in Afrikaans :—

- (1) I cannot pay you the money till the end of the month.
- (2) I am going to Wellington to-morrow, but we shall meet each other again in Cape Town next June.
- (3) The watch I lost was bigger than the one you gave me. It was almost as big as yours.
- (4) If you are writing to your uncle, tell him that I am sending him a case of oranges by train to-day. It will be at the station at five o'clock this afternoon.
- (5) Have you sent a copy of this book to your friend, or have you already recommended one to him ?

(10)

8. Die volgende selfstandige naamwoorde het elk twee meervoude, met verskillende betekenis ; gebruik dié meervoude in kort sinnetjies :—

Gas, rug, las, gif, saal. (5)

LEESOEFENING.

DIE KINDERS SE SPEELPLEK.

confined.
 dull; pale.
 importance.
 development.
 fully.

bicycles.
 anxiety.
 by accident.

Sodra kindertjies heeldag in 'n kamer *vasgekeer* word, waar daar te min vars lug en sonskyn is, word hulle *lusteloos* en *bleek*, want die ope lug is van die grootste *belang* vir die groei en *ontwikkeling* van 'n kind. Elke kind behoort ten minste vyf uur 'n dag buite in die son rond te speel, en as hulle nog nie kan rondspeel nie, dan moet hulle bedjies, en later hulle speelgronde, so neergesit word dat hulle *ten volle* kan geniet van die strale van die son.

In stede is dit altyd die groot moeilikheid : daar is geen plek vir die kinders om te speel nie. Waar hulle op die plaas vry kan rondhardloop sonder om deur motors en *fietse* omgery te word, moet die moeder in die dorpe en stede altyd die grootste *angs* uitstaan as haar kind *per ongeluk* in die straat uitgehardloop het.

Dit is die *plig* van *ouers* om 'n plekkie te huur of te koop waar daar 'n *agterplaas* is, en om dit dan so *in te rig* dat dit vir die kinders 'n plesier sal wees om daar te speel. Daarheen kan hulle dan ook hulle maatjies bring, want kinders, net soos grootmense, is die gelukkigste wanneer balle *geselskap* het.

Daar is baie dinge wat gedoen kan word om die speelplek vir die kleingoed *aantreklik* te maak. Watter kind speel nie graag met sand nie! Daar kan dus 'n hoop sand ingery word waar die kleinspan sandkoekies en dammetjies kan maak en waar meer as een kan besig wees. Met hulle grafies spit hulle daarin en gooi dit in hulle emmertjies. Dit *verskaf* baie *genot* aan die kleinstie outjies.

Vir die grotere kinders, wat meer oefening nodig het, kan daar ander *toestelle* gemaak word. 'n Mens kan vir hulle 'n *dwarshout* maak net hoog genoeg sodat hulle *effens* moet spring om daaraan te kan swaai. As die ouers hulle dan leer hoe om van die een kant na die ander te swaai, sal hulle baie goeie oefeninge vir die arms en bolyf kry. Ook 'n *wipplank* is altyd 'n *bron* van genot vir kinders. Daar is altyd 'n heerlike geskree en gelag waar 'n paar van hulle besig is om op die wipplank op en af te gaan.

Kinders word baie gou moeg vir dieselfde ding; dus moet ouers altyd 'n *plan* beraam dat hulle van een ding na die ander kan gaan. As hulle glad nie meer van iets gebruik maak nie, dan is dit 'n goeie plan om dit vir 'n *hele tyd* weg te neem, en dit sal gevind word dat hulle na 'n tyd weer daarin plesier sal skep.

Daar moet ook spesiale *aandag gewy* word aan die kleertjies wat hulle moet aantrek terwyl hulle speel. In die winter moet hulle lekker warm aantrek wees, maar tog nie so dat dit hulle *beweginge strem* nie; en in die somer so min klere as moontlik, sodat hulle liggampies die strale van die son kan geniet. Taamlike wye *broekies* met bandjies oor die skouers sal mooi lyk, en dit sal hulle vry laat in hulle bewegings. *Terselfdertyd* is 'n groot deel van die lyfie *kaal*.

Alle kinders verstaan nie die *kuns* om te speel nie, en ouers, wat die *geaardheid* en ontwikkeling van hulle kinders op die hart dra, sal alles doen om hulle kinders in *spele* te laat belang stel, om op dié *wyse* die gesondheid en *vooruiging* van die nasie te *beforder*.

duty ; parents.
backyard.
inrig = fit out.

company.
attractive.

provides;
enjoyment.

appliances.
cross bar.
slightly.

see-saw.
source.

make a plan.
quite a time.

attention.
devoted.

actions.
retard.

trousers.

at the same
naked. [time.

art.
nature.
games.
manner.
progress.
promote.

IDIOME EN SPREEKWOORDE.

IDIOOM OF SPREEKWOORD.	AFRIKAANSE VERKLARING.	ENGELSE IDIOOM OF VERKLARING.
Die aap is uit die mou.	Die geheim het uitgekom.	The secret has been revealed.
Agteros kom ook in die kraal.	Selfs stadige mense bereik hul doel.	Even slow ones get there ultimately.
Asem ophou.	Vrees vir die uitslag.	To hold one's breath.
Die bal misslaan.	Jou vergis.	To be mistaken.
Op sy bas kry.	'n Pak slae kry.	To get a hiding.
Tussen die boom en die bas wees.	Nòg die een nòg die ander wees.	To be neither fish nor flesh.
'n Blok aan die been hê.	Gebonde wees.	To be handicapped.
Beenaf wees op iemand.	Verlief wees op iemand.	To be in love with somebody.
Bene dra.	Weghardloop.	To run away.
Beloofte maak skuld.	'n Mens moet jou beloftes nakom.	Promises involve obligations.
'n Blom maak.	Baie goed doen.	To do very well.
Soos 'n boek (advokaat) praat.	Glad praat.	To have the gift of the gab.
'n Bok skiet.	'n Flater maak.	To make a <i>faux pas</i> .
Boontjie kry sy loontjie.	Vroeër of later kry elkeen sy beloning.	Sooner or later evil brings its own punishment.
In die bottel kyk.	Sterk drank gebruik.	To drink.
Broekskeur gaan.	Baie swaar gaan.	To accomplish with difficulty.
Mooi broodjies bak.	Soebat.	To plead.
Tot by oom Daantjie in die kalwerhok.	Tot op die uiterste.	To the furthest extreme.
Dapper en stapper gebruik.	Voetslaan.	To walk.
Doekies omdraai.	Die waarheid wegsteek.	To disguise the truth.
Die een se dood is die ander se brood.	Die een se nadeel is die ander se voordeel.	One man's poison is another man's food.
'n Doring in die vlees wees.	'n Gedurige hindernis wees.	To be a constant source of irritation.
Dronkslaan.	Onverstaanbaar wees.	To puzzle completely.
Duim vashou.	Iemand ondersteun.	To hold thumbs.
'n Halwe eier is beter as 'n leë dop.	Iets is beter as nikks.	Half a loaf is better than no bread.

IDIOM OF SPREEKWOORD.	AFRIKAANSE VERKLARING.	ENGELSE IDIOOM OF VERKLARING.
Ter elfder ure.	Op die laaste oomblik.	At the eleventh hour
Elmboog lig.	Sterk drank gebruik.	To drink.
Erfgeld is swerfgeld.	Erfgeld word gou uit- gegee.	Easy come, easy go.
Vol fiemies wees.	Aanstellerig wees.	To be full of whims.
Alle gekheid op 'n stokkie.	Alle grappies opsy.	All joking aside.
Geld wat stom is maak reg wat krom is.	Met geld kan 'n mens alles doen.	Money rules the world.
Daar is 'n slang in die gras.	Daar skuil iets agter.	There's something in the wind.
Die gort is gaan.	Nou is dit klaarpraat.	The fat is in the fire.
Daar sal geen haan na kraai nie.	Daar sal nooit weer van gehoor word nie.	Nothing will be heard of that again.
Hals-oor-kop iets doen.	Haastig iets doen.	To do something hurriedly.
Handgemeen raak.	Met die vuis slaan.	To come to blows.
Wat die hart van vol is, loop die mond van oor.	Die mond verraaai die hart.	The mouth betrays the heart.
Hy is hoenderkop.	Hy is dronk.	He is drunk.
Iets op eie houtjie doen.	Iets sonder raad of hulp doen.	To do something off one's own bat.
Elke huis het sy kruis.	Elke gesin het sy eie geheime moeilikhede.	There is a skeleton in every cupboard.
Jakkals prys sy eie stert.	Hy prys homself.	He praises himself.
Dis bo my vuurmaak- plek.	Ek kan dit nie ver- staan nie.	It is beyond my com- prehension.
Jan Rap en sy maat.	Enigeen.	Dick, Tom and Harry.
Iemand kafloop.	Iemand klop.	To beat someone.
Hy is nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie.	Hy is nie 'n swaap nie.	He is no fool.
Kastaiings uit die vuur haal.	Vir iemand anders die vuil werk doen.	To be made a cat's paw of.
Die kat in die donker knyp.	Iets skelm doen.	To do something on the sly.
Dis klaar met Kees.	Hy kan nie meer nie ; hy is oorwonne.	That finished him ; he is defeated.
Stadig oor die klippe.	Wees versigtig.	Be careful.
Hy het 'n klap van die windmeul.	Hy is gek.	He is mad.

IDIOOM OF SPREEKWOORD.	AFRIKAANSE VERKLARING.	ENGELSE IDIOOM OF VERKLARING.
Ou koeie uit die sloot haal.	Ou moeilikhede weer opgrawe.	To rake out old grievances.
Iemand oor die kole haal.	Iemand kapittel.	To reprove someone.
Kop in een mus wees.	Alles saam doen.	To be firm allies.
Hoe later, hoe kwater.	Hoe langer hoe erger.	The longer it lasts, the worse it becomes.
Ledigheid is die duiwel se oorkussing.	Hoe minder werk, hoe meer kans vir kwaad doen.	The devil finds the idle ones easy prey.
Skoenmaker, hou jou by jou lees.	Bepaal jou by jou eie sake.	Cobbler, stick to your last.
Lepel in die dak steek.	Sterwe.	To die.
Ou liefde roes nie.	Ware liefde sterf nie.	True love cannot die.
Hy is 'n manteldraaier.	Hy skik hom na sy geselskap.	He is a turn-coat.
Hy het sy Moses gekry. Dis mosterd na die maaltyd.	Hy het sy baas gekry. Dis te laat.	He has met his match. It is too late.
Hy steek sy neus orals in.	Hy bemoei hom met ander mense se sake.	He pokes his nose into everything.
Nood breek wet.	In geval van nood bly die wet nie staande nie.	Necessity knows no law.
In die nood leer jy jou vriende ken.	Ware vriende steun jou in jou nood.	A friend in need is a friend indeed.
Noustrop trek.	Swaar kry.	To have a hard time
Oë vol sand skop.	Bedrieg.	To deceive.
Hy eet my ore van my kop af.	Hy eet baie.	He has a big appetite.
Van die os op die esel.	Van een onderwerp skielik oorgaan op 'n ander.	To change the subject of conversation.
Hy is gou op sy perdjie.	Hy word gou kwaad.	He is very short-tempered.
Pêrels voor swyne werp.	Goed doen aan mense wat dit nie op prys stel nie.	To cast pearls before swine.
Hy is platsak.	Hy het geen geld nie.	He is hard up.
Nou sal die poppe dans.	Nou sal die moeilikhede begin.	Now the fat is in the fire.
Iemand in die rede val.	Praat terwyl iemand anderis praat.	To interrupt somebody.

IDIOOM OF SPREEKWOORD.	AFRIKAANSE VERKLARING.	ENGELSE IDIOOM OF VERKLARING.
'n Sak sout met iemand eet.	'n Lang tyd by iemand bly.	To stay with someone for a long time.
Iemand in die sak hê.	Met iemand doen net wat 'n mens wil.	To do what you like with someone.
As die skoen pas, trek hom aan.	As jy skuldig voel, neem dan die woorde ter harte.	If the cap fits, put it on.
Soort soek soort.	Dieselfde soort mense hou bymekaar.	Birds of a feather flock together.
Met spek skiet.	Ordryf.	To exaggerate.
Stokkies draai.	Sonder verlof uit die skool bly.	To play truant.
Hoog in die takke wees.	Dronk wees.	To be drunk.
Sy twak is nat.	Hy kan dit nie doen nie.	That is beyond him.
Hy het nie al sy var- kies nie.	Hy het 'n strepie.	He is not all there.
Lang vingers hê.	Steel.	To steal.
Twee vlieë in een klap slaan.	Twee dinge tegelyker- tyd doen.	To kill two birds with one stone.
Te veel ysters in die vuur hê.	Te veel dinge gelyk aan die gang hê.	To have too many irons in the fire.
Dis water op sy meul.	Dis net soos hy dit wil hê.	It is just what he wants.
Die vyfde wiel aan 'n wa wees.	'n Las wees.	To be a nuisance.
Iemand in die wiele ry.	Iemand dwarsboom.	To thwart someone.
Witvoetjie soek.	Probeer om in die guns te kom.	To curry favour.

AANVULLINGSOEFENINGE—ADDITIONAL EXERCISES.

KLINKERS EN TWEELANKE.

Oefening 1.

Sit in die plek van die strepies **OO** of **O** :—

1. Op my —m se plaas is baie gr—t b—kke. Daar is —k klein b—kkies.
2. Daar staan eenh—nderd b—me by die sl—t.
3. Die s—ldate gebruik gasb—mme in die gr—t —rl—g.
4. Ek het my h—ed op kant—r laat bly en m—es die sl—tte van twee deure —pmaak —m binne te k—m.
5. In my tuin is baie bl—mme, b—ntjies, bl—mk—l, en r—sb—me.

Oefening 2.

Sit in die plek van die strepies **EE** of **E** :—

1. Ek k—n die sp—l nie m—r nie. Dis v—rtien jaar g—l—d— dat —k dit laas g—sp—l h—t. Wat h—t die sp—l tog ?
2. Tw— van my vri—nd— h—t my vir die tw—d— maal —n pond pr—s—nt g—g—.
3. Vi—r w—k— g—l—d— h—t hy sy linkerb—n g—br—k. Dis gelukkig dat altw— sy b—ne nie g—br—k is nie.
4. Die l—lik— katte r—k hull— n—kke om die m—lk uit die b—k—rs t— l—k.
5. Die plaash—k was op tw— pl—kk— g—br—k.

Oefening 3.

Sit in die plek van die strepies **AA** of **A** :—

1. Die mense st—n d—r op die stoep en kyk n— die m—n.
2. D—r is drie sp—nne op die b—ne.
3. Op d—rdie pl—se is groot pl—sse vuil w—ter.
4. Die j—re en m—nde vlieg soos 'n sk—duwee verby.
5. Hierdie j—r s—l ons ons j—rlikse v—k—nsie op 'n pl—sie g—n deurbring, m—r ons weet nog nie op w—tter pl—s nie.

Oefening 4.

Sit in die plek van die strepies **UU** of **U** :—

1. Daar is v—re aan die anderkant van die m—r.
2. Die m—dde koring langs die m—r behoort aan my b—rman.
3. My b—re het 'n motorkar geh—r en was vier —r weg om die nat—rskoon in die omgewing te besien.
4. Jy is gel—kkig om soveel st—kke hout vir jou h—t present te kry.
5. S—rlemoene is n—ttig maar h—lle is nie huis lekker nie.

Oefening 5.

Sit in plek van die strepies **EI** of **Y** :—

1. Die kl—n m—sie l— aan hoofp—n.
2. Die r—k man het sy doel nie ber—k nie. Dit l—k of h— hierdie s—soen 'n ander r—s sal onderneem.
3. Dit bl—k dat die wasgoed nog nie gebl—k is nie.
4. Dit is 'n f—t dat daardie m—sie f—t in haar vinger, het.
5. Met my onlangse tr—nr—s het ek baie r—s geëet.

Oefening 6.

Skryf vyf woorde neer met elkeen van die onderstaande klinkers en tweeklanke :—

AA, A, EE, E, O, UU, U, EI, Y, IE, I, UI, OE.

VOORNAAMWOORDE.**Oefening 1.**

Vul in gepaste persoonlike voornaamwoorde :—

1. Gee hierdie brief vir — moeder en sê — moet dit dadelik lees.
2. Vader sal môre vir — 'n treinstelletjie bring.
3. — het — poppie gebreek en nou is — treurig.
4. Kan — op daardie stoele sit ? Is dit — stoele of moeder — ?
5. — het — das in — kamer laat lê. Mag — dit gaan haal ?
6. — kan gaan as — werk klaar is, maar vergeet nie om by — aan te kom nie.
7. Het — vandag by — ouma geëet of by — tante ?
8. — het nie — eie huis nie, maar — het — gehuur.
9. — dink — kombuis is kleiner as — maar — hou meer van —.
10. — verlang na — ouers ; — is tans in die Transvaal met — jaarlikse vakansie.

Oefening 2.

Gebruik o.s. persoonlike voornaamwoorde in kort sinnetjies :—

Ek ; hy ; ons ; julle ; hulle ; jou ; u ; hom ; my ; haar ; sy ; myne ; syne ; hare ; ons s'n ; julle s'n ; hulle s'n.

Oefening 3.

Vul in gepaste voornaamwoorde :—

1. Ek het — man nog nie ontmoet nie.
2. Ons het vir — meisies lekkers gebring ; — was baie bly.
3. Die seuntjie — daar staan, is — broertjie.
4. Die kind van — ons praat, is in — bed.
5. Die ink — op — tafel staan is —.

6. Wil jy — koop ? Nee, ek wil — nie koop nie.
7. Die man — my gehelp het, is — oom.
8. Ek het baie tyd aan — bestee, maar — het nie geslaag nie.
9. Dit is 'n ou perd — ek gekoop het ; hou — van die perd ?
10. Almal sê daar is — goeds in —.

Oefening 4.

Vul in voornaamwoorde wat pas :—

1. Dit spyt — om — te berig dat ons voorraad uitverkoop is.
2. As die leerlinge — goed voorberei sal hulle — nie hoef te skaam oor die uitslae nie.
3. Verwonder u — oor al die mooi huise hier by — ?
4. — staan — vry om — te vestig waar — my behaag.
5. As 'n mens in — eksamen wil slaag, moet — hard werk.
6. Daardie twee vriende groet —.
7. Hier is die vrou — ons gepraat het.
8. Die berg — ons staan, is hoog.
9. As — dit nie doen nie, — sal dit dan doen ?
10. Die boom — ons altyd sit, word vandag deur — uitgehaal.

Oefening 5.

Skryf o.s. oor met die voornaamwoord tussen hakies in Afrikaans :—

Dit is (theirs). (Our) klere. Die kind (whose) vader hier was. (Which) meisie. Ek sal (him) 'n stukkie koek gee. (Yours) is in die kas. Dit is (my) lemoen, (hers) is op daardie tafel. Aan (whom) sal ek die jas gee ? (They) staan op (our) stoep. Is (those) boeke (mine) ? Nee, ek dink (they) is Piet ('s). (Somebody) het my uitgenooi. Sal (anyone) vir my sê (who) dit is ?

Oefening 6.

Gebruik o.s. in kort sinnetjies :—

Dit ; daardie ; hierdie ; dieselfde ; wie ; wie se ; wat ; niemand ; iemand ; elkeen ; niks ; almal ; iedereen ; 'n mens ; iets ; watter ; wie s'n.

WOORDORDE.

Oefening 1.

Skryf onderstaande sinne oor (a) in die toekomende (future) tyd ; en (b) in die verlede (past) tyd :—

1. Die voël vlieg in die lug.
2. Daar is 'n boom voor my huis.
3. Die perd gaan na die stal.
4. Ek skryf 'n brief aan my oom in die Paarl.
5. Ons huis is in die groot stad.

6. Kinders moet leer om met pen en ink te skrywe.
7. Hy wil nie sy werk behoorlik doen nie.
8. My oom en tante gaan vandag kerk toe.
9. Hy sê dat hy die vrugte mark toe bring.
10. Ons gaan elke dag skool toe en ons kom nooit laat nie.

Oefening 2.

Skryf onderstaande sinne oor (a) in die toekomende tyd en (b) in die verlede tyd :—

1. Ek ken hom nie.
2. Die boer laai sy goed op die stasie oor.
3. Die onderwyser spel die woord vir die kinders voor.
4. Hy wens my geluk met my verjaarsdag.
5. Elke week kry ek 'n brief van my moeder.
6. Die son kom in die ooste op en gaan in die weste onder.
7. Hy beken sy skuld.
8. Die seun word gesraf.
9. Ons betaal nie ons werksmense elke week nie.
10. Daar is nie baie appels aan daardie bome nie.

Oefening 3.

Skryf onderstaande sinnetjies oor met die werkwoord (verb) tussen hakies op die regte plek :—

1. Die nuwe boek baie duur (is).
2. Hulle die kwaai dier (doodmaak).
3. Jy 'n lang brief aan jou moeder (skryf).
4. Hulle stoele en tafels op die vloer (staan).
5. Die lang trein na die stad (sal gaan).
6. Ek die perd van die ou man in die veld (het gesien).
7. Hulle die dag by die see (was).
8. Die winkelier 'n tjek van £10 (uitskryf).
9. Die boer al sy wol aan die winkelier (het verkoop).
10. Die produkte deur die boer (word verkoop).
11. In die aand ons die werk (sal doen).
12. Die seuntjie nie in daardie kamertjie nie (wil slaap).

Oefening 4.

Skryf onderstaande sinne oor, maar begin met die woorde wat swart gedruk is :—

1. Ons speel gewoonlik voetbal **in die winter**.
2. Die tuinier plant 'n roosboom **naby die hek**.
3. Ons sal **na die more-ete** gaan swem.
4. Ons vriende vertrek **aanstaande week** na Pretoria.
5. Ons bediende het **vanmore** twee nuwe borde gebreek.
6. Sy kuier baie graag **by haar vriende in die stad**.

7. Jan doen altyd sy werk **laat in die aand**.
8. Daar word baie druwe **op die mark** verkoop.
9. Hy was **verlede jaar** nie eerste in sy klas nie.
10. Ons het nie baie bokke, skape, perde en beeste **op jou oom se plaas** gesien nie.

Oefening 5.

Skryf onderstaande sinnetjies oor met die werkwoord tussen hakies op die regte plek: —

1. Ek môre weer na u toe (kan kom).
2. Die jong man môre by my oom (kom kuier).
3. Hy al die klanke van die Afrikaanse taal mooi (kan uitspreek).
4. Ek hom spesiaal (sal besoek), as hy tuis (is).
5. Julle die winkelier baie kwaad (sal maak), as julle nie sy prys nie (betaal).
6. My oom hierdie jaar Pretoria toe (sou geloop het), maar hy nie meer nie (sal loop).
7. Op die tafel 'n trossie druwe (lê). Ek dit (mag neem) ?
8. Ek die blomsaad self (het gebring), maar dit nie genoeg nie (was).
9. Dit begrypplik (is), dat die publiek bly (is), omdat die prys van petrol (is verlaag).
10. 'n Brief aan die Generaal (skrywe), en u seker (kan wees), dat hy u alle inligting (sal gee), wat die finansiële sake van die vereniging (betref).

Oefening 6.

Skryf onderstaande sinne oor, maar begin met die woorde wat swart gedruk is: —

1. Daar was **eergisteraand** 'n groot brand in die winkel wat op daardie hoek van die straat is.
2. Daar was eergisteraand 'n groot brand **in die winkel** wat op daardie hoek van die straat is.
3. Die mense laat **onder sulke omstandighede** gewoonlik die brandweer onmiddellik roep.
4. Die mense laat onder sulke omstandighede **gewoonlik** die brandweer onmiddellik roep.
5. Die winkelier het **sonder enige versuim** die brandweer opgebel, maar as gevolg van 'n misverstand, het die brandweer te laat opgedaag.
6. Die brandweer, wat die winkelier sonder enige versuim opgebel het, het **as gevolg van 'n misverstand**, te laat opgedaag.
7. As die winkelier nie hierdie stappe betyds gedoen het nie, sou die **assuransiemaatskappy** nie die skade vergoed het nie.

8. Dit maak nie saak **dat ek solank moes wag nie**, maar jy moet my volgende week tog nie weer teleurstel nie.
9. Daar word deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë **sekere fasiliteite verskaf aan alle leerlinge wat dagklasse aan die Kollege bywoon.**
10. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë verskaf sekere fasiliteite **aan alle leerlinge wat dagklasse aan die Kollege bywoon.**

Oefening 7.

Verbind onderstaande sinnetjies met die voegwoorde tussen hakies :—

1. Sy broer het nie opgedaag nie. Hy het vir ons geskrywe. (alhoewel)
2. Hy het gekom. Die reent het opgehou. (voordat)
3. My vriend was op die vergadering. Hy kon my nie alles vertel nie. (nogtans)
4. Hy het sielk geword. Hy het te veel geëet. (omdat)
5. Hy het in sy eksamen geslaag. Hy het nie baie hard gewerk nie. (al)
6. Daardie man leef in weelde. Hy is baie ryk. (want)
7. Die studente het in die reent gaan berg klim. Ons het hulle gewaarsku. (ofskoon)
8. Daar is nie petrol in die kar nie. Ons kan nie verder gaan nie. (dus)
9. Ek sal jou die gunsie bewys. Jy belowe om saam te gaan. (mits)
10. My ouma was baie oud. Sy kon nie meer loop nie. (aangesien)
11. Ek gaan nie stad toe nie. Dit reent vandag te veel. (derhalwe)
12. Hy was net bly. Hy hoor die orkes speel. (toe)

Oefening 8.

Vul in die regte voegwoord :—

1. Ek sal dit waag — weet ek dat dit onseker is.
2. Die leerling het gedruip — hy het dit nie verdien nie.
3. Ek maak die kar skoon — ek netnou wil ry.
4. Hy leef in weelde — is hy nie baie ryk nie.
5. Sy moeder het hom geslaan ; — huil hy.
6. Ek is arm — ek is gelukkig.
7. Daar is die klip — ons gestaan het.
8. Jy was baie stout ; — sal ek jou nie 'n present gee nie.
9. Die seun het nie gekom — ons hom uitgenooi het nie, — hy was glad te besig om alles in orde te bring — hy sy nuwe werk aanvaar ; — kan ons hom hierdie keer verskoon.
10. — die jag toe is, mag ons nie voëls skiet nie.

Oefening 9.

Voltooi onderstaande sinne :—

1. Waarheen hy gister gegaan het.....
2. Ek weet nie of.....
3. Dis moeilik om te weet.....
4. Hy was siek ; nogtans.....
5. Dit lyk of.....
6. Hy moes bly, deurdat.....
7. Ek verstaan nie waarom.....
8. As ek by jou kom, dan.....
9. Ek sal mōre nie kom nie, tensy.....
10. Die water in die rivier was diep, sodat.....
11. Hy liet skool toe gegaan, ofskoon.....
12. Ek kom jou aanstaande Maandag besoek, indien.....
13. maar hy moet dit doen.
14. Alhoewel....., tog moet.....
15. want hy is 'n man van sy woord.

Oefening 10.

Skryf die volgende sinne oor en vul EEN van die voegwoorde in :
AS, DUS, TOG, DOG, NADAT, WANNEER :—

1. Ek is siek — ek sal gaan.
2. Ek is nie gesond nie — sal ek gaan.
3. Hy sal skool toe gaan — hy oud genoeg is.
4. Die leerling wil nie luister nie ; — sal ek hom moet straf.
5. Jy moet vir my skryf — jy huis kom.
6. Ek het 'n stukkie grond gekoop — ek my huis verkoop het.

Oefening 11.

Skryf onderstaande (o.s.) sinne oor en vul in EEN van die voegwoorde wat pas :—

MITS, SODRA, DAAR, AANGESIEN, HOEWEL, TENSY, MAAR.

1. Die man wou slaap, — die kinders het te veel geraas.
2. Ons sal nie speel, — jy nie teenwoordig is nie.
3. Dis baie aangenaam om met 'n vliegmasjien te reis — dit alles goed gaan.
4. Jy mag gaan jag — die wet dit toelaat.
5. Hulle het nie in hul nuwe huis ingetrek nie, — dit nog te klam was.
6. My seun wil graag 'n motor bestuur, — hy is nog te jonk.

7. — die water so koud is, gaan ek tog swem.
8. — jy nie in jou eksamen geslaag het nie, moet jy weer probeer.
9. — jy gouer maak, sal jy laat kom vir jou trein.
10. — ek by die strand kom, gaan ek swem.

Oefening 12.

Skryf o.s. sinnetjies oor in negatiewe vorm :—

1. Hy spit.
2. Hy spit in die tuin.
3. Hy spit met 'n graaf in die tuin.
4. Klop aan daardie deur.
5. Piet kan 'n voetbal goed skop.
6. Hy durf saans rondloop.
7. Die vrugte aan daardie boom is al ryp.
8. Verlede week het ek twee persele grond gekoop.
9. Ons gaan móre almal kerk toe.
10. Sy verlof is hom toegestaan sonder 'n plaasvervanger.

Oefening 13.

Skryf o.s. sinnetjies oor in negatiewe vorm :—

1. Hy sal wag, totdat sy broer huis toe kom.
2. As jy vir my help, sal ek my werk kan doen.
3. Hy het my belowe dat hy my sal kom besoek.
4. Hulle het verlof gekry; dus kan hulle na die Kruger-wildtuin gaan.
5. Die kalwers, wat ek gister op die vendusie gekoop het, is regtig maar.
6. Die dogtertjie wat jy daar sien, pas die kind op.
7. Die weer het die besoekers baie goed behandel, want dit was mooi weer.
8. Ek weet dat die bestuurder my 'n persoonlike onderhoud sal skenk.
9. Dit sal vir ons gerieflik wees om die lessenaars dadelik af te lewer, want ons het die nodige reëlings al getref.
10. Ons merk in u brief dat u belowe om die uitstaande balans binne dertig dae te vereffien.

Oefening 14.

Beantwoord o.s. vrae almal ontkennd :—

1. Het jy al ooit 'n vyfpondnoot in jou sak gehad ?
2. Het jy al ooit 'n brief gekry van jou vriend wat na Pretoria toe gegaan het ?
3. Is daar vier vensters in u slaapkamer ?
4. Het daardie tafel, wat in die eetkamer staan, vyf pote ?

5. Is jy baie bly omdat jy 'n groot vis gevang het ?
6. Is dit aangenaam om elkeoggend vroeg op te staan ?
7. Is dit gesond om elke aand laat bed toe te gaan ?
8. Het jy my hood èrens gesien ?
9. Het iemand vir jou 'n emmer warm water gebring ?
10. Het jy iets gehoor van die voetbalwedstryd wat Saterdagmiddag afgespeel word ?

Oefening 15.

Verbind o.s. sinne tot samegestelde sinne :—

1. Gert het nie in sy eksamen geslaag nie. Sy vader het dit aan my vertel.
2. Ek sal stad toe gaan. Ek is nie genooi nie.
3. Die mense het die volkslied gesing. Die trein het vertrek.
4. Hy was baie kwaad. Hy het dit gehoor.
5. My suster het nie gekom nie. Ons het haar 'n uitnodiging gestuur.
6. Die moeder sal vir haar kind wag. Sy kom huis.
7. Hy het hard gewerk. Hy het gedruip.
8. Ek sal môre met vakansie gaan. Ek het my verlof gekry.
9. Die messelaar sal met die bou van die huis aangaan. Die reent hou op.
10. Die aansoek is nie oorweeg nie. Die komitee het dit te laat ontvang.

Oefening 16.

Skryf die volgende sinne oor, maar begin met die woorde tussen hakies :—

1. Hy het gister met die trein gekom. (Hy sê dat.....)
2. Hy is skuldig aan diefstal. (Ons glo nie.....)
3. Môre sal ek vroeg op kantoor moet wees. (Ek sê dat.....)
4. Hy mag nooit in sy eie huis rook nie. (Hy het my nie gesê dat.....)
5. Piet het gistermiddag voetbal gespeel. (Dis Piet wat.....)

Oefening 17.

Lees die opstel „Wat Tafelberg kan vertel” (Les Sewe) en beantwoord daarna o.s. vrae in volsinne :—

1. Wie is die gryse ou vader van die Moederstad ?
2. Kan die gryse ou vader praat ?
3. Hoe was alles in die gryse verlede ?
4. Wie was die ou berg se kinders ?
5. Watter diere het hul stemme in die nag laat hoor ?
6. Watter snaakse goeters het later hul verskyning gemaak ?

7. Waarheen het die wilde diere en die Boesmans gevlug ?
8. Wie was dit wat by die witmense gebly het ?
9. Wat sien Tafelberg vandag aan sy voet ?
10. Dink u dat Tafelberg tevreden voel ? Waarom nie ?

Oefening 18.

Lees die opstel „Hoe ek my vakansie deurgebring het” (Les Nege) en beantwoord o.s. vrae in volsinne :—

1. Wie het almal gaan kamp ?
2. Wie is Gertruida en waarvandaan kom sy ?
3. Wie was die jongste van die klomp ?
4. Het Gertruida pragtige blou oë gehad ?
5. Waarom was ons so bly om Piet by ons te hê ?
6. Wat het ons agterop die kar gehad en wat was daarin ?
7. Hoe laat het ons met ons reis begin ?
8. Het dit daardie dag gereent ?
9. Hoe ver moes ons ry om tot by ons kampplek te kom ?
10. Hoe laat het ons op die plaas aangekom ?
11. Wat was dit wat die boer vir ons gebring het ?
12. Het ons almal die eerste dag geniet ?
13. Op watter dag het ons vertrek en hoeveel dae het ons gekamp ?
14. Wat het ons gemaak toe ons op die rotse gesit het ?
15. Wat het vader en moeder gesê toe hul weer huis was ?

Oefening 19.

Skryf o.s. sinne oor in die lydende vorm (Passive Voice) :—

1. Jan lees die koerant.
2. Die kinders skrywe opstelle.
3. Die jong kap die hout.
4. Die timmerman het tafels en stoels gemaak.
5. Ons slagter het nie vanmôre die vleis gebring nie.
6. Die kind sal sy potlood skerp maak.
7. Die afnemer sal 'n portret van die kriketspan neem.
8. Ons het twee tente gehuur.
9. My vader het vir jou geroep.
10. Die winkelier sal die pryse van sy ware verhoog.

Oefening 20.

Gebruik o.s. woorde en sinsnedes in kort sinnetjies :—

(a) Aanstaande ; verkoop ; beantwoord ; winkels ; besoek ; volgende ; skoene ; rekening ; oomblik ; onderneem ; eksamen ; Maandag ; posseël ; verjaarsdag ; nêrens ; tienuur ; vuurhoutjie ; gelukkig ; almal ; toe ; derhalwe ; maar ; dog ; want ; dat ; hoewel ; terwyl ; asof ; indien ; daar.

(b) Daardie huis ; verlede week ; vroeg in die môre ; om tienuur gister ; die eerste kwartaal ; sommige mense ; vakansie deurbring ; hierdie klein meisie ; goedkoop lemoene ; stuur dadelik.

LEESTEKENS.

Oefening 1.

Skryf o.s. stukkie oor en vul die nodige leestekens in :—

’n Ou spreuk sê die man wat twee tale kan praat is dubbel gewapen en daar steek baie waarheid in want elke taal is die sleutel tot die gedagtes van ’n volk en as jy die taal nie ken nie dan kan jy die volk nie verstaan nie.

Oefening 2.

Skryf o.s. stukkie oor met invoeging van die nodige leestekens en skryftekens en met behoorlike indeling in paragrawe :—

die ou kyk vir my in die oe en ek vir hom en ons verstaan mekaar met die kyk ja se die ou en hy lig sy hand op vir stilte regter se ek die kwaaddoener gee vir jou pad sal ek na jou toe kom as dit kwaad is wat ek soek hy glimlag kom hier in my kamer in se hy en julle kan maar gaan ek sal self weet wat om met die man te maak en hy het my ingeneem en die deur toegemaak en ons twee was alleen. (Junior Sertifikaat, 1934.)

Oefening 3.

Skryf o.s. stukkie oor met invoeging van die nodige leestekens en skryftekens en met behoorlike indeling in paragrawe :—

die goewerneur kom binne en vra nors wat makeer waarom kom jy my op so ’n ongeleeu ure lastig val wat is jou naam ek is willem eksellensie en ek kom u ’n guns vra van der stel se kwaai bui sak toe hy die naam van die besoeker hoor en hy se vriendelik so willem ek het jou heeltemal vergeet en nou weet ek al vooraf wat jou versoek sal wees jy wil seker met die ekspedisie saamgaan ja eksellensie dis net daaroor wat ek gekom het. (Junior Sertifikaat, 1933.)

Oefening 4.

Skryf o.s. stukkie oor met invoeging van die nodige lees- en skryftekens en met behoorlike indeling in paragrawe :—

oom se ek en wat vra oom vir die nadelige plaas neef hy kos my tweeduiseend riksdalers soos grondpryse vandag loop sou hy sonder die spook tienduisend wêrd wees betaal my vyfhonderd riksdalers en vat

die plaas top oem ek sal die geld nou vir jou hier op die tafel afgel en jy gee my n koopbriefie maar dit het my darem gehinder dat ek vir hom iets wegsteek en hy vir my niks wegsteek nie net toe hy wou teken se ek wag oom ek gee jou die geleentheid om uit te skei ek sien kans om van die spook ontslae te raak. (Junior Sertifikaat, 1934.)

Oefening 5.

Skryf die o.s. stukkie oor met invoeging van die nodige lees- en skryftekens en met behoorlike indeling in paragrawe :—

is u mev du toit vra hy ja wat wil u he antwoord sy met dowwe stem ek het gekom om u te sien in verband met u seun se hy hy is dood antwoord die vroujie en sy draai haar gesig om en kyk weer deur die venster na buite ek weet se hy maar hoe het u van sy dood verneem ek het hierdie brief van hom gekry antwoord sy en sy tel die brief op wat op haar skoot lees dit self piet het toe die brief opgeneem wat sy aan hom oorhandig en dit ywerig gelees. (Junior Sertifikaat, 1934.)

BYVOEGLIKE NAAMWOORDE.

Oefening 1.

Skryf o.s. sinne oor en vul in een van die byv. naamwoorde tussen hakies :—

1. Die seun het 'n (pragtig, pragtige) das aan.
2. Die seun het 'n (skoon, skone) gesig.
3. Die seun het 'n (skoon, skone) toekoms.
4. Die bokke loop deur (diep, diepe) water.
5. Die kind het 'n (diep, diepe) indruk op sy klasmaats gemaak.
6. Ons ry oor 'n (hard, harde) pad. Die pad is (hard, harde).
7. My boek is nog baie (nuwe, nuut). Dis 'n (nuut, nuwe) boek wat ek het.
8. Die dief het 'n (swaar, sware) straf gekry.
9. Ons het almal 'n (swaar, sware) verkoue opgedoen toe ons in die (koue, koud) weer voetbal gespeel het.
10. Hy maak 'n (flou, floue) ekskuus om te sê dat dit (flou, floue) koffie is.
11. Ons woon in 'n (stil, stille) straat.
12. Ek kan van (ryp, rype) ondervinding praat en ek verseker jou dat daardie vrugte almal (ryp, rype) vrugte is.
13. Daardie diamant is (vals, valse). Dit is dus 'n (vals, valse) diamant.
14. Die diensbode wat ons nou het is (fluks, flukse); hy is 'n (fluks, flukse) diensbode wat (goed, goeie) werk verrig.
15. Hy het my 'n (dom, domme) antwoord gegee. Ek kon nie dink dat hy so 'n (astrant, astrante) kêreltjie was nie.

Oefening 2.

Skryf o.s. sinne oor en gee die regte vorm van die byv. naamwoord tussen hakies :—

1. Daardie (edel) man het 'n (goed) daad gedoen.
2. Ons het (goed) voornemens gehad, maar ons het voor 'n (gesluit) deur gekom.
3. Toe ons op 'n (donker) nag op reis gegaan het, was ons baie (bang).
4. Doen eers hierdie (maklik) oefeninge, want daardie ander is te (moeilik).
5. As die dae (lang) is, gaan ons gewoonlik (lang) ente loop.
6. Dit was 'n (wreed) oorlog, hoewel die mense nie huis (wreed) was nie.
7. Dit was 'n (gulhartig) ontvangs wat ons van die (vriendelik) huisvrou gekry het.
8. Die (waaghalsig) poging wat hy aangewend het, was (vrugteloos). Ek voel oortuig, dat hy nie weer so 'n (vrugteloos) onderneming sal aanvaar nie.
9. In die (donker) nag het die (woedend) golwe die (arm) (hulpeloos) boot 'n (vreeslik) toets laat deurstaan.
10. 'n (Onbekend) man met (skurf) hande het die esel, wat deur 'n (koppig) kind gelei is, 'n (geweldig) skop toegedien.

Oefening

Skryf die regte vorm van die byv. naamwoord tussen hakies en vertaal in Engels :—

1. 'n (aaklig) gebeurtenis.	21. 'n (aangenaam) ondervinding.
2. 'n (aangeneem) kind.	22. 'n (aangetrouw) broer.
3. die (aangeheg) kwitansie.	23. die (aanhouwend) droogte.
4. 'n (afgelek) beentjie.	24. die (afgestof) tafel.
5. 'n (armsalig) vent.	25. 'n (bang) kaffer.
6. 'n (glad) pad.	26. 'n (geel) slang.
7. (geurig) blomme.	27. (droog) hout.
8. 'n (fris) kind.	28. 'n (fris) luggie.
9. 'n (muf) reuk.	29. 'n (lief) hondjie.
10. 'n (moeg) esel.	30. die (vroeg) trein.
11. 'n (bouvallig) huis.	31. (vlytig) leerlinge.
12. 'n (juis) voorstelling.	32. 'n (gerus) gewete.
13. (grof) brood.	33. 'n (geduldig) ventjie.
14. (vlak) water.	34. 'n (beleefd) ou man.
15. die (brutaal) dief.	35. (sorgvuldig) ondersoek.
16. (bloeddorstig) barbare.	36. 'n (eienaardig) voorval.
17. 'n (verlate) huis.	37. die (beloof) land.
18. 'n (duur) plig.	38. 'n (stukkend) piercing.
19. 'n (koel) ontvangs.	39. 'n (wild) beer.
20. 'n (eensaam) weg.	40. 'n (geskik) plaasvervanger.

Oefening 4.

Skryf o.s. oor en gee die teenoorgestelde (opposite) betekenis van die vetgedrukte woorde :—

VOORBEELD: Die man is groot of **klein**.

1. Wat nie **GOED** is nie is.....
2. Appels is **GOEDKOOP** of.....
3. Die lemoen is **SOET** of.....
4. Die koffie is **SOET** of.....
5. Die kind is **EERLIK** of.....
6. Daardie boek is **OUD** of.....
7. Die soldaat is **BANG** of.....
8. Die kind was **TEENWOORDIG** of.....
9. Iets is **REG** of.....
10. Druwe is vanjaar **VOLOP** of.....
11. Die olifant is **STERK** of.....
12. Die tee is **STERK** of.....
13. Die vakansie is **AANGENAAM** of.....
14. Iets is **KORT** of.....
15. Die nagte is **WARM** of.....
16. Hierdie oefening is **MAKLIK** of.....
17. Dit is 'n **SPLINTERNUWE** boek of 'n.....boek.
18. Dit is 'n **KLIPHARDE** kweper of 'n.....kweper.
19. Die grond in die tuin is **KURKDROOG** of.....
20. Ek het vandag 'n **GOUDGEEL** roos in my tuin gepluk.

Oefening 5.

Gee die teenoorgestelde betekenis van die byv. naamwoorde tussen hakies :—

1. (harde) bed.	16. (dun) stok.
2. (beleefde) kind.	17. (mak) perd.
3. (vlytige) leerling.	18. (vol) emmer.
4. (diep) water.	19. (opgeruimde) persoon.
5. (slegte) voorbeeld.	20. (ryp) appels.
6. (teer) gevoel.	21. (suinige) vrou.
7. (donker) vertrek.	22. (dowwe) geluid.
8. (eensame) pad.	23. (eentonige) toespraak.
9. (ernstige) vrou.	24. (seldsame) verskynsel.
10. (nuwe) skoene.	25. (agterstallige) geld.
11. (letterlike) vertaling.	26. (sliordige) skrywer.
12. (nederige) houding.	27. (beroemde) manne.
13. (regte) pad.	28. (hardwerkende) student.
14. (aangename) ondervinding.	29. (flukse) leerlinge.
15. (nat) dag.	30. (lae) boom.

Oefening 6.

Gebruik o.s. in goeie sinne :—

Geslypte, geslepe ;	gebreekte, gebroke ;
gebuigde, geboë ;	opgewende, opgewonde ;
bederfde, bedorwe ;	gespande, gespanne ;
geskepte, geskape ;	teenwoordige, teenswoordige.

Oefening 7.

Gee die trappe van vergelyking asook die Engelse betekenis van o.s. byv. naamwoorde :—

Stil, goed, swak, sag, swaar, lig, laf, groot, vroeg, skoon, mooi, sterk, wit, duur, deftig, bleek, skraal, fluks, lam, snel, woes, nat, kwaai, hees, kwaad, suf, jaloers, traag, donker, teer, nuut, sleg, jong, skatryk, brandarm, grof, vaag, arm, maer, dood, wyd, wreed, moeg, baie, min, droog, na, slu, vry, besope, lelik, tevrede, modern, beskeie, suinig, doodmoeg.

MEERVOUDE.**Oefening 1.**

Skryf o.s. sinne oor en gee die meervoude van die woorde tussen hakies :—

1. Die (seun) dra 'n (mandjie) in (sy) (hand).
2. Die (bad) in (my) (kamer) is vol water.
3. Die (perd) wat (jy) by daardie (dam) sien, het 'n (saal) op (sy) (rug).
4. Die (onderwyser) in die (klaskamer) het 'n (boek) in (sy) (hand).
5. Daar is 'n (bobbejaan) in die (kloof) van (my) (oom) se (plaas).
6. (Ek) het die (bedelaar) wat op die (hoek) van die (straat) staan, 'n (brood) gegee.
7. Die (meid) en die (jong) het die (fles) wat op die (tafel) in die (kombuis) staan stukkend geslaan.
8. Die (visser) het 'n (snoek) gevang en in (sy) (boot) gegooi.
9. (My) (hond) het 'n (haas) opgeja en (ek) het die (haas) met (my) (geweer) doodgeskiet.
10. (Ek) het 'n (makou), 'n (gans), 'n (eend) en 'n (kuiken) op die (mark) in (my) (dorp) verkoop.

Oefening 2.

Skryf o.s. sinne oor en gee die enkelvoude van die woorde tussen hakies :—

1. Die (sekretaris) steek die (papiere) in (hul) (sakke).
2. Daardie (vrouens) se (manne) is (deskundiges) in die tuinbou.

3. Die (diewe) het die (banke) oopgebreek en die geld in die (slote) naby (hul) (tuine) begrawe.
4. Die (kapteins), die (kolonels) en die (korporaals) wat in die (oorloë) geveg het, het na hul huise teruggekeer.
5. By hierdie (geleenthede) bestaan daar (moontlikhede) om met die (winkeliers) sake te doen.
6. Op die (paaie) na die (baaie) het (ons) (blaarie) van die geboorie op die (bevele) van die (predikante) geleer.
7. Die (jongetjies) het (hul) (gevoelens) aan die (nôiens) wat by die (waens) is, openbaar.
8. Die (kalwers) en die (lammers) wat in die (krale) is, behoort aan (ons) (maters).
9. Die (seëninge) word (Sondae) in die (kerke) uitgespreek.
10. Die aantreklike (aanbiedinge) was slegs (bedriërye) aan die kant van die (handelaars) wat gemeen het om groot (winst) te behaal.

Oefening 3.

Skryf o.s. sinne oor en gebruik een van die meervoude tussen hakies :—

1. Daar staan kruise op die (grawe, graftes) van die soldate.
2. Die seuns het die (grawe, graftes) met die (grawe, graftes) gegrave.
3. Die voorperde wou nie deur die (drifte, driwwe) loop nie.
4. Daar is twee (baddens, baaie) in ons huis.
5. Die (badde, baaie) op Aliwal Noord is baie beroemd.
6. Daar is pragtig gekleurde (blare, blaarie) in die leesboek.
7. As die wind waai dan val daar (blare, blaarie) op die grond.
8. In die groot oorloë word (gasse, gaste) gebruik.
9. Ons (gasse, gaste) het baie laat opgedaag.
10. Neem die (goedere, goeters) van die tafel af, sodat ons die (goedere, goeters) wat ons bestel het, daarop kan sit.
11. Die vyf dwase (mae, maagde) het nie genoeg olie gehad nie.
12. Sal jy asseblief die (maats, mate) van my (maats, mate) neem ?
13. Die jongmense het die (sale, saals) op die perde se (rugge, rûens) gesit en oor die (rugge, rûens) gery om in die (sale, saals) te dans.
14. Die (skowwe, skofte) van die osse het seer gekry omdat hulle sulke lang (skowwe, skofte) elke dag moes aflê.
15. Die (laste, lasse) van die toue het gebreek, maar ons het die (laste, lasse) darem baasgeraak.

GESLAG.

Oefening 1.

Skryf o.s. sinne oor en gee (waar moontlik) die vroulike vorme van die selfstandige naamwoorde :—

1. Daardie boer is die enigste broer van my oom.
2. My vader het die seun 'n held genoem, omdat hy die man se lewe gered het.

3. In my tuin het ek vandag 'n haan, 'n kalkoenmannetjie en 'n gansmannetjie.
4. Die assistente in ons skool het die seuntjie van my ma gestraf.
5. Die onderwyser is 'n vriend van my oupa.
6. Die baron het die bedelaar bejammer en hom werk belowe.
7. My neef is 'n goeie werker en die inspekteur het hom 'n goeie rapport gegee.
8. Die leeu het in die kraal van die boer gekom en twee ramme gevang.
9. My eggenoot is aangestel as sekretaris en tesourier van die tennisklub.
10. Die lektor wat eers redakteur van 'n plaaslike blad was, is 'n goeie spreker en skrywer.

Oefening 2.

Skryf o.s. sinne oor en gee (waar moontlik) die manlike vorme van die selfstandige naamwoorde :—

1. Die kleremaakster het die dief betyds betrap.
2. Die hertogin wat 'n Jodin is, het die dogter van die sangeres gered.
3. Die verpleegster in daardie inrigting was vroeër 'n tikster van 'n ervare kleremaakster en koopster.
4. Die leeuwyfie het twee ooie in die kraal van my peettante doodgebyt.
5. Die keiserin woon in haar paleis.
6. Die presidente het die orreliste gevra om 'n solo te speel.
7. My buurvrou het 'n eendwyfie aan die weduwee, wat vroeër 'n digteres was, vir haar verjaarsdag present gegee.
8. Die bruid het haar strooimeisie by die kerkdeur ontmoet.
9. Die meid wat vantevore in diens was by die burgemeestersvrou, werk op die oomblik by my skoonsuster.
10. My stiefmoeder het 'n paar koekies van die bakster bestel.

Oefening 3.

Skryf o.s. sinne oor en verander die geslagte van die selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde wat tussen hakies is :—

1. Die (bedelares) vra vir die (boer) of (hy) weet waar die (bakker) woon.
2. (Broers) het ek nie, maar hierdie (man) se (broer) is my (vader) se (seun). Wie is (hy) ?
3. Die (onderwyser) se (oom) is aangestel as (eksaminator).
4. Die (skryfster) het (haar) (held) die onderspit laat delf.
5. 'n (Vriend) van die (skrywer) het beslag gelê op (sy) werke.
6. Die (jong) het die dief op heterdaad betrapp, toe hy besig was om sy (baas) se (gansmannetjie) te steel.

7. Die (digter) se (buurman) het 'n fout begaan om 'n (tikster) vir (sy) (vrou) se (skoonsuster) aan te stel.
8. Die (spreker) is die (eggenoot) van die (voorsitster).
9. Die (jongetjie) het (homself) beskou as die beste (swemmer) en tot (sy) leedwese moes (hy) uitvind, dat 'n (neef) van die (redakteur) (hom) ver oortref.
10. Die (prinsaal) versoek die (leerling) om die (meisiekinders) met rus te laat.

VERKLEINWOORDE.

Oefening 1.

Skryf o.s. sinne oor en gee die verkleinwoorde van die selfs. naamwoorde tussen hakies :—

1. Die (voëls) sit in die (bome) wat in die (tuine) staan.
2. Die (perd) gaan in die (stal) van my (oom).
3. In ons (huis) skryf die (kinders) met hulle (penne) en (potlode).
4. Die (boer) neem sy (éé) en (ploeë) na die land toe.
5. Op daardie (tak) van die (boom) is maar een (perske).
6. Elke week kry ek 'n (brief) van my (moeder).
7. Die (winkelier) het 'n (tjek) aan die (boer) gestuur.
8. Die (onderwyser) spel die (woorde) vir die (kinders) voor.
9. In daardie (kamer) is vier (vensters).
10. In die (eetkamers) staan 'n (tafel) en ses (stoele) op die pragtige (mat).

Oefening 2.

Skryf o.s. sinne oor en gee die verkleinwoorde van die selfs. naamwoorde tussen hakies :—

1. Die (seun) het 'n (sny) brood in sy (hand).
2. Die (bad) in my (kamer) is nie groot nie.
3. By daardie (dam) staan 'n (perd) met 'n (saal) op sy (rug).
4. In die (klowe) op my (oom) se (plaas) is nog baie (bobbejane).
5. Vir die (bedelaar) wat op die (hoek) van die (straat) staan, het ek 'n (brood) gegee.
6. Die (meid) het die (mes) en die (vürk) wat langs die (fles) op die (tafel) lê met 'n (lat) afgeslaan.
7. Die (vis) wat ons het kom uit die (boot) wat aan daardie (visser) behoort.
8. Die (jagter) het die (haas), die (pou) en die (fisant) met sy eie (geweer) geskiet.
9. Die (kapteins), die (kolonels) en die (korporaals) wat in die (oorloë) geveg het, het in (hotels) gaan bly.
10. My (vriende) het (kalwers) en (lammers) in daardie (hok).

Oefening 3.

Skryf o.s. sinne oor en vervang die verkleinwoorde van die selfs. naamwoorde deur die gewone vorme:—

VOORBEELD: Die mannetjie sit op 'n stoeltjie—Die man sit op 'n stoel.

1. Die rokkie kom uit die skoorsteentjie van my kaggeltjie.
2. Die dogtertjies sit langs die slootjies en lees hul boekies.
3. Die pootjies van die bokkie is vasgemaak met riempies.
4. Die leeutjies het kalfies in die kraaltjies doodgebyt.
5. Die boertjie het makoutjies op die markie verkoop.
6. My seuntjie se duifies is in die hokkie.
7. Die bakstertjie sny vir die kindjie 'n snytjie van die broodjie wat sy in die oöndjie gebak het.
8. Daar rol traantjies oor haar wangetjies want broertjie het haar geslaan.
9. In ons woninkie is appeltjies, piesankies en lemoentjies wat ons nefie vir ons gegee het.
10. Die diakentjie daar in die bankie, dra 'n manelletjie en dassie as hy na die kerkie toe gaan.
11. Die polisie-agentjie het die kaffertjie na die hof geneem.
12. Die skelmpie wat die worsies uit die spensie van die vorsie gesteel het, het die worsies langs die stroompie water naby die voetpaadjie gebraai en het vir sy maatjies ook daarvan gegee.
13. Die tantetjie sit op die balkonnetjie en lees die briefie wat sy van 'n wewenaartjie ontvang het.
14. Langs die wieletjie van die waentjie wat by daardie bossie staan, is 'n giftige slangetjie.
15. Die katjie het die glasie wat op die tafeltjie was, omgespring en nou is daar 'n gaatjie in.

VOORSETSELS.**Oefening 1.**

Skryf o.s. sinne oor en vul gepaste voorsetsels in:—

1. Hulle kla hul nood — hul vriende.
2. Die klerk doen aansoek — verlof.
3. Die duif sit — die tak.
4. Die vrugte hang — die boom.
5. Hy het — die boom geval en — sy rug te lande gekom.
6. Die kind wat — die boom staan, gooi 'n klip — die water.
7. Hy ontferm hom — sy vader en moeder.
8. Gert oortref Jan — kennis.
9. Ons het dit — jou vriend vertel.
10. Ek voorsien hom — warm klere — die winter.

Oefening 2.

Skryf o.s. sinne oor en vul gepaste voorsetsels in :

1. Ek bepaal my aandag — my werk.
2. Ons koop ons groente — die mark — die dorp.
3. Hy versit hom — sy vader.
4. Die sieke dra haar lot — geduld.
5. Die boeke word — die leerlinge verdeel.
6. Die hond lê — die tafel en die kat sit — die mat, terwyl die muise — die vloer hardloop.
7. Hy is vriendelik — my.
8. Dit hang af — my broer of hy die kissie — moeder sal gee.
9. Die geld wat ek — my broer geleent het, het ek — my oom geleent.
10. Die vader skaam hom — die gedrag — sy seun wat hom verset — sy onderwyser — die klas.

Oefening 3.

Skryf o.s. sinne oor en vul gepaste voorsetsels in :—

1. — my sal hy enige iets doen.
2. Beoordeel geen mens — sy uiterlik nie.
3. Die man is altyd nors — my.
4. Kyk — die swart wolke — die lug.
5. Die kinders het — die baai gaan roei.
6. Ek sal jou — die vakansie besoek.
7. Sy speel — die klavier — 'n boek wat ek — haar gegee het.
8. — die klaskamer sit hy — my — dieselfde bank.
9. Hy praat — my.
10. Hy is nie meer — skool nie maar — die universiteit.

Oefening 4.

Vul gepaste voors. in en gebruik dan in goeie volsinne :—

1. Die bul — die horings pak.	11. Hare — jou tandé hê.
2. Dis water — sy meul.	12. Die vyfde wiel — die wa
3. Iemand — die vingers tik.	13. Iemand — die tuin lei.
4. Iemand — stok kry.	14. Die hand — die ploeg slaan.
5. Iemand — 'n lyntjie hou.	15. Die aap kom — die mou.
6. Diep — die bottel kyk.	16. Heuning — sy mond smeer.
7. Gou — sy perdjie wees.	17. Iemand — vier oë kry.
8. Daar sal dadels — kom.	18. Maljan — die hoenders.
9. Iemand — die pad steek	19. Iemand — die rede val.
10. 'n Kat — die sak koop.	20. — die oog — die hart.

Oefening 5.

Vul gepaste voorsetsels in en gebruik daarna in goeie volsinne :—

1. Hy ly.....	11. Dit kom daar nie op.....nie.
2. Dit behoort.....	12. Streef.....
3.my ontwil.	13. Verlang.....
4. Hy lag.....	14.'n jaar.
5. Vandag.....'n week.	15. Ek is onrustig.....jou.
6. Herken.....	16. Al.....die derde dag.
7. Ontferm.....	17. Vertrou.....
8. Trots.....	18.kerende pos.
9. Ten spyte.....	19. Ten gevolge.....
10. Ten behoeve.....	20.harte neem.

Oefening 6.

Gebruik o.s. voorsetsels in flink sinne :—

Aangaande ;	in weerwil van ;	namens ;	ongeveer ;
ondanks ;	sedert ;	teenoor ;	ooreenkomsdig ;
volgens ;	ten behoeve van ;	tydens ;	in stede van
uitgesonder ;	nieteenstaande ;	neffens ;	behalwe ;
agter ;	weens ;	onder ;	tussen.

VERTAALOEFENINGE.**Oefening 1.**

Vertaal in Engels :—

1. Het jy al ooit van hierdie grap gehoor ?
2. Sy het vir ons 'n baie mooi storie vertel.
3. Ten spyte van al sy rykdom is hy nooit tevreden nie.
4. Sy ryk oom het twee plase aan hom gegee.
5. Die dief wat ons goed gesteel het, moet gestraf word.
6. Hy het ontken dat jy hom onderhou.
7. Piet en Jan het in die water gespeel en Piet het Jan se kop onder die water gehou.
8. Ons gaan elke dag skool toe en ons het nog nooit laat gekom nie.
9. Hy het siek geword want hy het glad te veel lekkers geëet.
10. As die wind in die Boland waai, dan reent dit gewoonlik in die Karoo.

Oefening 2.

Vertaal in Engels :—

1. Die stad self is baie goed uitgelê, en is 'n ideale plek vir diegene wat 'n vakansie wil hê.
2. Die hele somer deur is die wortels besig om voedsel vir die boom te vergader. Dit word gedoen deur vogtigheid in te suig.

Die handelsreisiger het die hele reis afgelê sonder om op een enkele stasie oor te stap.

4. Die beampete doen aansoek om verlof weens dringende persoonlike belang.
5. Die derde verdieping bestaan uit die groot oop galery met sierlike pilaartjies.
6. Dit spyt my om te verneem van die swaar verlies wat u gely het.
7. Die naturelle-vraagstuk is vandag interessanter as ooit tevore, en dit hou die aandag van al die Ministers in beslag.
8. Die toestand word nog steeds ernstiger, want die sprinkane het nog nie klaar uitgebroei nie.
9. Die polisie was gister agter die honde aan, maar hoewel hulle die honde op 'n afstand hoor blaf het, kon hulle nie naby die honde kom nie.
10. Dis darem wonderlik hoe die een mens die ander verkeerd kan beoordeel sonder dat jy die kans gehad het om nader kennis met hom te maak.

Oefening 3.

Vertaal in Engels :—

1. Ek wens hiermee aansoek te doen om die betrekking van tikster in u kantoor.
2. Waarde heer, wees so goed en stuur my inligting aangaande die volgende vrae. U by voorbaat dankende, hoogagtend, die uwe.
3. Dit spyt ons om u mee te deel dat ons u bestelling op die oomblik nie kan uitvoer nie.
4. Geliewe ons per kerende pos die wete te gee of ons die goedere moet bestel.
5. Die dokument lê op kantoor van die Registrateur ter insage van die publiek.
6. 'n Groot besending goedere het vandag van oorsee by die dokke aangekom.
7. Ons kan u verseker dat alle bestellings ons onmiddellike aandag sal geniet.
8. Na aanleiding van u advertensie in die „Burger“ van gister, wens ek aansoek te doen om die vakante betrekking in u kantoor.
9. Ek sluit gewaarmerkte afskrifte van my getuigskrifte in.
10. Ingesluit geliewe te vind tsek groot £50 ter vereffening van my rekening wat reeds drie maande agterstallig is.
11. Weens die aanhouende droogte wat ons self deurgemaak het, het ons baie moeite gehad om die geld in te vorder wat deur ons klante aan ons verskuldig is.
12. Met referete tot u brief van 18 deser insluitende bestelling vir goedere ter waarde van £45, wens ons u aandag te vestig op die feit dat ons vir die afgelope drie maande geen betaling van u ontvang het nie, ten spye van die maanbriewe wat ons aan u gestuur het.

Oefening 4.

Vertaal in Engels :—

Suid-Afrika is ryk aan voëlsoorte, en die studie van ons voëls openbaar baie interessante feite. Jammer maar dat so min van ons landgenote dit tot nog toe die moeite wêrd geag het om die voëls te bestudeer. Daar is voëls wat bepaald voordelig is vir die landbouer. Die sprinkaan-voëls verdien hier die meeste lof. Hulle agtervolg die sprinkane net waar hulle hul kry. Die aasvoël behoort ook tot die nuttige voëls, want hy verslind alles wat in die veld doodgaan, en wat stank of siekte kan veroorsaak.

Oefening 5.

Vertaal in Engels :—

As die kind die skool intree, vind hy 'n ordelike, nette, vrolike kamer, goed verlig, goed geventileer, en met 'n atmosfeer van skoonheid en vrolikheid deurgeur. Sy oog word getrek deur die mooi prentjies aan die mure, die pragtige kleure van die blomme in potte op die vensterbanke, vase vol vars blomme hier en daar in die vertrek. 'n Gevoel van die belangrikheid van 'n lid van 'n gemeenskap te wees word in sy klein gesiggy weerspieël. Almal sing vrolik die môrelied, luister na die Bybelstorie, en vrolikheid en gesondheid gee die toon aan alles.

Oefening 6.

Vertaal in Engels :—

Dit is alombekend dat 'n diamant die hardste steen is, en baie mense dink nog dat die grootste hitte geen invloed daarop het nie.

'n Delwer kry eendag 'n diamant, maar hy was nie seker of dit eg was nie. Hy het ook geglo dat 'n gewone steen in die vuur sal bars, maar nie 'n egte diamant nie. Hy het die diamant in 'n groot oond gesit en 'n groot vuur daarin gemaak. Die gevolg was dat die steen aan stukkies gebars het en hy 'n kosbare diamant verloor het.

Op 'n delwery het 'n man 'n fraai stuk kristal gekry. Hy wys dit vir 'n vriend wat meen dat, as dit 'n egte diamant is, dit nikks sou oorkom as dit met 'n groot hamer geslaan word nie. Hulle sit dit versigtig op 'n aambeeld en slaan dit met 'n hamer. 'n Honderd stukkies spat rond. Net toe kom daar 'n diamantkoper verby en hulle wys hom 'n paar van die stukkies. Hy verklaar dat dit 'n egte diamant was, wat omtrent veertig karate moes geweeg het.

Oefening 7.

Vertaal in Afrikaans :—

1. I usually do my homework in the evening.
2. In the schoolroom are two blackboards.
3. The tennis meeting is at the residence of the secretary.
4. I saw a stranger in the street yesterday ; he had his hat in his hand.

5. We have a pretty view of the big city from the high mountain where we are living.
6. The pretty child drinks a small cup of coffee and eats a big cake.
7. My shoes are cheap, but my wife's shoes are rather expensive.
8. We bought a cheap round table at yesterday's sale.
9. Please take this newspaper to my father and tell him that I shall come and see him to-morrow morning.
10. When the beggar receives something he usually thanks us.

Oefening 8.

Vertaal in Afrikaans :—

1. Three weeks ago I bought seven pounds of paint, but I only received four pounds. Kindly forward the remaining three pounds immediately.
2. I cannot give you any money to-day as I have not yet received my cheque.
3. Did you see the silver spoons and knives on the table in the dining-room ? We received them as a wedding present.
4. There are beautiful roses in my garden. The trees are now two years old. The prettiest colours are yellow, red and white.
5. My mother always picks the flowers herself. Sometimes she gives the flowers away to her neighbours, as they have no flowers in their garden.
6. My sitting room is fairly big. The size of the room is twenty feet by sixteen feet. There is a nice fireplace in the room. I use the fireplace in winter when it is very cold.
7. Oranges were quite cheap on the market to-day. We bought fourteen for a shilling.
8. Our neighbours are moving into their new house next Friday. I believe they are keen gardeners.
9. When we stay at the seaside, we generally go for our early morning swim. Then we have our breakfast, and go for a long walk.
10. Father and mother say it is very pleasant to camp, but they do not like the idea of sleeping on the ground. They have decided to go to an hotel next time.
11. I could not remember his name.
12. I should have been able to pay you this month, if I had not been ill.
13. I had to get up early this morning, as I had to meet my uncle at the station.
14. I dare not ask for any more privileges, but will you allow me to overdraw my account to the extent of fifty pounds ?
15. To be able to speak and write Afrikaans properly, one should acquire a good vocabulary.

Oefening 9.

Vertaal die o.s. terme en uitdrukkinge in Afrikaans:—

With reference to ; to grant a request ; to refuse a request ; to investigate matters ; in favour of ; as a result of ; with a view to ; in settlement of ; under separate cover ; after perusal ; our immediate attention ; by return post ; to collect money ; money in arrear ; without delay ; by passenger train ; on account ; on account of ; in the course of time ; to grant a personal interview ; to book seats ; I am directed to state ; quite satisfactory ; enclosed herewith please find ; in respect of.

Oefening 10.

Vertaal o.s. terme en uitdrukkinge in Afrikaans:—

This morning ; yesterday ; the day before yesterday ; thank you ; what is the time ; half past eleven ; a quarter to six ; ten minutes past four ; to catch a train ; to catch a cold ; don't trouble yourself ; to apply ; to take steps ; the hall is well lit ; examination papers ; I beg your pardon ; to make a living ; his chances are good ; on that occasion ; he did not turn up ; he turned out a rogue ; to grow flowers ; the question is difficult ; I do not like it ; in the second line ; I must go and see him.

ALLERLEI.**Oefening 1.**

Skryf o.s. woorde aanmekaar en vertaal in Engels:—

Ploeg + skaar ; hout + kool ; jong + span ; wet + agent ; boer + plaas ; tand + pyn ; kalf + hok ; doring + draad ; duif + hok ; fees + dag ; klip + brug ; kraal + muur ; lam + vanger ; bloed + vergiftiging ; venster + raam ; eier + dop ; werk + goed ; raad + lid ; kind + waentjie ; honger + nood ; boer + seun ; tennis + spelers ; stad + saal ; tabak + rook ; lewe + krag ; lewe + lus ; werk + klere ; kussing + sloop ; lewe + loop ; vrug + boom ; leuning + stoel ; speld + kussing ; dier + tuin ; bruid + koek ; debat + vereniging ; hoek + steen ; lees + stof ; Engels + sprekend ; vee + boerdery ; seuns + skool ; uniwersiteit + lewe.

Oefening 2.

Voltooi o.s. sinne deur toevoeging van 'n selfstandige naamwoord wat aangeleei is van die werkwoord (b.v. Iemand wat lig is 'n leuenaar):—

1. Iemand wat messel is 'n.....
2. Iemand wat bedrieg is 'n.....
3. Iemand wat beoordeel is 'n.....
4. Iemand wat fabriseer is 'n.....

5. Iemand wat dirigeer is 'n.....
6. Iemand wat preek is 'n.....
7. Iemand wat bou is 'n.....
8. Iemand wat funksioneer is 'n.....
9. Iemand wat praktiseer is 'n.....
10. Iemand wat skiet is 'n.....

Oefening 3.

So wat elkeen doen (Voorbeeld—'n Predikant is iemand wat preek):—

'n Kruier ; 'n offisier ; 'n kruidenier ; 'n barbier ;
 'n skolier ; 'n juwelier ; 'n rentenier ; 'n finansier ;
 'n winkelier ; 'n beeldhouer ; 'n kunstenaar ; 'n delwer.

Oefening 4.

Gebruik o.s. woorde in sinne om die verskil in betekenis aan te toon :—

boordjie, boortjie.	verlede, gelede.	rugge, rüens.
maats, mate.	babbel, praat.	werk, bewerk.
saals, sale.	blaarie, blare.	dek, bedek.
tee, tee.	slote, slotte.	bleik, blyk.
end, ent.	skouwe, skofte.	reier, ryer.

Oefening 5.

Verklaar o.s. uitdrukkings :—

1. Hy praat deur sy nek.
2. Die kool is die sous nie werd nie.
3. Hy draai stokkies.
4. Sy is maar kort van draad.
5. Piet het nie al sy varkies in die hok nie.
6. Hy het sy rieme styf geloop.
7. Daar staan jy met jou mond vol tandie.
8. Die outa was weer hoog in die takke.
9. Hy dra sy jare goed.
10. Hy het deur die wingerd geloop.
11. Hy is 'n ou karnallie.
12. Die perd lewe op genadebrood.
13. Hy knyp die kat in die donker.
14. Iemand in die wiele ry.
15. Hy kan nie boe of ba so nie.

Oefening 6.

Gebruik elk van o.s. woorde in 'n kort sin sodat die betekenis duidelik blyk :—

Trek : as selfstandige naamwoord, en as werkwoord.

Dors : as bywoord, en as werkwoord.

Slag : as selfstandige naamwoord, en as werkwoord.

Roem : as selfstandige naamwoord, en as werkwoord.

Pik : as selfstandige naamwoord, en as werkwoord.

Rem : as selfstandige naamwoord, en as werkwoord.

Maal : as selfstandige naamwoord, en as werkwoord.

Oefening 7.

Vertaal o.s. sinne in Afrikaans :—

1. I am anxious to see your brother.
2. Change at Salt River for Newlands.
3. There is a telephone call for you.
4. Leave off teasing her.
5. Have you applied for the vacancy ?
6. I shall put a stop to it.
7. Please remember me to your mother.
8. He passed his standard in the first class.
9. You think you are funny.
10. I am not in a hurry.
11. Please mind your own business.
12. I am very fond of my bedroom.
13. He did it on the sly.
14. He let the cat out of the bag.
15. The meeting was adjourned until further notice.

OPSTELLE.

Oefening 1.

Christo stel 'n valletjie (lays a little trap) in die spens. Hy wil 'n muis vang. Hy gaan slaap. Hy hoor die val afklap en die muis skreeu. Skryf 'n paragraafie van omtrent 6 reëls oor wat verder gebeur het.

Oefening 2.

Dis etenstyd. Die klokkie het gelui om te kom eet. Christo gaan badkamer toe om sy hande te was. Hy merk dat daar nie seep in nie. Die ander mense in die huis het al begin te eet. Vertel in sowat 6 reëls wat verder gebeur het.

Oefening 3.

Die leerling is in die klaskamer. Hy laat die inkpot val. Die ink loop uit op die tafel, op sy boek en op die vloer. Vertel verder wat gebeur het.

Oefening 4.

Twee skoolkinders sit langs mekaar in die klaskamer. Die onderwyser gee diktee. Gert kyk op Jan se boek omdat hy nie sy les goed genoeg geleer het nie. Vertel in twee paragraafies (a) wat die onderwyser gedoen het, en (b) wat toe na skool gebeur het.

Oefening 5.

Twee seuntjies gaan saam winkel toe. Die een seuntjie koop lekkers. Terwyl die winkelier wegkyk, neem die ander seuntjie 'n dosie sjokolade. Die winkelier het dit later vermis. Skryf drie paragrafies en sê (a) waarom die seuntjie die sjokolade gesteel het ; (b) hoe die winkelier dit vermis het, en (c) wat van die seuntjie geword het.

Oefening 6.

Dit was 'n pragtige dag en die son het lekker warm geskyn. 'n Klompie skoolkinders wou graag gaan berg klim. Skryf nou 'n opstelletjie oor „n Uitstappie na die Berg“ en verdeel die paragrawe as volg :—

- (a) Die voorbereiding.
- (b) Plek waar almal mekaar moet ontmoet.
- (c) Hoe dit gevaaar het met die klim van die berg.
- (d) Hoe die dag op die berg deurgebring is.
- (e) Die beskrywing van die terugkoms en hoe almal gevoel het toe hulle huisgekom het.

Oefening 7.

Veronderstel dat daar 'n voetbalwedstryd tussen twee provinsies of skole afgespeel word. Skryf nou 'n opstel as volg :—

- (a) Die bespreking wat plaasvind lank voor die wedstryd.
- (b) Die voorbereiding vir die geleentheid.
- (c) Die opgewondenheid op die dag van die spel.
- (d) Die wending wat die spel geneem het op die groot dag, dit wil sê, die uitslag van die spel, ens.

Oefening 8.

Gee gesikte hofies vir elk van die o.s. onderwerpe :—

1. Riviere.	4. 'n Seereis.	7. Spoorweë.
2. 'n Dag aan die strand.	5. 'n Piekniek.	8. Berge.
3. 'n Donderstorm.	6. My verjaarsdag.	9. Die telefoon.

Oefening 9.

Skryf 'n opstel van omrent 30 reëls oor een van die volgende onderwerpe :—

- (a) Diamante.
- (b) Wol.
- (c) 'n Vakansie by die see.
- (d) Hospitale.

Oefening 10.

Verdere onderwerpe vir opstelle :—

1. Op jag.	16. Oos wes, huis bes.
2. 'n Skipbreuk.	17. Beleefdheid.
3. Eendrag maak mag.	18. Spaarsaamheid.
4. Tweetaligheid.	19. Die poskantoor.
5. Die voor- en nadele van sport.	20. Fabrieke.
6. Koerante.	21. Die keuse van 'n beroep.
7. Wat ek wil word.	22. 'n Storm op see.
8. Eerlikheid duur die langste.	23. Rus roes.
9. Sprinkane.	24. Geldgierigheid.
10. Droogte.	25. Die aanhouer wen.
11. Drome.	26. Tyd is geld.
12. Immigrasie.	27. Biblioteke.
13. Verdwaal.	28. Die radio.
14. Lugvaart.	29. Gesondheid is 'n groot skat.
15. 'n Awontuur.	30. Die invoer en uitvoer van ons land.

First Edition 1930

Fifth Edition (Fourteenth Impression) 1954

